# Liewe Timoteus

## Jy's Geroep tot Diens!

### Oordenkinge oor die Briewe van Paulus aan Timoteus



Louis Nel

# Liewe Timoteus

## Jy's Geroep tot Diens

Oordenkinge oor Paulus se Briewe aan Timoteus

Louis Nel

April 2024

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

Voorwoord

**Deel 1: 1 Timoteus- Geroep tot Diens**

1. Leierskap
2. God se Opdrag
3. Byt Vas!
4. Ware Leierskap
5. Die Here se Opdrag
6. Leef Jou Roeping Uit
7. Hoe Lyk My Gemeente?
8. Maak Soos Die Romeine
9. Diakens en Ouderlinge
10. Die Trein
11. Die Rooi Hoenderhaan
12. Bly Volhard Soos Atlete
13. Stel ‘n Voorbeeld
14. Weduwees
15. Weduwees Wat Kóók
16. Kritiek en Vergoeding
17. Diskriminasie
18. Bybelse Tevredenheid
19. Skatte In Die Hemel

**Deel 2: 2 Timoteus- Hou Moed**

20. Paulus Skryf 'n Testament
21. Laat U Wil Geskied
22. Herinneringe
23. As die Las te Swaar Word
24. Onbaatsugtige Liefde
25. Die Goeie Soldaat
26. Balans in die Lewe
27. Hy Bly Getrou
28. Dodelike Ranke
29. Kleipotte en Sosiale Media
30. Reik na die Goeie
31. Sinnelose Argumente
32. Gevaar in die Graspolle
33. Swaar Tye Voor
34. Volhard Deur Ontbering
35. Die Woord
36. Die Here se Bevel
37. Wedloop van die Lewe
38. Entoesiasme
39. Vergifnis
40. Wie was Timoteus?

# Voorwoord

Is jy ‘n leier in jou gemeente of in die kerk - dalk ‘n leraar of ouderling? As jy op enige terrein in die kerk leiding neem, is hierdie boek spesiaal vir jou geskryf.

Met die draai van die eeu - die jaar 2000 - kry Ballito Gesinskerk (toe nog die NG Gemeente Noordkus) die opdrag om ‘n internetbediening aan te pak. Aanvanklik is dagstukkies, geskryf deur ‘n verskeidenheid leraars, gebruik om na gemeentelede uit te stuur. Sedert 2002 word die dagstukkies egter deur een van die lidmate van die gemeente sélf geskryf, en wêreldwyd uitgestuur om só die opdrag van Jesus in Matteus 28 uit te voer.

Die reeks dagstukkies in hierdie boekie vervat, handel oor die twee briewe van Paulus aan Timoteus. Dit is nie bedoel om ‘n volledige Bybelstudie oor die boeke te wees nie, maar bloot om jou gedagtes te prikkel en

om jou troos te bied wanneer dit moeilik gaan. Die praktiese wenke wat Paulus deurgaans aan Timoteus gee, word toegepas op vandag se omstandighede, en is van onskatbare waarde vir enigeen wat in ‘n leiersposisie staan.

Dis egter nie alleen bedoel vir leiers nie, maar vir enige gelowige wat erns maak met sy diens aan die Here.

My innige bede is dat hierdie reeks oordenkinge vir jou ook soveel sal beteken as wat dit vir my persoonlik beteken het terwyl ek dit geskryf het.

Louis Nel

1

# Leierskap

## Inleiding tot 1 Timoteus

**VIDEO | OUDIO**

Ons land sit met ‘n leierskapskrisis! Oral waar ons vandag gaan, is dit die kwessie wat mense se harte omklem. En wat van die kerk? Is daar ook ‘n leierskapskrisis in die kerk? Die vraag is: Wat is dit wat ‘n suksesvolle Christenleier maak? Sonder goeie leierskap kan ‘n gemeente kwalik suksesvol bestaan. In Matt 9:36 lees ons juis van so ‘n “gemeente” wat leierloos gedwaal het: “Toe Hy die skare sien, het Hy hulle innig jammer gekry omdat hulle verward en verstrooi was, soos skape sonder 'n herder.” Jesus sê dan vir Sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min.”

Het jy al op die platteland ‘n trop skape sonder ‘n herder in die pad gekry? Dis frustrerend want jy kan nie tussen die spul deurgery kom nie! ‘n Skaap is seker die domste ding op die ganse aarde! Eers

wanneer hulle herder hulle weglei, kan jy deurry. So het ek al gesien hoedat ‘n gemeente sonder effektiewe leierskap baie dom dinge kan aanvang!

Dis egter baie belangrik dat ons altyd moet onthou dat daar maar slegs een ware Leier is, naamlik Jesus. In Joh. 10:11 sê Jesus: “Ek is die goeie Herder.” Die héél belangrikste element van Christen-leierskap is dus dat ons nooit mag vergeet wie die ware Herder (Leier) is nie.

Hierdie Herder delegeer egter Sy pligte. In Joh. 21:15-19 gee Hy opdrag dat Sy skape opgepas moet word. Dis belangrik om te weet dat Hy die leiding aan my delegeer. Ek word inderwaarheid geróép deur Jesus om daardie leiding te neem of om sekere pligte uit te voer. Ek is dus in Sy diens. Ek neem egter slegs leiding namens Hom.

Ek kan dus nie maar leiding neem soos ek wil nie, maar ek moet dit doen volgens Jesus se voorskrifte en opdragte. Hy is die Een wat die doelwitte stel wat ek as leier moet nastreef. As leier is ek dus ook nie die “baas”

nie maar slegs die een wat rigting gee aan Jesus se opdragte. Hy het daardie gedagte uitgeleef en vir ons die voorbeeld gestel van hoe dit gedoen moet word. As hoogste Gesag in die ganse heelal, was Hy niks meer as ‘n Dienende Kneg nie en Hy het selfs sulke nederige dinge gedoen soos vuil voete was, siekes help en vir honger mense kos gee.

Is hierdie boek dan slegs vir “leiers” geskryf? Is dit net die dominee, pastoor of leier-ouderling wat dit moet lees? Allermins! Enige gelowige kan en MÓÉT ‘n leier wees op die een of ander terrein.

Daar is mos deesdae die tendens in die sakewêreld om allerhande fênsie titels te gee vir die mees eenvoudige werke, soos die toiletskoonmaker wat nou skielik “Hoof van Higiëne en Ontspanning” word. Dit maak dat daardie ou so ‘n groot trots in sy werk kry, dat alles sommer blink! So het die storietjie van Hendrik van der Linde die rondtes op internet gedoen van die “Besembestuurder” (jy móés hom al gelees het!), waar die man sy nuwe

titel met groot trots uitgeleef het. Dit is baie slim taktiek en dit verseker produktiwiteit. As ons nou dieselfde in die kerk sou toepas, dan raak die gemeente ook produktief!

In ons eie gemeente het ‘n aantal “diensaksies” spontaan ontstaan wanneer “doodgewone” gemeentelede hulle passies begin uitleef het. Iemand het begin pannekoek bak, ‘n ander weer koeksisters. Iemand anders het weer begin om bekostigbare, heilsame etes van gedroogde bestanddele saam te stel vir armes. Intussen het een persoon begin om eredienste te hou vir Zoeloe huiswerkers. Baie gou was ander mense aangesteek deur hulle entoesiasme en dit het letterlik ontplof tot groot en uiters suksesvolle aksies.

Paulus het hierdie inspirerende brief oorspronklik aan Timoteus geskryf om die konsep van effektiewe leierskap aan hom te verduidelik. Timoteus was natuurlik een van Paulus se mees getroue metgeselle. Hy het vir ‘n tyd lank saam met Paulus gewerk in Efese. Toe Paulus tevrede was dat Timoteus

‘n gemeente kon behartig, laat hy hom daar agter as voltydse leraar. Natuurlik het so ‘n aanstelling baie probleme gehad en ek dink die arme Timoteus het hoofpyne beleef soos min! Daar was dwalinge wat sy nuwe gemeente geteister het en Paulus moes hom bystaan met raad en daad om dit te bekamp. In hierdie brief bemoedig Paulus dan ook vir Timoteus en hy gee hom vertroue om daardie dwaalleer te stuit en ‘n paar ander hoofpyne óók op te los.

Vandag is hierdie brief vir elke gelowige van groot waarde, want dit beantwoord vrae soos: Hoe ver strek my verantwoordelikhede as leier? Het ek genoeg gedoen? Hoe ver moet ek gaan met dit wat mense van my verwag? Wat vra God van my as leier?

Leierskap is ‘n wonderlike voorreg wat God ons gee. Ons moet dit egter reg gebruik tot eer van God en dit mag nooit óóit gebruik, of eerder mísbruik word tot my eie voordeel nie!

Gebed:

Here, leer my asseblief om my leierskap

effektief en met groot entoesiasme uit te leef volgens U wil!

# 2

## God se Opdrag

## 1 Timoteus 1:1,2

**VIDEO | OUDIO**

'n Paar jaar gelede kry ek eendag 'n uitnodiging van die sinode van KZN se NG Kerk om opleiding te ontvang as prediker. Ek was sommer baie opgewonde, want dit was nog altyd vir my 'n passie om ook die Woord te kon bedien, maar daardie voorreg was slegs vir geordende dominees beskore.

So kry 'n dertigtal "doodgewone" ouderlinge toe opleiding deur 'n hele span predikante in al die fynere kunsies van Woordverkondiging, die skryf van 'n preek, hoe om 'n erediens te lei en nog veel meer. Met groot deernis, geduld en liefde het hulle ons binne 'n paar weke gevorm tot predikers. Sedertdien het ek die wonderlike voorreg gehad om in talle klein dorpies regdeur Kwazulu-Natal die Woord te kon verkondig, en boonop weekliks 'n boodskap te bring vir 'n gemeente van entoesiastiese, Woord-

honger Zoeloes.

In die aanhef van Paulus se brief lees ons ‘n paar baie interessante dinge, en jy kry onmiddellik die gevoel van waaroor die res van die brief gaan handel. Op die oog af is dit net ‘n mooi groet, maar daar steek véél meer in as net ‘n “Goeie môre!” Ons lees daarin van gesag, liefde, roeping, genade en hoop.

Dalk moet ons net eers ‘n ietsie sê oor die man aan wie Paulus die brief geskryf het. Tydens Paulus se tweede sendingreis het hy by Listra aangedoen en daar ontmoet hy hierdie jong man. Sy ma was ‘n Jodin wat tot bekering gekom het en sy pa ‘n Griek. Timoteus was toe ook reeds ‘n gelowige, en Paulus het sommer dadelik gesien dat hierdie man baie potensiaal gehad het as ‘n evangelis. Daar was egter ‘n klein probleempie: omdat Timoteus deels ‘n Jood was, maar nooit besny was nie, kon daar dalk probleme kom as hulle Joodse sinagoges sou besoek. Timoteus moes maar oë toeknyp en die operasietjie ondergaan. Toe begin sy onderrig onder leiding van die

groot meester, Paulus. Wat ‘n wonderlike voorreg! Vir Paulus was Timoteus van onskatbare waarde op sy sendingreise, en hy was ook later onder meer die leraar in Efese.

In die briefaanhef sien ons ‘n pragtige balans tussen gesag aan die een kant en liefde aan die ander kant. Paulus beskryf homself as iemand met groot gesag, gesag wat God hom gegee het in Jesus Christus. In dieselfde asem praat hy van Timoteus as sy “eie kind,” en ons lees in sy woorde van ‘n intieme, sorgende en liefdevolle verhouding tussen hom en Timoteus. Hier sien ons dus ‘n gesagvolle dog liefdevolle pa-kind-verhouding.

Vandag aanvaar ons nie sommer gesag nie en veral nie absolute gesag nie, want dit word so dikwels misbruik. Ons het dit byvoorbeeld so prominent gesien in hierdie “swartmotor, bloulig konfooie” waar motoriste wat nie onmiddellik padgee nie gedreig word en selfs op geskiet word. Ek het sélf al ‘n slag deurgeloop onder so ‘n konfooi! Gesag beteken dikwels dat die persoon wat dit het,

homself selfsugtig verryk en diegene onder hom uitbuit. Uit Paulus se voorbeeld leer ons dat jy jou gesag onbaatsugtig en met groot deernis en liefde moet uitoefen, en dat jy jouself moet onderwerp aan dieselfde Bybelse voorskrifte as wat jy van diegene onder jou gesag verwag. En as jy onder iemand se gesag staan, dan moet jy altyd onthou wat Paulus aan die Romeine geskryf het: “Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie.” (Rom. 13:1)

Iets wat hand-aan-hand gaan met gesag, is ‘n roeping. Leierskap is ‘n opdrag van God, so sien ons baie duidelik in vers 1. Jy moet ook goed verstaan dat as God jou roep, durf jy dit nie weier nie. Vra maar vir Jona! Hy wou mos weier om God se opdrag uit te voer! Daar is baie verskillende maniere waarop ‘n gelowige leiding kan neem asook baie terreine waar jy dit kan uitleef. As ouers het jy ‘n opdrag om leiding te neem oor jou kinders. In die kerk kan jy leiding neem as predikant, ouderling, jeugleier en nog vele meer - die moontlikhede is legio. Elke vorm

van leierskap kom egter as ‘n opdrag van God.

Die vraag is: hoe weet ek dat dit werklik God is wat my geroep het? Sekerlik die belangrikste element is biddende selfondersoek. Die blote feit dat jy ‘n leemte raaksien, kan beteken dat dit God is wat jou ‘n saak op die hart lê. Saam daarmee gee God jou die nodige gawes en toerusting om die taak uit te voer. Medegelowiges se erkenning en bemoediging sal die sekerheid van God se roeping versterk.

Leierskap kom egter nie uit jou eie krag nie, maar dit is suiwer genade. God het die inisiatief geneem met jou verlossing en op dieselfde manier neem Hy die inisiatief met ‘n roeping tot leierskap. Jy moet te alle tye besef dat jy slegs deur genade ‘n leier is en dat dit niks met jou goeie hoedanighede, gewildheid of vaardighede te make het nie. Bid dus elke keer om God se genade wanneer jy as leier optree.

Laastens moet jou leierskap HOOP uitbeeld. In jou leierskap moet ander mense altyd vir

Jesus kan sien. Jesus se leierskap moet dien as die rolmodel vir jou eie leierskap, en daarmee moet jy vir ander mense die hoop en verwagting skep vir Jesus se wederkoms.

Gebed:

Here Jesus, dankie vir die groot genade dat ek in U diens mag staan. Leer my asseblief om my leierskap in liefde uit te leef volgens U wil!

## 3

# Byt Vas!

## 1 Timoteus 1:3,4

**VIDEO | OUDIO**

Timoteus is moedeloos: "Ek gaan my goedjies pak en huistoe gaan! Nou kan ek dit net eenvoudig nie langer uithou met hierdie spul Efesiërs nie. Ek gaan huistoe!"

Ja, die afgelope tyd was beslis nie maklik vir hierdie jongman nie. Toe Paulus hom daardie tyd aangestel het as leraar in Efese, het hy op en af gespring van opgewondenheid. Vir die jong Timoteus was dit 'n geweldige uitdaging. Maar nou het dinge begin suur raak, want hy het uitgevind dat om leraar te wees beslis nie 'n maklike taak is nie. Gemeentelede is maar net mense - sondige mense! Dikwels ruk die sonde maar handuit, soos wat dit nou alweer die geval is. Dáárdie tyd terwyl Paulus nog in Efese was, het dit al begin. Hy onthou nog hoe Paulus die gemeente gewaarsku het teen dwaalleer wat besig was om kop uit te steek. Natúúrlik het

hy dit in die kiem gesmoor, maar die dag toe hy vertrek, was sy waarskuwing aan hulle: “Ek weet dat wrede wolwe ná my vertrek julle geledere sal binnedring en die kudde nie sal spaar nie!” (Hand. 20:29). Ja, hoe reg was Paulus nie! Daardie einste “wolwe” probeer nou al hóé lank om sy skape op te vreet!

En dan is daar die geskinder en gekwaadpratery en gerugstekery. Dis om van siek te word! Praat wil net eenvoudig nie meer help nie!

Dit is ‘n baie moedelose Timoteus wat daardie dag Paulus se brief oopmaak. Met bewende vingers breek hy die rooi was-seël. “Paulus gaan vir my sê dat ek moet huistoe kom!” borrel dit opgewonde in die jongman. Die eerste woorde in hierdie brief is soos balsem op ‘n seer wond. “Paulus het net eenvoudig die gawe om jou goed te laat voel,” dink Timoteus as hy Paulus se mooi trooswoorde indrink. Maar sommer in die eerste sinnetjie sak sy moed in sy skoene, want daar staan nie geskryf wat hy graag sou wou sien nie. “Paulus dring aan dat ek in

Efese moet aanbly!" Geskok lees hy weer en weer en weer die sinnetjie, net om seker te maak dat hy dit nie misverstaan nie. "Weet Paulus dan nie? Verstaan hy nie wat ek alles hier moet deurmaak nie?" Timoteus is só ontsteld, dat hy sommer daar en dan die brief wil opfrommel. Maar hy kan nie die versoeking weerstaan om verder te lees nie. "Daar is sekere mense wat vals leerstellings versprei en jy moet hulle dit verbied!" lees hy verder deur sy trane van moedeloosheid.

O, hoe het hierdie Jode nie al sy lewe suiwer hel gemaak nie! Ja, hulle het die Evangelie gehoor en hulle het Jesus se wonderlike verlossing aanvaar. Hulle het almal hulle harte vir Jesus gegee. Maar toe kom hulle met hulle óú stories van "afstammelinge van Abraham." Hulle gaan staan en diep eindelose geslagsregisters op om te bepaal presies hóé hulle nou eintlik van Abraham familie is, en watter voortreflike konings iewers in daardie voorgeslag ingesluit is. En die klomp stry oor wie se voorouers nou eintlik beter is. By die éintlike belangrike

ding, die Evangelie, kom hulle nooit uit nie. Boonop is hulle fiemies iets om oor siek te word - eet nie dít nie en eet nie dát nie. En die een wil slimmer as die ander probeer wees met hulle “hoëre” Skrifkennis. As hulle dit maar vir hulleself gehou het, dan was dit dalk nie so sleg nie, maar nou probeer hulle almal beïnvloed met hulle sogenaamde kennis waarvan net húlle weet!

Paulus het baie goed geweet waardeur Timoteus gaan. Hy het hierdie selfde dinge immers al telkemale beleef, en daarom weet hy presies hoe om vir Timoteus raad te gee. Die belangrikste is egter dat Timoteus nie moet moed opgee en vlug nie, maar die bul by die horings pak en die probleme ‘n nekslag toedien.

Hoe dikwels voel ek en jy nie ook dat ons nou genoeg gehad het, en dat ons ons goedjies wil pak en padgee nie. Vir óns sê Paulus ook vanoggend deur hierdie gedeelte dat ons moet vasbyt en gaan kyk waar die wortel van die probleem lê. Inderdaad is dit alles die werk van die duiwel wat ons probeer

onderkry. Aan hierdie selfde gemeente in Efese het Paulus eenmaal geskryf dat hulle slegs die probleme wat die duiwel veroorsaak te bowe gaan kom as hulle God se wapenrusting aantrek. Gaan lees gerus maar daarvan in Efesiërs 6:10-17. Dit sou mos nou darem sleg lyk as die leraar onder die druk swig en weghol!

In ons eie gemeente het ek sélf op ‘n stadium moedeloos geword omdat dit begin voel het asof slegs ‘n ou klein handjievol mense ‘n “verloorstryd” gevoer het. My vreugde was egter groot toe ek begin agterkom het dat daar uiteindelik ‘n nuwe wonderlike gees van liefde en gasvryheid besig was om in ons gemeente te begin posvat. Die harde werk van daardie handjievol leiers het uiteindelik vrugte afgewerp, met wonderlike gevolge! Vandag heers daar ‘n wonderlike gees van gasvryheid en liefde in Ballito Gesinskerk, en al ons besoekers kan daarvan getuig!

Vanoggend wil die Here jou versterk deur vir jou te sê: “Byt vas!” Moenie moedeloos raak nie - bly op jou pos. Wanneer jy dit doen en

jou werk wat God jou gegee het getrou doen, stel jy die beste voorbeeld van Christenleierskap. Jesus was immers sélf só tot die bitter einde toe getrou.

Gebed:

Here, gee my asseblief moed en krag om aan te hou ten spyte van al die teenstand!

4

## Ware Leierskap

## 1 Timoteus 1:5-11

**VIDEO | OUDIO**

Jare gelede het ‘n gesprek plaasgevind wat my baie diep laat dink het. Klein Johan was toe maar nog ‘n seuntjie in die laerskool, en sy pa het iets vir hom gesê wat hom dwars in die krop gesteek het. “Pa, ek wéét Pa is áltyd reg, maar ......” Toe vertel hy huiwerig en vol vrees en bewing vir Pa dat hy hierdie keer nie saamstem met wat Pa sê nie. Terselfdertyd verwag hy enige oomblik 'n dwarsklap omdat hy durf verskil met Pa!

“**Wie is jy om met my te kom staan en stry?**” is dikwels die reaksie van ‘n baas. “**Ek is reg en jy is verkeerd! Ek is die baas, onthou!**” Of in die kerk sal jy dikwels hoor: “**Moenie nou kom staan en karring om dinge te verander nie - ék is immers die kommissievoorsitter en ék sal besluit as dinge moet verander!**”

In twisgesprekke gaan dit gewoonlik net om

één ding: selfregverdiging. Die ware doel van egte Christenleierskap is om liefde te wek. Hoe wek jy liefde? Nie deur jouself te verhef of deur baas te speel nie, maar deur selfopofferend te leef sodat jy in die eerste plek God se eer kan soek en tweedens dinge sal doen tot voordeel van jou naaste. Jesus het immers die ganse wet opgesom deur te sê dat jy God en jou naaste moet liefhê. Christenleierskap moet in die héél eerste plek die doel hê om hierdie gebod in sy volheid uit te leef. Moenie probeer om ander dinge na te jaag nie. Die sukses van 'n goeie Christenleier kan gemeet word aan die mate waarin hy die instrument was om liefdevolle verhoudinge binne sy groep 'n werklikheid te laat word. "'n Rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof" (v.5) is die vrugte wat gepluk kan word uit sulke verhoudinge.

Ek onthou van jare gelede se sinodesittings, kerkraadsvergaderings ensomeer waar daar ure en ure lank gestry is oor kleinlikhede. Daar was byvoorbeeld die een kerkraadsvergadering waar die hele aand se

gesprek (gestry!) gegaan het oor die ouderlinge en diakens se kleredrag. Was hulle verplig om spesifiek swart pakke te dra, of kon hulle ander klere aantrek kerktoe? Teologiese haarklowery oor presies hoe ‘n sekere woord verstaan moet word, was aan die orde van die dag. Ek het sulke vergaderings uiters frustrerend gevind, en die gevolg was dat ek elke keer weggeskram het as iemand my na ‘n sinodesitting wou stuur!

Die afgelope paar jaar het ek die voorreg gehad om verskeie sinodevergaderings van KwaZulu-Natal by te woon. Wat ‘n verrykende ondervinding was elkeen van hulle nie! Al die “ringkoppe” het telkens uit hulle pad gegaan om die ganse vergadering ‘n spirituele ondervinding te maak vir elkeen wat dit bywoon. Die vervelige besigheidsdeel van die vergadering vlieg soos ‘n gedagte verby!

’n Groot deel van die vergadering word daaraan gewy om “stories” te vertel van die verskillende gemeentes, hulle probleme, uitdagings en belewenisse, asook van die

werksaamhede van die kerk in KZN. Almal is opgewonde saam met gemeentes wat wonderlike suksesverhale kan vertel. En almal voel saam met gemeentes waar dit swaar gaan. Ten spyte van mense daar buite wat baie swartgallig is oor die kerk, is daar wonderlike dinge besig om te gebeur. So 'n sinodevergadering is waarlik vir elkeen wat daar is 'n geestelike verryking en inspirasie.

Die tema van een so 'n sinode 'n paar jaar gelede, was: “Op pad met Jesus”. Sekerlik een van die hoogtepunte van elke sinodevergadering is wanneer verteenwoordigers van ‘n verskeidenheid ander denominasies en kulture by ons aansluit vir ‘n wonderlike gesprek waar ons stories met mekaar deel en daarna saam nagmaal vier.

Wanneer Paulus hierdie brief aan Timoteus skryf, sien ons dat dit in die Evangelie in die eerste plek gaan om die verhouding met God. Ja, natúúrlik het voorskrifte hulle regmatige plek, maar hulle mag nóóit die intiem-persoonlike, liefdevolle verhouding

met God vervang of oorskadu nie. As jy jou leierskap wil uitoefen deur allerhande wette te maak, sal jy nooit al die skuiwergate toegestop kry nie. Jy gaan jouself moeg maak en die frustrasies gaan jou opvreet, terwyl almal onder jou leiding verward en moedeloos gaan raak.

Ek dink dat elkeen van ons wat in die een of ander leiersposisie staan, kan leer uit wat Paulus vir Timoteus skryf en wat die Heilige Gees ook vandag deur hierdie Skrifgedeelte vir ons wil sê. Ons kan dit opsom deur te sê dat leierskap nie gaan oor my as leier, of om wette te maak en af te dwing nie. Dit gaan om die wonderbare liefde van Jesus uit te leef en terselfdertyd diegene wat onder jou leiding staan sodanig te inspireer, nie alleen deur wat jy verkondig nie maar deur jou hele lewenswyse. Met my optrede, houding, blydskap en alles wat daarmee saamgaan, moet ek almal met wie ek in aanraking kom honger maak om daardie selfde liefde wat uit my uitstraal te kan kry, en ook op dieselfde wyse uit te leef met hulle hele hart!

Gebed:

Here, ek moet vanoggend bely dat my leierskap so dikwels oor myself gaan. Help my om onselfsugtig U liefde uit te leef en so ander te inspireer!

## 5

## Die Here se Opdrag

## 1 Timoteus 1:12-17

**VIDEO | OUDIO**

Wat maak ek as ek die een of ander opdrag kry? Ek praat nou van ‘n opdrag op die geestelike terrein. Meeste mense se eerste reaksie is om ‘n vinnige terugblik op jou lewe te gee en dan te besluit dat jou geskiedenis van die uitvoer van Goddelike opdragte gladnie so rooskleurig is nie. Jy sal dit maar liewer nie waag om weer te probeer om só ‘n opdrag uit te voer nie!

Ek het 24 jaar gelede só ‘n opdrag gekry om dagstukkies te skryf. My eerste reaksie was dat ek dit nóóit sou regkry nie want dáái was darem ‘n baie moeilike opdrag! Ek wou sommer soos Jona van ouds weghardloop! Dit het baie trane gekos voordat ek uiteindelik die moed kon bymekaarskraap om te begin skryf!

Paulus het ook eenmaal ’n opdrag gekry, om Christene uit te roei en om die

“Christensekte” totaal van die gesig van die aarde af te vee. Hulle was ’n gevaar vir die Joodse geloof. Sy opdrag om uit te roei het gekom van die kerkleiers van daardie tyd. Op pad na Damaskus kry hy egter ’n splinternuwe opdrag, dié slag nie van die kerkleiers nie maar van Jesus persoonlik, direk téén die opdrag van die kerkleiers!

Paulus het tyd gehad om te dink oor die opdrag asook die gevolge. Sou hy dit aanvaar, dan sou dit beteken dat hy alles waarvoor hy in sy lewe gewerk het sou moes prysgee. Inderdaad was hy ’n gesiene man in die kringe van die Fariseërs want hy het sy werk met groot passie gedoen. Onder die Skrifgeleerdes het hy ’n groot naam gehad want sy kennis van die Skrifte was fenominaal en niemand kon hom vasvra nie!

Wanneer Paulus egter die opdrag kry om die Evangelie van Jesus te gaan verkondig, aanvaar hy dit met hart en siel, ten spyte van sy twyfelagtige verlede. Maklik was dit beslis nie! Inteendeel, dit was uiters moeilik! Al sy ou vriende het hom summier verwerp en

afgeskryf as nóg een wat gesneuwel het onder die invloed van die Christene. Aan die ander kant het die Christengelowiges maar alte goed onthou hoedat hy hulle slegs ’n kort rukkie tevore wreed vervolg het. Toe hulle geliefde diaken, Stefanus vermoor was deur ’n klomp woedende Jode, was Paulus by en hy het sy goedkeuring uitgespreek. Talle gelowiges het opgesluit gesit in smerige tronke te danke aan die einste Paulus se toedoen. En nou wou hy vir hulle kom staan en preek? Dit móés net eenvoudig ‘n slinkse set van die Fariseërs gewees het.......

Paulus se verlede het soos ‘n swaard oor sy kop gehang, maar hy het op die Here vertrou. En die getroue Vader se genade was oorgenoeg vir Paulus! Ja, dit het etlike jare geneem voordat Paulus uiteindelik ten volle aanvaar was, maar omdat hy krampagtig bly vasgeklou het aan die hoop wat God hom gebied het, het sy deursettingsvermoë uiteindelik vrugte afgewerp.

Die asemrowende kennis wat hy opgedoen het van die Skrifte en die Wet, was vir Paulus

van onskatbare waarde en al daardie kennis het hy nou ingespan om die Evangelie te verkondig. Paulus het ‘n antwoord gehad vir elke argument, juis omdat hy die Joodse argumente so op die punte van sy vingers geken het. As Fariseër was dit immers dag-vir-dag in hom ingedril!

Maar hoe het Paulus dit alles reggekry? Vir hom was daar slegs één Dryfkrag wat hom deur alles gedra het, krag gegee en getroos het wanneer hy moedeloos was: Jesus. “**Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.**” So jubel Paulus dit uit tot lof van die Een wat hom nie alleen die opdrag gegee het nie, maar hom ook deur die uitvoering van die opdrag gedra het, ten spyte van sy verlede.

Vandag moet ek en jy onsself die vraag afvra: “Hoe staan dit met die opdrag wat die Here my gegee het?” My heel eerste gedagte toe ek die opdrag gekry het om dagstukkies te skryf, was om myself uit daardie situasie te

probeer uitwurm. Ek het selfs so ver gegaan om etlike predikante te nader vir hulp. Die Here het egter beter geweet, en hy het ál die deure toegemaak sodat ek baie onwillig uit nood maar sélf moes begin skryf. Vandag kan ek God net loof en prys dat Hy my deur meer as 4000 dagstukkies gedra het en elke dag getrou was om die boodskap vir my te gee, boodskappe wat al duisende harte regoor die wêreld aangeraak het. En dit ten spyte van my twyfelagtige verlede, onvermoë en onwilligheid! Natuurlik is ek nie perfek nie en ek skram nog steed dikwels weg van die Here se opdragte met allerhande verskonings!

En jy? Ek weet nie wat die Here se opdrag aan jou is nie, maar jy sal weet! Probeer jy dalk skuil agter ‘n slegte verlede om daaruit te kom? Dikwels gee daardie verlede jou júís die kennis om met mense in dieselfde omstandighede te kan gesels, soos byvoorbeeld dwelmverslawing. My pleidooi is dat jy vandag biddend voor die Here jouself sal beskikbaar stel vir daardie opdrag wat

dalk al jare in jou binneste maal. Hy is getrou en Hy sal jou ál die wysheid en kennis gee wat nodig is om daardie opdrag uit te voer - ek praat uit ondervinding!

Gebed:

Here, ek stel myself vandag tot U beskikking om U opdrag uit te voer. Maak my asseblief gewillig en gee my die toerusting daarvoor!

6

# Leef Jou Roeping Uit

## 1 Timoteus 1:18-20

**VIDEO | OUDIO**

Het jy al ooit probeer om 'n reuse hoop werk alleen te behartig, sonder om hulp te vra? En dit terwyl jy gewéét het dat jy dit nooit sou kon volhou nie! Dis presies ekke dááì! Ek vrek voor ek vra! Ek het al menigmaal so byna-byna uitgebrand, totdat Mosbolletjie haar voet hard neergesit en my tot my sinne geruk het! My verweer is gewoonlik dat ek die enigste een is wat daardie ding kan doen. Maar dan, wanneer ek baie huiwerig uit dwang vra of iemand dalk kan help, dan is daar al klaar 'n dosyn bekwame mense wat met afwagting sit en wag om betrek te word!

Moses het met presies dieselfde dilemma gesit. Van dagbreek tot donker was hy vasgevang in die taak om mense se probleme op te los. Toe kom sy skoonpa Jetro en gee raad dat hy manne moes aanstel om daardie taak te verrig sodat

Moses kon konsentreer op die dinge wat werklik saakgemaak het (Eks 18:1-26).

‘n Christenleier werk nie alleen nie, dit het Paulus baie vroeg al agtergekom, daarom stel hy persone aan as leiers in die nuwe gemeentes. Timoteus was een só ’n leier en sy taak was om leiding te neem in Efese. In 2 Tim. 2 lees ons dat Paulus vir Timoteus aansê om op sy beurt weer leiers aan te stel. So word nie alleen sy werklas verminder nie, maar die Evangelie word meer effektief uitgedra en Koninkrykswerk word ’n gedeelde en hanteerbare roeping en verantwoordelikheid.

Dit kan gebeur dat jy leierskap in ’n spesifieke situasie moet oorgee aan ‘n persoon met baie minder ervaring as jy. Jy weet egter dat die persoon wél die potensiaal het om dit te kan doen. Die persoon word dan as’t ware gedwing om die nodige ervaring op te doen en sodoende sy leierskapskwaliteite uit te kan brei. Jy doen hom dus ’n guns, terwyl jy jou energie dalk meer produktief kan aanwend. Sodoende

bou jy verder aan God se Koninkryk!

Om in God se Koninkryk as leier te werk, moet nooit ligtelik opgeneem word nie! Dis nie sommer maar net ’n stokperdjie of iets om jou besig te hou nie! Jy moet eerstens séker wees dat God jou geroep het om die taak te verrig. Jy moet innerlik oortuig wees dat jou roeping waarlik van God af gekom het en dat dit nie maar net ‘n begeerte in jou hart is nie. ‘n Egte roeping word óók gekenmerk deur uiterlike erkenning deur ander gelowiges, wat jou innerlike oortuiging versterk. In Timoteus se geval het ouderlinge sekere geïnspireerde uitsprake oor hom gemaak die dag toe hy as leraar bevestig was. Boonop het hy ook sekere genadegawes ontvang wat hom toegerus het vir hierdie groot taak wat op sy skouers gerus het.

Die uitwendige erkenning van jou roeping deur medegelowiges beteken vir jou baie in jou stryd as Christenleier. Dit is een van die grootste dryfkragte wat jou motiveer om uit te hou en aan te hou. Dit bevestig vir jou dat dit

waarlik God is wat jou geroep het, want jou medegelowiges erken jou roeping. Ek kry talle briefies en WhatsApp boodskappies, dikwels slegs enkele woorde wat my bemoedig in my taak om hierdie dagstukkies te skryf. Ek waardeer elkeen van hulle van harte, want elke notatjie bevestig my roeping en gee my krag om my taak met passie uit te voer. My pleidooi vanoggend is dat jy die Christenleiers in jou eie gemeente se hande sal sterk maak deur hulle te bemoedig en te vertel dat hulle arbeid waardeer word. Wanneer laas het jy vir jou dominee of pastoor gesê dat sy boodskap jou diep getref het? Kom ons los die kritiek vir ‘n slag uit en vervang dit met bemoediging!

Ons moet egter weet dat Christenleierskap beslis nie gepaard gaan met status en glorie nie, maar diens en stryd. Jesus se voorbeeld is kosbaar vir elke Christenleier: Hy was bereid om Sy “goeie reputasie” totaal prys te gee, deur saam met die semels, die tollenaars en sondaars te gaan eet. Die Samaritaanse vrou by die put was sedeloos

en niemand sou dit waag om eers in haar rigting te kyk nie, nogtans het Jesus Homself verneder deur met haar te gaan gesels. Hy was bereid om die slawetaak te verrig deur Sy dissipels se vuil voete te was. Jesus, die Koning van alle konings se werk op aarde was gekenmerk deur diens en harde werk sonder enige glorie. Hoe hanteer ek my leierskap?

Daar is egter ook ‘n ander sakie van uiterste belang vir elke Christenleier: geloof en gewete! Hierdie twee uiters kosbare skatte moet jy bewaar en koester. As jy hulle verwaarloos, is jy besig om die tak af te saag waarop jy sit. Jou geloof is natuurlik daardie vaste vertroue op God en Sy genade, die genade wat nie alleen jou foute en sondes vergewe nie, maar ook die krag en bekwaamheid gee om as leier te kan optree. En ’n goeie gewete is dat jy gedurigdeur in jou gedagtes bewus is van wat God van jou verwag. Maar dit is nie waar dit eindig nie. Daardie gedagtes moet oorgaan in dade. Jy moet inderdaad dóén wat God vir jou vra om

te doen. Alleen só kan jy jou taak tot uitvoering bring en jou ware roeping vervul!

Gebed:

Here, dankie dat U vir my al die toerusting gee om my roeping uit te leef. Help my asseblief om my taak met passie te vervul soos U van my vra!

# 7

# Hoe Lyk My Gemeente?

# 1 Timoteus 2:1-7

**VIDEO | OUDIO**

As Christenleier is dit dikwels nodig dat ek moet stil word en introspeksie doen, nie alleen oor my eie lewe nie maar oor my gemeente. Ek moet gaan sit en myself die vraag afvra: "**Waaroor gaan dit presies in my gemeente?**" Dalk nog belangriker: "**Waaroor behóórt dit in my gemeente te gaan? Bereik ons werklik ons doel?**" En dan die baie belangrike vraag: "**Na watter doelwit moet ek as leier strewe?**"

As ons oor die vrae hierbo nie absolute duidelikheid het nie, kan dit tot allerhande ongewenste verskynsels lei. So sal jy byvoorbeeld kry dat sommige leiers hulle posisie misbruik om hulleself te verryk. Ander weer dink dat 'n gemeente 'n plek moet wees waar mense vermaak moet word. Die erediens moet slegs 'n geestelike belewenis wees waar orkeste en kore hemelse musiek

verskaf vir ‘n aand van geestelike ontspanning. Dikwels gaan dit oor die voortreflike prediker wat met mooi woorde ‘n gehoor in vervoering kan bring. Vir sommige is die gemeente ‘n knus, eksklusiewe warmbroei plek wat slegs na binne gerig is, naamlik pragtige geboue, ‘n hemelse orrel, net die beste predikers!

As dit die geval is, dan word die buitewêreld met al sy probleme gerieflikheidshalwe gladnie raakgesien nie. Ja, inderdaad kan ‘n gemeente met sy selfgerigte bedieningsstyl totaal die aandag aflei weg van God af en sodoende die eintlike doel van die gemeente totaal mis.

In 1 Tim. 2:4 stel Paulus dit baie duidelik dat ‘n gemeente diensbaar moet wees aan God se plan om álle mense te red, nie maar net eksklusiewe gemeentelede nie! Dit beteken dat jy ‘n sogenaamde missionale gemeente moet wees.

Hoe doen jy dit? Mense moet kennis van die waarheid gegee word (v.4). Wat is die “waarheid”? Dat daar slegs een God is (v.5)

en dat daar slegs een manier is om in die regte verhouding met hierdie God te staan, deur Jesus die enigste Middelaar wat Homself as Losprys vir almal gegee het (v.6).

Die vraag is: Hoe bereik jy hierdie doelwit? Die bekende spreekwoord sê: “Woorde wek maar dade trek.” Om te praat en preek help meestal absoluut niks. Deur vir die wêreld met jou eie lewe te wys hoe mense lewe wat in die regte verhouding met God staan, stel jy ‘n voorbeeld vir mense om te kan navolg. Dit kan egter slegs gebeur as jy jouself volledig aan die Here toewy en met groot respek teenoor almal optree. Nie hoogdrawend met ‘n “ek is beter as jy” houding nie, maar in nederigheid. Om daardie soort voorbeeld te stel, is dit ook nodig om “’n rustige en stil lewe te lei” (v.2). Dit beteken dat jou lewe gekenmerk word deur uiterlike kalmte, wat natuurlik wys dat jy met jou hele hart, siel en optrede aanvaar dat die Here te alle tye in beheer is. So ‘n kalmte kry jy alleen as jy ‘n innerlike stilte beleef sodat jy die Stem van die Heilige Gees kan hoor.

Wat bereik jy met so ‘n lewe? Met ‘n stil, rustige, Godgesentreerde lewe oortuig jy in die eerste plek jou medegelowiges dat hulle deur Jesus se offer vrede het met God en dat niks hulle kan skei van God se liefde nie. Hierdie wete maak weer dat ook húlle die innerlike kalmte en stilte prakties kan ervaar. Onthou: Vrede met die Here is nie maar net ‘n feit waarvan jy bewus is en van weet nie, maar jy moet tyd maak om dit prakties te kan belewe en dit toepas in jou alledaagse lewe. Daar is baie hulpmiddels om dit deel van jou lewe te maak, soos deur die Bybel te lees, bepeinsing, gebed, Christelike musiek en die rustigheid van die natuur. Hierdie dinge help jou om bewus te word van die wonderlike vrede wat die Here gee.

Die groot doel is egter dat hierdie dinge nie maar in ‘n geslote groep eksklusiewe gelowiges moet bly nie, maar dat daardie vrede na buite moet uitstraal om alle mense, veral ongelowiges te bereik en hulle ‘n kykie te gee op die vrede wat Jesus waarlik kan bied. Dit moet hulle lus maak om ook van

daardie wonderlike vrede asook die vreugde wat daarmee saamgaan te wil hê. Daarom is dit juis so belangrik dat ek en jy as gelowiges blydskap oor daardie vrede op ons gesigte sal dra. Dat ons nie as doemprofete die oordeel van God sal vertoon nie maar eerder Sy wonderlike genade, liefde en vrede.

Een van die belangrikste punte wat Paulus noem in vers 1 is “voorbidding”. Die gesagsdraers van ons land word summier afgeskryf deur meeste Christengelowiges, want hulle is goddeloos. Dit is juis belangrik dat ons vir hulle sal bid, want die moontlikheid van ‘n rustige lewe hang dikwels af van die omstandighede wat hierdie einste gesagsdraers skep. Ons moet bid dat die Here deur hulle die regte omstandighede sal bewerk sodat ons die ware vrede wat Jesus gee kan uitleef. Gebed is ‘n magtige wapen en kan wondere verrig - so het talle gelowiges al uitgevind. So het ons byvoorbeeld uiters charismatiese leiers in ons land, maar hulle talente word in haat

gekanaliseer. Dink net wat só ‘n leier vir die evangelie kan beteken as hy sy talente in koninkrykswerk kan uitleef! Ons kan dus bid vir 'n hartsverandering in ons sterk leiers. Kom ons dra vandag die regering en al die amptenare in besluitnemende posisies aan die Here op!

Gebed:

Here, ek bid vanoggend dat U ons regering wysheid sal gee om vir ons ‘n rustige land te skep sodat ons U kan dien met blydskap!

8

# Maak Soos Die Romeine

## 1 Timoteus 2:8-15

**VIDEO** | **OUDIO**

En daar staan dit, swart op wit: vrouens moet stil en onderdanig wees, mag nie haarvlegsels, goud, pêrels of duur klere dra nie en hulle mag nie onderrig gee, of oor 'n man gesag uitoefen nie! Gaan lees dit maar sélf in 1 Tim 2:8-15!

Ai toggie! Oor hierdie gedeelte is vrouens deur die eeue al baie verontreg, want dit word totaal misverstaan! Maar voordat ons by die vroue kom, moet ons eers ‘n slaggie oor die manne gesels. Hier raak Paulus ‘n baie teer sakie aan as hy sê dat ons met ‘n skoon gewete, sonder enige woede en rusie die Here moet aanbid. O, daardie woede en rusie is twee dinge waarvoor ons manne maar ál te berug is. Ek was al by kerkraadsvergaderings waar die manne vuiste geswaai het uit woede vir mekaar. Is dit die beeld van liefde wat ons na die

ongelowiges wil uitdra? Waar die liefde van Jesus heers, durf daar nie sulke haat in ‘n man se gedagtes opkom nie. As jy met onmin in jou hart sit, kan jy beslis nie met ‘n skoon gewete tot die Here bid nie. Dus is dit baie nodig om eers versoening te bewerkstellig.

Nou ja, oor die arme vrouens se lot moet ek dit net eers baie duidelik stel dat dit vir Paulus in die eerste plek gaan oor die eer van God en dus die beeld wat die vrou van Efese in daardie tyd moes uitdra om ‘n bydrae te lewer tot mense se redding. Om te kan verstaan waarom Paulus hier so hard op die vrouens was, moet ons gaan kyk na die agtergrond van die lewe van ‘n vrou in Efese.

Daardie tyd het die manne die septer geswaai en vrouens moes maak soos vir hulle voorgeskryf was. Om mee te begin het ‘n vrou nie eers ‘n sê gehad in die keuse van ‘n lewensmaat nie. Huwelike was gereël sonder dat sy eers kon kies en sy moes maar inval by ander se reëlings. Haar belangrikste taak was om kinders (dis nou seuns) in die

wêreld te bring. ‘n Vrou het nie sommer in die openbaar verskyn nie. Dit was by uitstek die man se domein! Sy moes tuisbly en die huishouding behartig “soos dit ‘n goeie vrou betaam!” Die gevolg was dus ook dat vrouens géén formele onderrig gekry het nie en baie beslis nie in eie reg as gelyke met enige man gereken was nie. Hulle hele lewe het hulle onder die gesag van ‘n man gestaan en hulle moes maar net eenvoudig maak wat hy gebied het!

Wat Paulus dus probeer sê het, is bloot dat die nuwe vryheid wat die vrouens in Jesus gekry het nie moes maak dat alle sosiale reëls omvergewerp moes word nie. Om ‘n rewolusie uit te roep en te skree dat vrouens nou vry was en nie meer die gesag van manne moes aanvaar nie, sou oorlog beteken het. Hy wou nie die indruk skep dat Christene die sosiale orde wou ondermyn nie.

Om hierdie gedeelte in perspektief te plaas, moet ons die geheelprentjie sien en gaan lees wat dieselfde Paulus in ander gedeeltes

in die Bybel skryf. In Romeine 16, Filippense 4, 2 Timoteus 1 en 1 Timoteus 5 skryf Paulus byvoorbeeld met groot lof oor vrouens in die gemeentes. Christenvroue het dikwels uitgestyg in die samelewing en was op bykans alle vlakke in diens van die Evangelie ingespan as leiers waar hulle uitgeblink het. Om die waarheid te sê, as ons maar lees wat Paulus in Galasiërs 3:28 skryf, dan kom ons baie gou agter dat mans en vrouens in Christus absoluut gelyk is!

Dus moet ons tot die slotsom kom dat 1 Tim 2:9-15 slegs betrekking het op die vrouens van Efese van die jaar 63 nC. Die boodskap wat hy daardie vroue wou gee, was dat hulle stil en rustige lewens die getuienis moes wees van die herstelde verhouding met God, sodat mense gered kon word. Op ‘n manier gaan dit oor hoe die gelowige vroue van Efese deur hulle mede-inwoners verstaan sou word en dat hulle met hulle gedrag openlik moes bely dat hulle God dien.

Nou moet ons nie die kind met die badwater uitgooi en sê dat ons absoluut niks hieruit

kan leer vandag nie. Die boodskap is baie duidelik: As Christenleier moet jy rekening hou met die persepsies van die samelewing waarin God jou roep. Jou doel is om nie ontsteltenis te veroorsaak nie maar eerder ‘n voorbeeld te stel van die herstelde verhouding met God. Die implikasies is dat gelowiges dikwels sekere beperkende voorskrifte moet nakom tot hulle eie verontregting. Soos wat die Christenvroue in Efese nie in opstand moes kom teen die verskriklike diskriminasie wat hulle lewens oorheers het nie, moet ek en jy soms ons eie menseregte prysgee tot voordeel van die Evangelie sodat God se groot doel, die redding van alle mense, gedien kan word.

As Christenleier stel die samelewing sekere rolverwagtings aan jou. Jou kleredrag, openbare pligte, bywoning van funksies ens. moet aan die wêreld verkondig waarvoor jy staan. En dit kan soms inbreuk op jou privaatheid maak. Deur dit wat Paulus hierbo skryf, vra hy dat ons dit ter wille van die Evangelie moet verdra. Ja, ons moet eintlik

‘n stappie verder gaan en uitblink in daardie dinge en sodoende die getuienis uitdra, dat om Jesus in jou lewe te hê ‘n vol lewe bied waarin jy steeds volhard in geloof, liefde en ‘n heilige lewe.

Gebed:

Here, dit is dikwels moeilik om staande te bly in die wêreld. Gee my asseblief die krag om deur my lewe U Naam groot te maak in my samelewing!

# 9

# Diakens en Ouderlinge

## 1 Timoteus 3:1-13

**VIDEO | OUDIO**

Die leraar kan nie ‘n gemeente alleen hanteer nie. Paulus het dit baie duidelik gewys in die voorafgaande teksgedeeltes met sy eie lewe dat, alhoewel hy uiters bekwaam was, hy nie kon bekostig om ‘n outokraat (alleenleier) te wees nie. Nog minder kan enige ander dominee of pastoor dit vandag doen. Leierspligte en dienspligte móét net eenvoudig gedeel word met ander bekwame persone in die gemeente.

In hierdie perikoop gesels Paulus júis oor hierdie medeleiers, die ouderlinge en diakens. Op hierdie mense se skouers rus ‘n baie belangrike en verantwoordelike taak en daarom moet hulle karakter van so ‘n aard wees dat hulle daardie taak met welslae kan uitvoer. Ons sien baie duidelik dat dit nie sommer enige Jan Rap en sy maat is wat kwalifiseer nie, want hierdie mense moet nie

alleen ‘n taak verrig nie maar ook ‘n voorbeeld stel vir die ander gemeentelede. Hoe dikwels hoor ‘n mens: “Ou Piet het só en só gemaak en hy is nogal ‘n ouderling in die kerk!”

Om effektief as ‘n leier te kan optree in ‘n gemeente, moet jy eers kan bewys dat jy ‘n effektiewe leier is in jou huisgesin. Daar word oral in die Bybel baie sterk nadruk gelê op die geweldige belangrikheid van die regte soort leiding in die gesin. Daar is ook tragiese voorbeelde van groot leiers wat misluk het in hulle gesinne en die gevolge kan jy sien in hulle groter leierskap. Dawid was hier so ‘n goeie voorbeeld – of was dit dalk júís ‘n slegte voorbeeld? Met sy seuns kon hy nie huishou nie en hy het die verhouding en dissipline totaal verwaarloos. Die gevolg was uiteindelik ‘n bloedige burgeroorlog en Dawid moes vlug vir sy lewe. Die hele volk Israel was in wanorde, ellende en bloed gedompel omdat Dawid nie sy gesin behoorlik kon lei nie!

Die gesin is die leerskool vir enige leier. Daar

leer jy om die regte soort besluite te maak. Dis ook die primêre plek waar jy leer hoe om jou woede te hanteer. As ‘n kind ‘n onnosel ding doen en jy gee hom in ‘n woedebui sommer ‘n dwarsklap, is die kanse baie goed dat jy ‘n onbesonne ding sal doen as iemand in spitsverkeer ‘n dom ding doen. Dit is waar padwoede tot uiting kom. Voordat jy nie geleer het om sulke dinge op ‘n kalm, nugter en wyse manier in jou eie gesin te hanteer nie, sal jy nie in die bose wêreld daar buite die pyp kan rook nie! ‘n Gemeente is ‘n uiters komplekse “gesin,” waar daar nie net ‘n eggenoot en twee kindertjies betrokke is nie, maar ‘n skare van mense met uiteenlopende karakters en geite. Daar is dit soveel moeiliker om nugter en wys op dinge te reageer.

Om leiding te kan neem is egter slegs die begin. Goeie leierskap help absoluut niks as ‘n Christenleier se karakter besoedel is nie. Hitler was ‘n uiters bekwame en charismatiese leier, maar sy karakter was so verrot dat hy die hele wêreld in die gemors

gedompel het. Paulus se voorskrif aan Timoteus oor ouderlinge is dat hulle karakter “onberispelik” moet wees. Net om seker te maak dat Timoteus goed verstaan, spel hy uit presies wat hy bedoel met so ‘n onberispelike karakter. Drankmisbruik en geldgierigheid diskwalifiseer hom onmiddellik, en vir ’n rusiemaker is daar nie plek in so ’n leierspan nie. Verstandigheid en nugterheid is eienskappe wat op elke Christenleier se CV moet staan. Daarby kom beskaafdheid, gasvryheid en vredeliewendheid.

Dit is ook belangrik dat ‘n nuweling in die geloof nie sommer in die diep kant ingesmyt word nie, want dit neem tyd om ‘n vaste geloof te vestig. Versoekinge kan so ‘n persoon maklik laat struikel!

Wat vir ouderlinge geld, geld net so ook vir diakens. Hulle is by uitstek die organiseerders van die liefdesgemeenskap in die gemeente en een van hulle belangrikste take is om toe te sien dat niemand deur enige gebrek of omstandigheid ly of van ‘n

gemeente vervreem word nie. As jy ooit gedink het dat ‘n diaken slegs ‘n kollektant is wat die gemeente se offergawes gaan insamel, dan is jy verkeerd. Die diaken se taak is veel groter en hy moet dit met groot deernis uitvoer. Die moderne tendens is dat die ouderling en diaken se taak gekombineer word, met ‘n ander benaming.

Uit vers 11 kan ons dalk aflei dat vroue ook in die amp van diaken gedien het in Efese. Indien dit wél so was, dan was dit ‘n reuse stap op die geloofspad, veral as ons dink aan die lot van die vrou waarvan ons in die vorige dagstukkie gelees het.

Wanneer ons hierdie gedeelte lees, kan ons nie anders nie as om na ons eie lewe te kyk. As ek ‘n ouderling of diaken is in ‘n gemeente, moet ek ‘n slag baie krities introspeksie doen in die lig van wat Paulus hier sê. Voldoen ek aan al die vereistes? Is my lewensstyl onberispelik? Is ek vredeliewend of soek ek dalk net ‘n kans om iemand uit te trap? Lê ek nugterheid en verstandigheid aan die dag wanneer ek

besluite moet neem in die gemeente? Is ek bereid om inskiklik en die minste te wees? Hanteer ek my leierskap met deernis en selfopoffering? Dra ek ander se belange op die hart, of gaan dit slegs om my eie eer en status? Hierdie is ‘n baie belangrike saak wat elkeen van ons biddend moet benader.

Gebed:

Here, as ouderling skiet ek so bitter ver tekort. Alleen U hulp en krag en leiding kan my in hierdie amp dra!

10

# Die Trein

## 1 Timoteus 3:14-16

**VIDEO | OUDIO**

Toe ek in standerd 9 (graad 11) was het my ouers na Durban verhuis. Ek moes agterbly op Waterval Boven om eers matriek klaar te maak. Skoolvakansies het ek met die trein gery na Durban om vir my ouers te gaan kuier.

Die trein het net na donker in die aand uit Waterval Boven vertrek en dan gery tot op Machadodorp, sowat 15 kilometer verder waar die wa afgehaak is om oor te staan vir die nag. Die volgende oggend vyfuur het die trein na Piet Retief daar verbygekom, dan is my wa daar aangehaak. Dit was gewoonlik maar ’n bitter koue nag op daardie vervelige eendonkiedorpie!

Dis presies vyfuur as die skril fluitjie van die kondukteur dáár agter van die kondukteurswa af my ore laat tuit: “Prrrrrt!” Met ’n blikkerige stem skree hy: “Aaaall

aboard!” ’n Spierwit pluim stoom pyl die lug in as die drywer die fluit se toutjie trek. Rookpaddastoele borrel die koue Hoëveldlug in terwyl die kragtige lokomotief sis en wit bolle stoom by die silinders uitblaas. Stadig en statig, gly-gly, al krakende en kreunende op die gladde spoor waar die ryp spierwit lê kom die swart kolos in beweging. Die swetende stoker gooi grawevol steenkool in die honger, vurige keelgat van die lokomotief in, terwyl die drywer halflyf by die “venster” uithang om mooi te kan sien verby die lang, blink-swart stoomketel.

Stadig kronkel die reuse duisendpoot om die draai, die ysige Hoëveld se grasvelde in. Carolina is die eerste stasie waar daar aangedoen word. Maar voor Carolina in sig is, word daar ‘n honderd keer stilgehou by elke klein sylyn, dikwels net om ‘n paar roomkanne op te laai. “Die Melktrein,” so het hulle hierdie trein gedoop omdat hy letterlik vir elke emmer melk langs die pad stop. Dit voel soos ‘n ewigheid voor ons Carolina binnestoom. Dan kom Breyten en Ermelo

met ‘n duisend en een klein stasietjies tussenin. Piet Retief kom eers die volgende oggend en daar staan jy ’n volle halwe dag! Drie vervelige dae lank ry-stop-ry-stop die trein om by Durban uit te kom. Drie dae van die tyd omwens en by die venster uitstaar en luister na die klik-klak van treinwiele oor die spoorlaste.

In ‘n sekere sin is ‘n gemeente ook soos ‘n trein. Daar is die personeel - die drywer, stoker, kondukteur en die kelners wat soos miere in die eetwa rondhardloop terwyl die kok voor gloeiende potte sweet. Die res ry saam, eet saam en doen verder niks. Hoe anders kan dit nie wees nie! Sê nou net die “passasiers” besluit om ook deel te wees van die span. Op die moderne treinsafari's neem elke reisgenoot aktief deel, want vir hulle gaan dit nie net om by die bestemming te kom nie, maar die hele reis is ‘n belewenis waarvan hulle elke oomblik wil indrink en geniet!

Kerk kan ook ‘n bitter vervelige aangeleentheid wees. Die “personeel” sorg

vir alles: die dominee preek, die koster hou die kerk in stand, die musiekspan sorg dat ons sing, die tegniese ouens versorg die klank en die kerkraad organiseer die hele spul. Ek gaan maar net kerktoe en steur my nie veel aan wat agter die skerms aangaan nie.

Maar sê nou net ons sou almal sélf inspring en begin saamwerk, dan kom jy agter dat dit gladnie so vervelig is as wat jy gedink het nie! Dan kan dit lekker raak!

Paulus noem die gemeente “die huisgesin van God” (v.15). In ‘n huisgesin is dit nie net Pa wat werk vir geld en Ma wat die spul kos gee nie. ‘n Suksesvolle en gelukkige huisgesin is een waar elke lid saamwerk om die ratte geolie te hou.

In ‘n lewende gemeente is daar drie elemente wat belangrik is: Die eerste is die leier wat sy span moet motiveer. Gewoonlik is dit die leraar. Die tweede is die ander leiers met spesifieke take. Een van hulle belangrikste take is om die res van die gemeente te inspireer om saam te werk. As

leiers alleen ‘n taak moet uitvoer, sit jy baie gou met ‘n uitgebrande leierskorps. Dit is daarom van uiterste belang dat gemeentelede aktief deelneem om die “trein” aan die stoom te hou. ‘n Suksesvolle “gemeentetrein” word al hoe langer en langer, want mense sien dat daar iets positief aan die gebeur is en hulle wil deel word daarvan. Dit lyk lekker!

So hoor ek mense wat kla dat hulle geestelike lewe so vervelig is of ‘n laagtepunt bereik het. As jy slegs ‘n passasier is, sal dit inderdaad jou lot wees! As jy egter die besluit neem om deel te wees van die “personeel”, begin jy agterkom hoe opwindend daardie “treinrit” kan word. Vir my is kerk ‘n groot avontuur en ek raak opgewonde oor baie dinge in die gemeente. En omdat ek sélf aktief deelneem, sien ek ook die probleme wat ander leiers ondervind in totaal ‘n ander lig. Nou kritiseer ek nie as die dominee “laks” is nie, maar probeer hom eerder help om deur sy werklas te kom. Ek sien die wonderlike doel aan die einde en ek weet

opgewonde dat die deeltjie wat ek doen, help om by daardie eindbestemming uit te kom.

Maar terselfdertyd gaan dit nie net om die eindbestemming nie. Die ganse rit is vir my een groot avontuur!

Gebed:

Dankie Here, vir die wonderlike voorreg om deel te kan wees van die opwindende span van U Koninkrykstrein!

# 11

# Die Rooi Hoenderhaan

# 1 Timoteus 4:1-6

**VIDEO | OUDIO**

Daar was eenmaal ‘n haan op ‘n plaaswerf, ‘n rooie met sulke mooi goue haailaaits wat sy blink veredos ékstra laat blink het. Op sy kop het ‘n kroon gepryk, ‘n trotse bloedrooi kam wat windmakerig kiertsregop gestaan het. As Haan oor die werf gestap het, dan het almal gewéét: hier kom die baas! Wat Haan gesê het was wet en niemand het met hom durf stry nie. Die hen wat hom sou teëgaan het met sy geniepsige spore te doene gekry. Haan se grootste taak in die lewe was om te sorg dat die son elke oggend opkom. Kort voor dagbreek het hy tot op die bopunt van die stellasie geklim en dan het hy uit volle bors gekraai sodat dit weergalm oor die werf. Dan het die son wakker geskrik en opgekom! Al die diere op die werf het met groot respek en ontsag toegekyk hoedat Haan die son uit die grasveld laat verrys het.

Op ‘n mooi dag verjaar Vark, en hy gooi ‘n groot partytjie. Tot laatnag het dit gerinkink en natúúrlik was Haan weer die voordanser. Maar toe gebeur die tragiese ding in Haan se lewe: die volgende oggend verslaap hy totaal. Toe Haan die slaap uit sy benewelde oë vryf, sien hy tot sy ontsteltenis dat die son alreeds hoog in die lug vir hom lag. Haan skrik so groot dat hy bo van die stellasie afval sodat sy pragtige stertvere morsaf breek. Tot sy groot skok moes hy uitvind dat dit toe nooit hý was wat die son laat opkom nie! Skielik het die werfdiere se respek vir hom soos mis voor die son verdwyn. Haan was verslae! Nooit weer was hy dieselfde nie!

As jy leiding wil neem in ‘n gemeente, moet jy uiters versigtig optree. Paulus bestee die meeste aandag in sy brief aan hierdie onderwerp en dit is veral die leraar wat onder die vergrootglas kom. Hy praat direk met Timoteus, maar op inspirerende wyse praat hy ook met elkeen wat geroep is om leiding te neem in ‘n gemeente. Haan moes op die harde manier leer dat hy nie die son laat

opkom het nie, maar dat hy slegs die boodskapper was van die son se verskyning. Dat hy boonop al die jare ‘n dwaalleer verkondig het! Hy was ook nie verhewe bo die ander diere nie, al het hy so gedink. Op dieselfde wyse moet ‘n leraar elke oomblik daarvan bewus wees dat God die ware hoof van die gemeente is en dat hy slegs die boodskapper is wat namens die Here die leiding neem. Hy is nie verhewe bo die gemeente, of buite hulle nie maar deel van hulle. Saam met die gemeente moet hy aan God se doel beantwoord.

In die eerste paar verse van hoofstuk vier praat Paulus oor die bedieningsomstandighede van ‘n leraar. Gelowiges word herhaaldelik gewaarsku teen die moeilike omstandighede waaronder die bediening sal plaasvind in die tyd voor Jesus se terugkeer. Die duiwel is bitter omgekrap oor die situasie en hy wend ‘n laaste wanhopige poging aan om die kerk te laat sink. Hy misbruik selfs leraars om die kerk van God te probeer vernietig deur hulle wys

te maak dat sekere Bybelse waarhede mites is. Soms gaan hulle voort en verkondig dan die valse leerstellings. Aan die begin is hulle onseker en hulle gewetens pla. Algaande begin hulle egter vas glo dat hulle dwaalleer die waarheid is. ‘n Voorbeeld hiervan is diegene wat Jesus se maagdelike geboorte asook Sy opstanding bevraagteken. Hulle werk kan dalk baie goed deur Paulus beskryf word in 1 Tim 4:1: “**Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bose geeste aanhang.**” Hy sê verder: “**Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is.**”

In Paulus se tyd was een van die seer sake dat sekere leraars die ou Joodse wette weer wou toepas, veral die wette oor wat jy mag eet en watter kos sonde is. Vandag moet ‘n leraar steeds versigtig wees om nie sonde te preek waar daar nie sonde is nie! Sonde lê nie in die dinge nie, maar in die hart. Jy kan alles op aarde geniet **MITS** dit volgens die Bybel toelaatbaar is en jy dit doen as deel van ‘n gelowige verhouding met God, ’n

verhouding wat behels dat jy alles meet aan die Woord en Hom daarvoor dank.

Die vraag is: wat behoort die leraar dan te preek? ‘n Leraar moet weet dat hy ‘n dienaar van die opgestane Christus is en dat hy dus te alle tye Christus se verwagtinge aan die gemeente moet voorhou, selfs al hou hulle nie daarvan nie.

‘n Leraar kan egter nie net altyd gee nie. Hy sal uitbrand as hy nie ook gevoed word nie! Daarom moet hy sélf die dinge wat hy preek navolg en aanhang. (Die dagstukkies wat ek skryf praat dikwels baie harder met myself as met die lesers!)

Dit is ook uiters belangrik dat lidmate in ‘n gemeente óók die geestelike nood van ‘n leraar sal raaksien. Dikwels het hy ook die dringende behoefte om sy hart uit te stort teenoor iemand wat bereid is om te luister. Die geleerdes sê dat ‘n predikant die beroep het wat die hoogste stresvlakke beleef. Dag na dag moet hy luister na ander se probleme. Hy moet troos en bemoedig en ander se laste op sy skouers dra. Wanneer hierdie

dinge te veel word, het hy iemand nodig wat hom kan bemoedig en sy hande sterk maak.

Gebed:

My gebed gaan vanoggend uit na elkeen wat die Woord verkondig. Here, gee hulle asseblief wysheid en krag om blymoedig voort te gaan met hulle taak!

12

# Bly Volhard Soos Atlete

## 1 Timoteus 4:6-9

**VIDEO | OUDIO**

Die gimnasium is gewoonlik ‘n baie gewilde plek. Daar word geoefen, ge-fietstrap, gedraf en gesweet dat die biesies bewe! Sommige van die “martelare” hyg en blaas en elke oomblik is ‘n pyniging, maar hulle byt vas! Ander weer doen vir ure aanmekaar die mees moordende oefeninge sonder ‘n druppeltjie sweet. En dan is daar natuurlik altyd die paar wat maar net daar rondhang om raakgesien te word, of om die mooi lywe uit te kyk.

Die feit is egter dat enigeen wat ‘n goeie atleet wil wees, daagliks tyd moet spandeer in daardie martelkamer. Om ‘n ware presteerder op die baan te wees, moet jou spiere soepel, glad en sterk wees en dit kry jy beslis nie deur langs die swembad te lê en ginnegaap nie. Dit kos harde werk en emmersvol bloedsweet. Dit help ook nie as jy

maar net elke nou-en-dan ‘n oefensessie inkry nie! Dit kos daaglikse dissipline en uithouvermoë om so gereeld soos klokslag presies genoeg van die regte soort oefening in te kry!

Paulus sê in vers 8 dat om jou liggaam te oefen wél so ‘n bietjie waarde het, maar om in toewyding aan God te lewe het in alle opsigte gróót waarde. ‘n Lui, oorgewig atleet wat heeldag in die kooi lê, gaan dit absoluut nêrens bring op die atletiekveld nie. Net so gaan ‘n geestelike oorgewig en lui gelowige dit nêrens bring op die geloofsveld nie. Hy gaan maar net daar wees! Dikwels hoor ek mense kla dat hulle verhouding met die Here veel te wense oorlaat. Hulle bly terugval en hoe “hard” hulle ookal probeer, kom hulle net nêrens nie. “Ek kom nou nie juis so gereeld in die kerk nie,” glip gewoonlik êrens in die gesprek uit. Die simptome is gewoonlik dat hulle sukkel om te bid, dat dit voel asof hulle gebed nêrens kom nie en dat die Here nie luister nie. Boonop is Bybel-lees ‘n marteling, want hulle verstaan nie wat hulle lees nie.

Dan is daar gewoonlik ook die een of ander verhouding met ‘n medegelowige wat nou nie juis maanskyn en rose is nie. Soms is dit selfs die verhouding met ‘n huweliksmaat.

Hierdie is gewoonlik alles simptome van ‘n “lui” verhouding met God. Hoe fikser ‘n atleet is, hoe beter vaar hy op die veld. Dieselfde geld in die geloofslewe: hoe fikser jy geestelik is, hoe beter is jou verhouding met die Here. En hoe raak jy fiks? Deur te oefen!

Waar begin so ‘n oefenprogram? Die heel eerste stap is om ‘n gereelde stiltetyd vir jouself in te stel - ‘n tyd wat jy opsy sit vir God. In hierdie tyd raak jy stil voor die Here, spandeer tyd in gebed en lees uit die Woord. ‘n Goeie kommentaar maak jou Bybellees sinvol, veral as dit agtergrond verskaf oor die gedeelte. Die voordeel van ‘n kommentaar is dat dit jou ‘n deeglike agtergrond gee van wat die omstandighede was toe dit oorspronklik geskryf is, en wat presies die skrywer daarmee bedoel het. Dit gaan nie hier slegs oor geskiedenis nie, maar dit help my om te verstaan wat die gedeelte vandag

vir my wil sê. Dit is dan ook baie nodig om tyd te spandeer om die gedeelte wat jy gelees het deeglik biddend te oordink en dit jou eie te maak.

Wat bereik jy deur so ‘n oefening? Kennis van die Woord is baie belangrik want sodoende verbreed jy nie alleen jou Bybelkennis nie, maar ook jou kennis van die omstandighede in die skrywer se tyd. Die tweede belangrike ding waarby jy baat is dat jy ‘n duideliker beeld kry van God se wil in jou eie lewe. Die belangrikste is egter dat die tyd wat jy so saam met God spandeer absoluut kosbaar is. Geestelik word jy versterk en jy leer om nader aan God te leef.

Nou kan jy nog ‘n stappie verder gaan en elke dag neerskryf wat jy leer uit die gedeelte. Begin met ‘n enkele sinnetjie. Later kan jy dit uitbrei na ‘n paragraaf en uiteindelik kan jy ‘n hele oordenking skryf oor elke dag se ondervinding saam met God. Dit werk baie goed om te probeer om iets te skryf sodat iemand anders dit kan verstaan. Nie alleen kan dit uiteindelik vir iemand anders

waarde hê nie maar dit brand die gedagte vas in jou geheue. Dit is presies wat ek elke dag doen. Die voordeel is dat nie alleen ekself baat vind hierby nie, maar elkeen met wie ek dit deel vind baat en kan leer uit my ondervinding.

Nou sê jy dalk dat hierdie gedeelte mos eintlik vir leraars geskryf is. Hoe kry ek dan nou die kloutjie by die oortjie? Die feit is dat wat vir my en jou as "gewone" lidmate geld, geld ook vir leraars. Vir hulle moet die "oefening" egter nog baie meer intens wees omdat die wedloop soveel strawwer is. 'n Leraar moet elke dag op sy tone wees en nie vir 'n oomblik sy oefening laat slaplê nie, want op sy skouers rus daar 'n geweldige groot verantwoordelikheid. 'n Hele gemeente kyk op na hom vir geestelike leiding en as sy verhouding met die Here nie na wense is nie, is sy leiding afgewater. Sy taak is om die gemeente te leer en as hy nie gedurigdeur studeer nie, gaan die kennis wat hy moet oordra verflou. Daagliks moet hy 'n steunpilaar wees vir mense in nood en as hy

sélf nie die nodige krag van die Here kry nie, sal hy inmekaar sak onder die druk. Jjuis om hierdie rede word leraars verplig word om kursusse by te woon om hulle ampsbevoegtheid te behou.

In kort kan ek net opsom: Oefen, oefen, oefen - so kom en bly jy bo!

Gebed:

Here, ek bely dat ek dikwels laat slaplê. Gee my asseblief die deursettingsvermoë om gereeld my geestelike oefening te doen met passie!

# 13

# Stel 'n Voorbeeld

# 1 Timoteus 4:10-16

## VIDEO | OUDIO

Wat 'n wonderlike voorreg is dit om te kan dien as Christenleier! Dis egter nog 'n véél groter voorreg as iemand jou vra: "**Hoe word ek 'n Christen?**" Dit is seker die grootste vreugde wat jy 'n Christenleier kan gee, om hom so 'n vraag te vra want dit gee hom die geleentheid om die heerlike boodskap van Jesus se verlossing met daardie persoon te kan deel. Ek het my hoop ten volle op die lewende God gevestig, nie uit my eie krag nie maar omdat Hy my genadig was en vir my daardie hoop gegee het. Nou het ek die voorreg en geleentheid om dit ook met ander te kan deel, want Paulus stel dit baie duidelik in vers 10 dat Jesus die Verlosser is van alle mense en dit beteken ook van Moslems, Hindoes en selfs ateïste! Die voorwaarde is dat hulle eers in Jesus glo! "Van almal wat glo." sê Paulus (v.10).

My pleidooi by jou as Christenleier is dan ook dat jy jou daarop sal toelê om in die héél eerste plek die wonderlike boodskap van verlossing met almal met wie jy in aanraking kom te deel. Die boodskap is eenvoudig en dit bring soveel borrelende vreugde, nie alleen vir die persoon met wie jy dit deel nie maar ook vir jouself, jou medegelowiges en selfs die engele in die hemel!

Moontlik wil jy wal gooi met: “Nee, ek is te jonk; te onervare; te oud; te wat-ookal!” Timoteus was ook maar ‘n jong kêreltjie van iets in die dertig toe hy as leraar van Efese aangestel is. Vir daardie jare was dit ongehoord dat iemand só jonk sou leiding neem, wat staan nog om ‘n hele gemeente te lei! Vir hom om die vertroue van die gemeente te wen, was ‘n byna onbegonne taak. Vir séker sou die gemeente baie skepties gewees het of hierdie mannetjie ooit die mas sou kon opkom.

Hoe maak jy om hulle vertroue te wen? Paulus se goeie raad aan Timoteus was om in ‘n toenemende mate daarop te

konsentreer om ‘n voorbeeld te stel. Dit beteken nie dat hy só moes leef dat die ouer mense met hom tevrede moes wees nie, maar dat hy die voorbeeld van ’n gelowige se lewe moes uitleef. Nie volgens die verwagtinge van ander mense nie, maar met toewyding aan God. Deur in opregtheid jou geloof uit te leef, word jou persoonlike lewe mettertyd ook ’n voorbeeld vir wantrouige medegelowiges om na te volg.

Selfs al is jy dalk baie jonk kan jy steeds as Christenleier die egtheid van jou geloof uitleef deur selfopoffering, vertroue op God en ‘n lewe volgens die riglyne van die Bybel (woord, gedrag, liefde, betroubaarheid, reinheid – v.12 - 2020 vertaling).

Die vraag ontstaan: Waarop moet ‘n Christenleier hom dan toelê? Wat is werklik belangrik?

Jy kan ander se vertroue wen deur die aandag te verskuif van **jou persoon** na **jou roeping**. Dit is nie Timoteus waarvan die lidmate in Efese moet weet nie, maar hulle moet weet wie God is. Dit is nie Louis Nel

wat belangrik is in hierdie dagstukkie nie, maar die boodskap wat die Here hierdeur gee. Timoteus word dus in vers 13 deur Paulus opgeroep tot "voorlesing, bemoediging en onderrig". Hy was wel jonk, maar hy het die gawes daarvoor gehad en dus moes hy dit gebruik. Ons het nie almal die gawes wat Timoteus gehad het nie, maar die Here vra van my en jou om die gawes wat Hy ons wél gegee het te gebruik tot Sy eer.

As die Here ons geroep het vir 'n sekere leierskapstaak, dan kan ons ook vertrou dat Hy ons die nodige toerusting daarvoor sal gee. Toe Hy my geroep het vir die taak om dagstukkies te skryf, het ek viervoet vasgesteek: "Here, maar ek is mos nie 'n skrywer nie!" Ek het alkante toe probeer uit hierdie tameletjie kom. Toe ek egter eers begin skryf, kon ek net nie ophou nie! Dis heerlik! Hy het my die toerusting gegee wat ek só nodig gehad het. Kyk gerus 'n bietjie na die gawes van kundigheid wat die Here vir jou gegee het. Gebruik jy dit tot Sy eer? Ek

daag jou vandag uit: Lê jou daarop toe om daardie gawes voluit vir die Here te gebruik! Wanneer jy jou gawes gebruik, word hulle geslyp en gepoleer totdat hulle naderhand seepglad loop. Gebruik jy hulle nie, dan begin hulle kwyn totdat hulle naderhand totaal verdwyn.

Mense mag jou dalk wantrou, maar as jy volhard in 'n Bybelse benadering, jou gawes gebruik, hard werk en jou bekwaamheid oefen, sal jy mense oortuig dat jy inderdaad tot hulle voordeel in God se diens staan.

Ten slotte kom Paulus weer by die primêre doel van die gemeente van 1 Tim 2:3,4, naamlik om diensbaar te wees aan God se plan sodat alle mense gered kan word. Elke Christenleier moet hierdie doel najaag! In die eerste plek moet jy fokus op jou eie lewe en seker maak dat dit in ooreenstemming is met God se Woord en vir Hom aanneemlik is. Jou loon is die wonderlike genade van Hom oor Wie alles gaan. Nie alleen kry jy redding nie, maar so ook almal wat jou boodskap van verlossing hoor en aanneem. Wat 'n

wonderlike voorreg is dit om te kan dien as Christenleier!

Gebed:

Dankie Here, dat U so wonderlik genadig was om my deel te maak van U span wat werk in U Koninkryk!

## 14

## Weduwees

## 1 Timoteus 5:1-8

**VIDEO | OUDIO**

As jou lewensmaat van die afgelope 50 jaar skielik nie meer daar is nie, dan is daar ‘n reuse leemte in jou lewe. Wanneer die een met wie jy elke dag kon gesels, jou vreugdes en bekommernisse deel, skielik net nie meer daar is nie, raak jy uitgehonger vir ‘n bietjie gesels. In ons gemeente is daar 'n groot aantal weduwees. Hierdie dames is gewoonlik uitgehonger vir ‘n bietjie gesels want hulle het niemand meer met wie hulle gedagtes en herinneringe kan deel nie. Dis veral herinneringe van die mooi tye saam met hulle maat wat nou nie meer daar is nie.

Maar waar is hulle kinders dan? Die kinders en kleinkinders is versprei oor die wêreld, Kanada, Engeland, Australië, Amerika. Omdat die kinders en veral die kleinkinders so verskriklik ver is, maak dit die verlange nog groter!

In die volgende twee hoofstukke gee Paulus praktiese raad vir die Christenleier oor verskillende omstandighede waarin hy homself kan bevind. Hy praat uit rype ervaring want hy het al sélf deur die meule gegaan. Hy kan vir Timoteus in Efese baie goeie raad gee want hy het sélf vir drie jaar daar gewerk. As jy ‘n jong Christenleier is, kan jy baie baat vind om praktiese raad te kry van iemand wat al lank in die bediening staan. Dit is ook van baie groot waarde om gereeld met ander Christenleiers saam te kom en julle probleme en blydskap met mekaar te deel. Dit is bemoedigend, opbouend en vertroostend.

Wat is Paulus se raad aan Timoteus?

In die eerste twee verse verduidelik Paulus hoe jy te werk gaan om te “vermaan”. Hierdie woordjie is ‘n samestelling van twee woorde: “om te roep” en “tot by”. Ons kan dit dus só verstaan, dat jy iemand roep om by God uit te kom. In die oorspronklike Grieks is daar ook ‘n konnotasie van aanspreek, vertroosting en bemoediging opgesluit in die

woord. Dus kan ons die woordjie opsom deur te sê dat dit beteken om mekaar bemoedigend op Bybelse voorskrifte te wys. Paulus gee vir Timoteus vier verskillende situasies waar vermaning toegepas kan word en hy verduidelik dat jy elkeen anders moet benader. Jy moet dit dus met takt en oorleg doen. Die goue reël is dat jy iemand wat jy vermaan moet behandel asof hy deel van jou eie gesin is, met ander woorde met groot liefde!

Vervolgens kom Paulus by een van die grootste tameletjies in Efese, die weduwees. Hy spandeer baie tyd aan hierdie onderwerp, want in Efese was dit ‘n reuse, knellende probleem. Vir húlle was daar geen pensioen, welsyn of regte nie en as alleenvrou was 'n weduwee weerloos uitgelewer aan die genade. Boonop was sy haar lewensmaat kwyt en dus baie eensaam. Paulus gesels met Timoteus oor hoe jy hierdie probleem moet aanspreek. Terselfdertyd sê hy ook dat daardie weduwees beslis ‘n plek in die gemeente het en dat hulle daar ‘n goeie

diens kan lewer.

In ons eie land het die staat vir baie jare ‘n groot deel van die verantwoordelikheid van die versorging van oumense gedra. Vandag is dit egter baie anders. Dit is nie meer die staat se plig nie, maar ‘n gesinstaak. Gelowiges moet gemotiveer word om hierdie verantwoordelikheid teenoor hulle oumense te aanvaar. Dis immers volgens die wil van God! Paulus spel dit baie duidelik uit in 1 Tim. 5:4. Jy lees ook daarvan in die Tien Gebooie in Eks. 20:12 waar daar staan: “Eer jou vader en jou moeder.” Paulus is só ernstig oor hierdie saak, dat hy sê dat iemand wat dit nie nakom nie, slegter is as ‘n ongelowige (v.8)!

Maar wat dan van die weduwees wat alleen agtergelaat is sonder kinders om vir hulle te sorg? Hulle is die verantwoordelikheid van die gemeente! Dikwels is fisiese versorging of fondse nie die grootste nood van sulke oumense nie, maar eensaamheid. ‘n Kuiertjie of WhatsApp op die regte tyd, kan wondere doen. Maar as dit moontlik is, moet jy hulle

probeer betrek in die gemeente se aktiwiteite sodat hulle kan weet dat hulle nie afgeskryf is nie, maar steeds nodig is.

Daar is egter ook ‘n ander sy aan die saak: ‘n Weduwee moet nie haar nood probeer uitspel met ‘n uitspattige lewe, om sodoende te probeer aandag trek nie. Dis nie ék wat so sê nie, maar Paulus sê só in vers 6. Bring jou nood na God in gebed en Hy sal die regte mense op jou lewenspad stuur.

In ons eie gemeente is die Vrouediens (“Vroulief” noem hulle hulleself) aktief betrokke om die nood te verlig by ‘n tehuis vir bejaardes in Durban. Gereelde kuiertjies, geskenkies ens. maak die lewe vir daardie bejaardes net soveel meer draaglik. Daar is ook persone wat gereeld omsien na die weduwees in ons eie gemeente, help met inkopies, naels versorg ens. Dalk lê die Here dit op jou hart om ook betrokke te raak en ‘n bietjie vreugde te bring in die lewe van daardie eensames van die lewe. Dalk kan jy net elke dag hierdie dagstukkies uitdruk en by ‘n tehuis vir bejaardes gaan afgee, of die

opname daarvan vir die ouer mense gaan speel wat nie meer goed kan sien nie. Dit kan dalk die hoogtepunt van die dag word vir iemand.

Raak betrokke!

Gebed:

Here, my hart gaan vanoggend uit na soveel bejaardes wat eensaam en verlate sit en wag op die einde. Stuur asseblief iemand met deernis na hulle!

## 15

# Weduwees Wat Kóók

## 1 Timoteus 5:9-16

**VIDEO | OUDIO**

Gister het ek genoem dat daar in ons gemeente sommer ‘n groot aantal weduwees is. Meeste van hulle is vroue vir wie se hande daar niks verkeerd staan nie. Waar hulle saamkoek, kan jy séker wees word daar dinge gedoen! As jy dink aan weduwees, dan kom die gedagte by jou op van ‘n ou tannie wat op ‘n rystoel sit en wieg, met ‘n kniekombersie en ‘n kat op haar skoot. Om haarself darem so half-en-half besig te hou, hekel sy. Nie híérdie weduwees nie! In ‘n groot mate is hulle die naaf waarom die gemeente se wiel draai, want daar is haas géén gemeente-aksie waar daar nie ‘n paar van hulle aktief betrokke is nie.

Beplan jy ‘n sosiale geleentheid, dan is daardie klomp die eerste om hulle plekkie te bespreek. Dan kan jy ook maar weet, daar gaan weer dinge uitbroei wat kóók! As dáái

klomp bymekaar is, kan jy net gróót sports verwag!

Dit is baie interessant dat Paulus met Timoteus in vers 9 praat van die “lys van dienende weduwees”. Dit wil voorkom asof hierdie vroue al vir die afgelope 2000 jaar so saamgestaan en saamgewerk het. Paulus noem die eienskappe wat ‘n vrou moes hê om deel van daardie “uitgelese groep” te kon word. Sy moes haar kinders goed opgevoed het, getrou gewees het aan haar man, vreemdelinge gehuisves het, verdruktes gehelp het, ensomeer. Met ander woorde, sy moes baie goeie deugde gehad het.

Wanneer ‘n vrou haar lewensmaat verloor, is dit ‘n reuse verlies in haar lewe. Vir veertig of vyftig jaar het hulle saam swaargekry, saam die krisisse van die lewe deurgemaak, saam blydskap en mooi dinge beleef. En skielik is hy nie meer daar om hierdie dinge met haar te deel nie. Skielik is die huis leeg en daardie stilte dryf jou teen die mure uit! Hy is nie meer daar om jou raad te gee, te troos en dingetjies vir jou te doen nie. In Paulus se tyd

was dit nog véél erger. So ‘n vrou se hele lewensbestaan het verander, want skielik het sy géén inkomste meer nie en sy moet staatmaak op die aalmoese van ander. Onthou, anders as vandag, kon vroue nie werk om 'n inkomste te verdien nie.

Wanneer so ‘n slag jou tref, is jou eerste reaksie om op ‘n hopie te gaan sit en jouself jammer te kry. Die probleem is dat ledigheid die duiwel se oorkussing is! As jy gaan sit en tob en niksdoen, dan begin allerhande onheilighede in jou gedagtes uitbroei. Dan het jy tyd om skinderstories op te maak en kwaad te stook. So 'n persoon raak bemoeisiek en praatsiek en uiteindelik maak sy bloot ‘n oorlas van haarself! Gelukkig is daar in vandag se lewe baie meer ruimte vir ‘n weduwee as in Paulus se tyd, veral ‘n jonger een, om steeds ‘n roeping of beroep in die samelewing uit te leef. Ledigheid hoef vandag beslis nie deel van haar lewe te wees nie!

Dit is die plig van die gemeente om ‘n weduwee weer in die samelewing op te

neem. Naas die materiële hulp wat sy nodig het, moet sy opgeneem word in die “lys van dienende weduwees.” Dit is deel van die versorging deur ‘n gemeente! Daar moet ruimte geskep word vir hierdie vroue, sodat hulle nie alleen "uit die kattekwaad gehou word" nie, maar terselfdertyd diensbaar kan wees vir die samelewing. Hulle moet dus wéét dat hulle êrens behoort en dat hulle beslis baie nodig is in die gemeente en samelewing.

Dit wil voorkom asof die vroue in Efese baie goed georganiseer was en dat hulle selfs ‘n belofte voor Christus moes aflê om deel te kon wees van die groepie van “dienende weduwees”. Waarskynlik het die belofte ingehou dat hulle hulle daarop sou toelê om goeie dade te doen. Moontlik het hulle gedien as verpleegsters, maatskaplike werkers, gasvroue of nooddienswerkers.

Omdat ’n weduwee gewoonlik al redelik aangestap het in die jare, het sy ‘n ryke lewenservaring en is haar geloof gebou, getoets en versterk oor baie jare. Hierdie is

dinge wat van onskatbare waarde is. Elke gemeente sit hier met ‘n ryk bron wat hulle kan ontgin en gebruik op baie vlakke in die gemeente.

As jy ‘n leidende rol in jou gemeente speel, is dit dalk vandag die tyd om te gaan sit en dink of die weduwees in jou gemeente in die eerste plek die genoegsame versorging kry, nie alleen fisies nie maar ook geestelik. ‘n Baie belangrike deel van die geestelike versorging is om hulle te laat voel dat hulle nodig en bruikbaar is. Die vraag wat jy dus moet vra is of hulle ervaring na wense in die gemeente aangewend word? Word daar vir hulle ruimte geskep om hulle jarelange kennis uit te leef? En baie belangrik: word hulle aktief betrek?

As jy ‘n weduwee is, is my pleidooi vandag by jou om nie op ‘n hopie te gaan sit nie. Skakel aktief in! Leef voluit! Stel jouself beskikbaar en leef jou talente ten volle uit. Nie alleen versag dit die groot seer en die leë plek wat jou lewensmaat gelaat het nie, maar dit gee jou ‘n nuwe doel om na te jaag. Dit

gee jou ‘n splinternuwe lus vir die lewe en ‘n wete dat jy nodig en bruikbaar is in jou gemeente en samelewing!

Gebed:

My gebed gaan uit na al die weduwees wat vanoggend met ‘n groot seer en leegheid sit. Here, versterk hulle en gee hulle weer ‘n doel om na te streef!

16

## Kritiek en Vergoeding

## 1 Timoteus 5:17-23

**VIDEO | OUDIO**

Vir baie jare al is ek betrokke by die opstel van ons gemeente se nuusbrief. By verskeie geleenthede het iemand my in die oor gefluister dat daar ongelukkigheid was oor die een of ander aspek van die nuusbrief. "Die **mense** kla oor sus en só," het die persoon dan vir my gesê. Natúúrlik raak 'n man mos bekommerd wanneer mense nie meer gelukkig is met die produk wat jy lewer nie. Toe begin ek navraag doen oor wie almal dan nou só ongelukkig was. Tot my groot verrassing moes ek uitvind dat hierdie "**mense**" gewoonlik slegs een enkele persoon was! Ek het later geleer om te vra: "Hoevéél mense kla?" Ook oor hierdie dagstukkies was daar ook al hewige kritiek, mense wat kla dat hulle te lank is, te ingewikkeld, te vol stories, te wat-ookal. Die probleem is dat as ek dit moet verander elke

keer as iemand kla, dan kan ek dit net sowel opgee want jy sal nóóit almal kan tevrede stel nie!

Hewige kritiek op die manier wat leiers dinge hanteer, sal daar altyd wees. Leierskaptwis het boonop as gevolg hiervan al baie skade berokken in ‘n gemeente. Natuurlik is opbouende kritiek ‘n baie goeie ding en daaroor het ek géén probleem nie. Iemand het eenmaal vir my geskryf dat my dagstukkies wemel van spelfoute en dat dit steurend is. Ek móés iets daaraan doen! Vir die oomblik het ek seergemaak gevoel, maar dit het my tot aksie gedwing om elke oggend iemand te kry (my Mosbolletjie) om dit eers te redigeer voordat ek dit uitstuur. Vandag sê ek gróót dankie aan daardie persoon wat my so positief gekritiseer het! Ek sê terselfdertyd ook ‘n baie groot dankie vir my Mosbolletjie wat so getrou my dagstukkies deurlees met ’n vergrootglas. Dit is egter negatiewe, afbrekende kritiek wat skade doen en sulke dinge moet in die gemeente ten alle koste vermy word. Die leraar is gewoonlik ook die

een wat die ergste moet deurloop, dikwels totaal ongegrond.

Gemeenteleiers moet veral hulleself daarop toelê om op só ‘n manier met ander leiers in die gemeente om te gaan dat dit die werk van God bevorder en nie afbreek nie. As leier moet jy jou eie optrede baie krities beskou en leer om jou medeleiers se goeie en swak punte te hanteer. Medeleiers wat hard werk, moet ondersteun en aangemoedig word en daar moet waardering vir hulle werk wees. Dit kos absoluut niks om vir iemand “dankie” te sê nie!

Dan is daar die omstrede kwessie van vergoeding: Ek het al by verskeie geleenthede gehoor hoedat ‘n leraar moet aanhoor dat hy gans en al te veel betaal word vir die enkele uur wat hy elke week werk (sic)! ‘n Sendeling merk eenmaal op, nadat daar besluit was om hom ‘n verhoging te gee: “Nou hoef ek nie meer te bid vir **sjielings** nie, maar ek kan vir **siele** bid!” Paulus haal aan uit Deut. 25:4 as hy sê dat jy nie ‘n bees waarmee jy dors se bek mag

toebind nie. Net soos die bees nie mag vrek van die honger nie, so mag jy nie toelaat dat ‘n persoon wat voltyds in jou diens is honger ly nie. Hy haal ook Jesus se woorde in Lukas 10:7 aan: “Die arbeider is geregtig op sy loon.”

Inderdaad is daar leraars wat hulleself verryk uit die Evangelie, maar hulle is nie hier ter sprake nie. Dit gaan hier oor die feit dat die leraars van die gemeente behoorlik versorg word en dat die gemeente hulle finansieel só moet dra dat hulle nie hoef te bekommer oor die materiële nie, maar ál hulle aandag kan skenk aan koninkrykswerk.

Dit bring ons by ‘n ander baie seer puntjie, naamlik sendelinge wat dikwels in haglike omstandighede werk en van ‘n hongerloon moet leef. Dikwels hoor jy iemand opmerk: “Die Here sal voorsien!” Ja, inderdáád voorsien die Here ryklik vir baie gemeentes en Hy wil juis húlle gebruik om vir daardie sendelinge te sorg. As daar dus ‘n brief kom na die kerkraad wat die nood van ‘n sendeling uitlig - moenie jou ore toedruk

daarvoor nie! Ons gemeente-gesin is baie groter as net ons eie leraar en lidmate! Die nood daar buite is baie groot.

Paulus raak ‘n verdere teer puntjie aan in vers 23 wanneer hy vir Timoteus vermaan om “nie langer net water te drink nie.” Paulus se raad aan Timoteus is: “Gebruik ‘n bietjie wyn vir die maag en vir jou herhaalde ongesteldhede.” Nee, hierdie is nie ‘n oproep om wyn te drink nie, alhoewel ek dit baie graag so sou wou sien! Christenleiers is berug vir hulle swak gesondheid! Die slim mense reken dat leraars van die heel hoogste stresvlakke van alle beroepe beleef. Daarby kom die gedurige kontak met ander siek mense, lang werksure, swak eetgewoontes, gedurige spanning - noem maar op. As ons hierby voeg, die dwaling dat ‘n Christenleier maar sy liggaam kan afskeep solank sy gees net reg is, dan sit ons hier met ‘n gróót probleem!

Paulus gee so ‘n stukkie eietydse raad en daarmee wil hy vandag vir ons sê dat die leraar sy liggaam moet oppas. Hy moet

omsien na sy gesondheid want ‘n fikse en gesonde Christenleier kan baie meer diensbaar wees vir ‘n gemeente as een wat sy gesondheid verwaarloos. As Christenleier moet jy dus ‘n punt daarvan maak om ‘n gesonde, gebalanseerde leefstyl en ‘n goeie eet- slaap- en oefenpatroon te handhaaf. Onthou: ‘n gesonde gees benodig ‘n gesonde liggaam!

Gebed:

Here, leer my asseblief om onpartydig, onbevooroordeeld en onberispelik op te tree teenoor ander!

# 17

# Diskriminasie

# 1 Timoteus 6:1,2

**VIDEO | OUDIO**

Die woord "diskriminasie" is deesdae op almal se lippe. Maar kom ons wees eerlik: diskriminasie het in ons land al saam met oorl'e Oom Jan van Riebeeck voet aan wal gesit! Sedertdien het hy tálle kleintjies gekry. Gaan lees maar gerus boeke wat geskryf is deur die pioniers van ons land, soos Harry Wolhuter en Stevenson Hamilton en jy sal gou agterkom hoe erg diskriminasie was 'n eeu gelede. Vandag is die bordjies natuurlik verhang en sogenaamde "omgekeerde diskriminasie" is aan die orde van die dag.

Dit was egter nog baie erger in Paulus se tyd. Ons het reeds gesels oor die diskriminasie teen vrouens en dat hulle geen regte in die lewe gehad het nie. Hulle was egter beslis nie die laagste "klas" nie. Dáárdie stoel het die arme slawe deeglik vol gesit! As daar nou rêrag 'n niks in die lewe

was, dan was dit ‘n slaaf! Sy eienaar het hom gekoop en dus was hy niks meer as ‘n stuk eiendom nie. As hy ‘n baie goeie slaaf was, met goeie eienskappe, dan was hy darem behandel soos ‘n waardevolle stuk eiendom. Af en toe het só ‘n slaaf dan ook groot verantwoordelikheid gekry en soms het hy selfs hoë status gehad. Voorbeelde hiervan was Josef en Daniël. Dit was egter die uitsondering. Slawe het géén regte gehad nie, en die eienaar kon letterlik met hom maak wat hy wou. En as hy die slag rêrag droogmaak, kon die eienaar hom selfs doodmaak en g’n haan sou daarna kraai nie!

Nou het ons geleer dat as jy ‘n gelowige word, dan word jy vry. Wat dan as jy ‘n slaaf is? Verander dit jou situasie? In ‘n sekere opsig verander dit gladnie want jy bly steeds ‘n slaaf en daarmee jou eienaar se eiendom. Daar is egter iets anders wat totaal verander en dit is jou nuwe uitkyk op die lewe. Paulus skryf oor hierdie soort situasie want daar was blykbaar ‘n hele aantal slawe in Efese wat gelowig geword het. Hulle het met die

dilemma gesit oor hoe hulle die situasie moes hanteer.

Jesus het ons geleer dat liefde héél bo aan jou lysie moet staan. Liefde beteken natuurlik baie dinge en een van hulle is om jou meerderes te respekteer, al is hulle ook heidene. Vir daardie slawe was dit ‘n bitter pil om te sluk, want hoe kan jy respek hê vir iemand wat jou beskou as die stof van die aarde? Hoe kan jy iemand respekteer as hy jou mishandel, dikwels sonder enige rede? Hoe kan jy hom respekteer en vir hom eerbied hê, as hy vir jou absoluut niks voel of omgee nie? Dit is bitter moeilik! Wat is die nut daarvan? Gaan hy jou dan dalk beter behandel?

Nee, dit is nie waaroor dit gaan nie. Alles draai om die eer van God. As ons dit in hierdie lig aanskou, verander die prentjie totaal en al. Dit gaan nie daarom dat jy daardeur jou eie toestande gaan verbeter óf om jou baas goed te laat voel nie. Hierdeur stel jy in die eerste plek ‘n voorbeeld vir jou baas, om te sê: “Dit is Jesus se liefde wat

maak dat ek nou anders optree!” Die eienaar moet baie duidelik kan sien dat Jesus ‘n verskil maak in die slaaf se lewe. Sy optrede moet sodanig wees dat die eienaar nie ‘n vinger sal kan lê op enigiets wat sleg is nie, want God se heilige Naam is op die spel!

Maar wat nou, as jou baas óók ‘n gelowige is? Moet jy dan verwag dat hy jou sal vrystel of voorregte gee wat die ongelowige slawe nie het nie? Paulus wil nie die sosiale orde omverwerp nie, hy wil bloot hê dat gelowiges, en dit sluit ook slawe in, moet handel soos kinders van God.

Nou, twee duisend jaar later, is daar nie meer slawe nie. Tóg is daar sekere ooreenkomste in ons lewe vandag, want op die een of ander wyse staan elkeen van ons onder die baasskap van iemand anders en dikwels is daar ook die een of ander vorm van diskriminasie betrokke. Dalk het jy ‘n bitter onredelike baas. In daardie geval geld Paulus se voorskrifte vir die slawe van Efese presies net so vir jou en jy moet as gelowige die wonderlike Naam van ons Here hoog hou

deur só op te tree dat jou baas Jesus in jou kan sien. Gee hom respek en eerbied, al verdien hy dit nie! Maklik is dit beslis nie! Ek het al onder só ‘n baas gewerk en partymaal moet ‘n man maar op jou tande kners en ‘n glimlag afdwing. Die groot ding is om jou liefde uit te leef ten spyte van!

Daar is egter ander vorms van gesag oor ons wat dalk nog moeiliker is om te verwerk, en dit is die owerhede. Hoe maak jy as jy uitgeskel word en van die pad gedruk word deur ‘n vloot swart voertuie, soos wat met my ook al gebeur het? Skree jy terug? En as jy by staatsinstellings behandel word asof jy die skuim van die aarde is? Gee jy die amptenaar ook maar ‘n bekvol van sy eie medisyne? En sê nou maar die verkeersman trek my van die pad af en hy is skoon ongeskik met my, wat is my reaksie? Is ek dadelik op my perdjie? Iemand het eenmaal gesê, dat om ‘n Christen te wees nie vir sissies is nie! Om steeds jou liefde uit te leef in sulke omstandighede, is soms uiters moeilik. As ons egter altyd in gedagte hou

dat dit nie om mý gaan nie maar oor Gód se Naam wat op die spel is, dan raak dit makliker. Wat sou Jesus gedoen het as Hy in my situasie was?

Gebed:

Here, die lewe is dikwels so onregverdig, daarom vra ek vir krag om te alle tye U liefde uit te leef!

## 18

## Bybelse Tevredenheid

## 1 Timoteus 6:3-16

**VIDEO | OUDIO**

Wat is die primêre motief agter jou betrokkenheid in die gemeente? Dis nou ‘n baie snaakse vraag om te vra! Maar dis geensins so voor-die-hand-liggend nie. Daar is bewerings dat Godsdiens een van die mees winsgewende besighede op aarde is, en dat daar evangeliste is wat skatryk geword het uit hierdie bedryf!

Maar kom ons begin voor: Paulus was bewus van die feit dat daar in Efese mense was wat geldelike voordeel uit Christelike Godsdiens wou put. Ons moet dit nie hier verwar met ’n behoorlike vergoeding vir predikers, soos wat ons in ’n vorige dagstukkie gesien het nie. In daardie tyd was daar rondreisende filosowe wat onderrig gegee het en goed geld gemaak het daaruit. Evangeliste het hierdie gaping gesien en ook in daardie winsgewende bootjie ingeklim, dié slag met die Evangelie.

Hulle primêre doel was nie om die Evangelie te verkondig nie, maar om geld te maak. Die groot probleem was dus dat hulle motiewe totaal verkeerd was!

Wanneer ons met die verkeerde motief by Godsdiens betrokke raak, dan is die simptome gewoonlik twis, jaloesie en beledigings wat rondgeslinger word. “Ek is die enigste een wat die volle waarheid het en al die ander gaan verlore!” Dis gewoonlik die boodskap van so ‘n persoon en hy het ‘n obsessie om altyd reg te wil wees! Mettertyd begin hy Jesus Christus, die Een wat die sentrale punt van sy boodskap moet uitmaak, na die kantlyn skuif. Jesus is nie meer die boodskap van verlossing nie maar sy ideologie word sy boodskap van verlossing.

In verband met wat ons hier bo gesê het, moet ons ook byvoeg dat rykdom gevaarlik kan wees. Paulus sê dit baie duidelik in vers 9. Nee, dis gladnie ‘n sonde om ryk te wees nie! Ek ken pragtige gelowiges wat skatryk is en terselfdertyd hulle geloof ten volle uitleef. Rykdom wemel egter van allerhande soorte

versoekinge en die ryk persoon moet daarom tien keer so hard werk aan sy geloof as die arm man. Die probleem is dat as jy ryk is dan kan jy bekostig om jou oor te gee aan die versoekinge wat die wêreld bied - peperduur dobbelplekke, bandelose partytjies en nog baie meer. ‘n Ander, dalk nog groter gevaar is die een van geldgierigheid. Iemand wat baie het, is gewoonlik nie tevrede met wat hy het nie en dit word naderhand ‘n obsessie om meer en meer te kry. In die proses gee hy naderhand nie meer om op wie se kop hy trap om héél bo uit te kom nie. “Geldgierigheid is die wortel van allerlei kwaad,” sê Paulus in vers 10. Die grootste gevaar daaraan verbonde is dat die obsessiewe najaag van geld ‘n mens uiteindelik jou geloof kan kos. Ek het al self gesien hoe verwoestend so ‘n obsessie kan word…...

Saam daarmee kan ‘n ryk persoon só maklik vergeet van sy volle afhanklikheid van God. Ons mag nóóit vergeet hoe afhanklik ons van Hom is nie, al is ons skatryk!

In teenstelling hiermee, moet jy tevrede wees met wat jy het, al is dit net die klere aan jou lyf en iets om te eet. As jy God met die regte motief dien, sal jy tevrede wees met jou besittings. Hier moet ons dalk onderskei tussen ‘n Bybelse en sekulêre tevredenheid. Wanneer iemand bloot lui en sonder ambisie is, is dit 'n sekulêre tevredenheid. So 'n persoon gaan sit gewoonlik op ‘n hopie en doodgaan sonder om die gawes wat die Vader hom gegee het te benut. In Matt. 25 vertel Jesus van die diensknegte wat die talente gekry het om mee te woeker. Ware Bybelse tevredenheid is om ten volle te vertrou dat jy deur Jesus ‘n kind is van die Vader en dat Hy daarom geestelik en liggaamlik vir jou sorg. Uit dankbaarheid daarvoor, kom jy pligsgetrou jou roeping na. Die voordeel is dat jy nou kan fokus op die regte verhouding met die Here, en dat die sorge van die lewe jou nie hoef onder te kry nie. Natuurlik beteken dit nie dat jy maar net bakhand sal gaan staan en wag vir manna om uit die hemel te val nie! Hy het jou immers talente gegee om jouself mee te

onderhou en jy durf nie jou talente verwaarloos nie!

In vers 12 beskryf Paulus die stryd om Bybelse tevredenheid as ‘n wedloop wat deur God uitgeroep is en waaraan gelowiges deelneem. Die wegspringblokke is die geloof wat die Heilige Gees jou gegee het. Voor by die eindstreep wag die groot trofee, die Ewige Lewe. Soos met enige wedloop, is ook híérdie een nie maklik nie en dit verg uiterste inspanning. Tussen die wegspringblokke en die eindstreep is daar talle hindernisse wat jy moet oor, hindernisse soos selfsug en gierige motiewe in die diens van God. Dit kos harde werk, konsentrasie en uithouvermoë om op die baan te bly. Dan moet jy ook deurentyd in die regte verhouding met die Here bly.

Soos in enige wedren, gaan jy nie maar jou eie paadjie volg en eers ‘n draai maak op die pawiljoen, of erger nog, in die kantien op pad na die wenstreep nie! Daar is sekere reëls wat stiptelik en onberispelik nagekom moet word, anders kan jy dalk net gediskwalifiseer word!

Die wenstreep, Jesus se wederkoms, is alreeds in sig! Hou jou oog gevestig op Hom en gooi al jou krag in om daardie laaste treë na die wenstreep met deursettingsvermoë en onderskeiding te hardloop!

Gebed:

Here, gee my asseblief ‘n Bybelse tevredenheid en gee my krag om die wedloop met onderskeiding te voltooi!

19

# Skatte In Die Hemel

# 1 Timoteus 6:17-21

**VIDEO | OUDIO**

In die vorige dagstukkie het ons geraak aan die punt van gierigheid en rykdom en dan in teenstelling hiermee, Bybelse tevredenheid. Die vraag is, of ‘n Christen-gelowige dan nie ook ryk kan wees nie? Gaan kyk ons na die ou grotes in die Bybel, dan sien ons telkemale baie ryk mense wat tere kinders van God was. Die eerste klassieke voorbeeld is Job, en dan natuurlik Abraham wat ‘n baie ryk man was. Salomo het nie die einde van sy skatte (en sy vroue!) geken nie. Om darem ‘n duisend vrouens te onderhou (én gelukkig te hou), het aan ‘n man se sak gevat! Josef was nog 'n goeie voorbeeld. Hy het gevorder van slaaf na die tweede in bevel oor Egipte. Skatryk!

Nou moet ek darem sê, dat daar meer as net een soort rykdom is. In James Stevenson-Hamilton se boek, “An African Eden,” vertel

hy van ‘n rykdom wat nie in geld gemeet kan word nie. Dit was die beginjare van die Kruger Wildtuin en hierdie nuwe wildreservaat was die Aspoestertjie van Suid-Afrika. Die Anglo-Boereoorlog was pas verby en daar was nie geld om hierdie droom te verwesenlik nie. Daar was géén paaie nie, net die wilde, dikwels ondeurdringbare bos. Hamilton het ongelukkig nie ‘n 4x4 besit nie en met perde, osse en donkies is die onbegaanbare bosse deurkruis. Die ergste van alles is dat daar nie eers diere was nie! Álmal was uitgejag!

Hamilton, Harry Wolhuter en die ander wildbewaarders moes oorleef op ‘n bitter klein toelaag van die regering. Daar was nie eers geld om vir hulle huise te bou nie! Eers ‘n hele paar jaar later is daar vir hulle enkele sinkhuisies gebou om in te bly. Sommige van die wildbewaarders moes maar tevrede wees om vir jare in modderhutte te oorleef. Hulle spyskaart het bestaan uit mieliepap, tee, soms ‘n bietjie boeliebief en groente wat hulle self moes kweek. Nogtans vertel

Hamilton van die asemrowende rykdom wat hy ervaar het en die luukse van ‘n ongerepte, onbesoedelde wildernis waar jy vry soos ’n arend is en die suiwer, skoon lug kan inasem. Een van die wildbewaarders het elke maand sy hele salaris weggegee aan die plaaslike bevolking, bloot omdat hy geen nut vir geld gehad het nie. Sy rykdom was die veld waarin hy gebly het.

Paulus waarsku teen rykdom, want daaraan is allerhande gevare gekoppel. In die eerste plek is daar die onsekerheid wat saam met rykdom gaan. Ek onthou, 'n klompie jare gelede het die aandelemark skielik ingetuimel. Daar was mense wat skatryk geword het uit aandele en skielik was al hulle "rykdom" niks werd nie. Mense wat stinkryk was het skielik met absoluut niks gesit. Mense wat in paleise gewoon het, het op straat beland. Dit was chaos!

Die gevaar kom in waar iemand sy rykdom sien as ‘n produk van sy eie goedheid en dat hy daardeur ‘n grootkop kry! ’n Mens moet elke oomblik van die dag besef dat niks wat

jy besit deur jou eie toedoen is nie, maar dat absoluut alles uit suiwer genade aan jou geleen is deur die Een aan Wie alles behoort. Die vraag wat ons onsself moet afvra, is of ons sonder al ons besittings steeds op God sal vertrou? Hy het gegee - as Hy nou weer wegneem, sal ons steeds tevrede wees? Onthou jy nog die verhaal van die ryk jongman wat met Jesus kom gesels het? In Matt 19 lees ons dat hy bereid was om alles te doen vir Jesus, maar toe dit by sy besittings kom, het hy teruggesteier want tóé vat dit aan die dinge wat hy liefgehad het!

Rykdom is ‘n gawe wat God ons gee, maar as ons dit kry dan bring dit vir ons ‘n baie groot verantwoordelikheid saam, ‘n verantwoordelikheid wat van jou vra om jou aardse skatte hemelse skatte te maak. Vrygewigheid, mededeelsaamheid en goeie dade is ‘n paar van die maniere waarop jy jou skatte in hemelse skatte kan verander. Die wonderlike is dat jy nie ryk hoef te wees om hierdie soort van beleggings te maak nie. Nog beter nuus is dat jy nie hoef bang te

wees dat ‘n skielike ekonomiese insinking jou belegging kan kelder nie! God gee aan my en jou die wonderlikste beleggingsgeleenthede! Gryp hulle aan en jy sal nooit, óóit spyt wees nie! Gaan lees maar wat Jesus in Matt 6:19-20 gesê het oor sulke beleggings.

Ons het gekom aan die einde van hierdie eerste inspirerende brief van Paulus aan Timoteus en uiteraard ook aan elke Christenleier. Ten slotte vertel Paulus dat God ‘n deposito in jou belê het. Hierdie deposito is die geloof, kennis en gawes wat aan jou toevertrou is. Hierdie dinge behoort nie aan jou nie, dit is steeds God se eiendom! Hy het dit slegs aan jou toevertrou omdat Hy weet dat jy dit baie suksesvol en winsgewend kan gebruik. Soos in die gelykenis van die muntstukke waarvan Jesus in Matt 25:14-30 vertel het, sal God ook eendag rekenskap vra van Sy deposito. Die vraag is of ek en jy daardie deposito sal kan teruggee met groot wins, of gaan ons dit maar veilig begrawe omdat ons bang of lui is

om daarmee te gaan woeker? As ons werklik ernstig is oor ons geloof, sal ons wegbly van al die sinlose leierskapspraktyke. God se genade is vir Christenleiers beskikbaar in alle oorvloed. Gryp dit aan en stel ‘n geloofsvoorbeeld wat elke gelowige sal wil navolg!

Gebed:

Here, dankie vir die groot rykdom wat U uit genade vir my gegee het - leer my asseblief om dit volgens U wil te gebruik!

# 20

## Paulus Skryf Sy Testament

## 2 Timoteus Inleiding

**VIDEO | OUDIO**

Ons begin vanoggend met Paulus se tweede brief aan Timoteus. Net eers 'n stukkie agtergrond oor hierdie brief.

Paulus was na jarelange gevangenskap in Rome vrygelaat uit die tronk, so wil oorlewering dit hê. Volgens sommige geskrifte het hy sy sendingwerk voortgesit tot by Spanje. Die troon in Rome was in daardie tyd beset deur ‘n waansinnige man, die wrede Nero. Paulus se vryheid was maar baie kortstondig en voor hy behoorlik sy voete kon vind, was hy weer terug in die tronk in opdrag van die nimlike Nero.

‘n Romeinse tronk was allesbehalwe ‘n pretpark! Omstandighede was, om die minste te sê, haglik! Dit was ‘n benoude, donker plek en die gevangenes was permanent geboei. Hulle was in kettings, sodat hulle nie kon rondbeweeg nie. Daar was nie, soos in

vandag se tronke, kos voorsien nie en familie en vriende moes sorg dat die gevangene aan die lewe bly. Die administrasie was ook nou nie juis van die beste nie en dikwels is daar eenvoudig van ‘n gevangene vergeet, sodat hy soms jare later eers voor die hof verskyn het. Dikwels het hy selfs totaal weggeraak in die doolhof van die vergetelheid. Iemand sonder aansien was absoluut verlore in ‘n tronk! Dit is slegs die mense met groot name wat ooit weer daar kon uitkom.

Wanneer Paulus hierdie tweede brief aan Timoteus skryf, weet hy reeds dat dit net ‘n kwessie van tyd is voordat hy ook soos duisende ander Christene tereggestel sou word. ‘n Wrede dood staar hom in die oë, daar waar hy in die dodesel sit. Hy wag vir die tronkdeur om oop te swaai, met die wagte wat hom spottend meedeel: “Paulus, jou tydjie het gekom!” Inderdaad het Paulus ‘n marteldood gesterf, maar voordat Nero hom kon teregstel het Paulus eers vir oulaas kans gehad om ‘n brief te skryf. Paulus rig sy brief aan iemand vir wie hy baie lief geword

het, Timoteus. Hy pleit in sy brief by hom om asseblieftog baie gou te kom. Hy het geweet sy teregstelling was bitter naby en hy gee die brief vir Tigikus om dit by Timoteus af te lewer. Tigikus sou dan ook sommer vir Timoteus in Efese, waar hy die leraar was, gaan aflos.

Dit was egter baie meer as net 'n brief - hierdie was eerder 'n testament. Aardse goed het Paulus nie gehad om te kon bemaak aan Timoteus en die ander lesers nie. Wat die geestelike betref, was hy egter skatryk! Hierdie skatte deel hy nou vryelik uit aan elkeen wat sy testament lees.

Jy sal seker onthou dat Paulus in sy eerste brief in 1 Tim 1:3 aan die jong man, Timoteus die opdrag gegee het om in Efese te gaan arbei. Timoteus was gehoorsaam en hy was steeds daar. Dit was egter 'n moedelose Timoteus wat hierdie tweede brief sou lees. In Efese was die dwaalleraars stééds hard aan die werk en dit wil voorkom asof die arme Timoteus nie met hulle hond-haaraf kon maak nie. Maar dit was nie net die dwaalleer

wat hom ondergekry het nie. Die verskriklike vervolging van Christenleiers, ook van sy geliefde mentor, Paulus, het vir Timoteus diep aan die hart gegryp. Wat sou van hulle word? Sedert die groot brand in Rome in 64nC, was Nero fanaties. Hy het die Christene van brandstigting beskuldig en hy het tekere gegaan soos ‘n woedende leeu om hierdie verfoeilike “sekte” van die gesig van die aarde af te vee op die wreedste moontlike manier. Terloops, daar word vermoed dat Nero sélf verantwoordelik was vir die brand!

Paulus se brief kon nie op ‘n beter tydstip gekom het nie want Timoteus word bemoedig en aangespoor om met nuwe ywer aan die werk te spring. Hy moes volhard, al was dit ook hoé moeilik. Hy moes Paulus se voorbeeld navolg en die Woord verkondig. Paulus pleit by hom om ál die pligte van sy bediening getrou uit te voer en die belangrikste van alles, om op God te vertrou!

Die vraag wat ek en jy vanoggend moet vra, is of hierdie brief vandag nog relevant is vir

ons moderne samelewing? En die antwoord is ‘n besliste “JA!” Vandag is dit steeds vars en nuut, en ons kan dit toepas op ons lewe vandag. Nee, daar is nie meer ‘n Nero nie, alhoewel sommige wêreldleiers ‘n mens laat wonder..... Inderdaad is daar vir gelowiges bepaalde ontberings. Wanneer dinge seepglad verloop, verg dit nou nie juis inspanning om jou geloof uit te leef nie, maar wanneer dinge begin moeilik raak, dan krap dit! As die gemeentegetalle krimp of daar is onenigheid of kwaadpratery, dan vra dit ware toewyding en ‘n stewige grondslag om steeds met waardigheid en geloofsvertroue jou kop hoog te hou. Om onder moeilike omstandighede die beeld van Jesus, ons Verlosser aan die wêreld te vertoon, is nie maklik nie.

Jy kan maklik moedeloos raak as sulke dinge oor jou pad kom. Maar Paulus wys in hierdie brief vir ons hoe jy oor daardie hindernisse kan kom. Ons moet eerstens besef dat God nie Sy gawes van ons af weggeneem het nie. As jy jou deur die Gees laat lei, sál Hy jou

toerus. Ons moet ook deeglik besef dat daar ander bekwame gelowiges is op wie ons kan staatmaak. Paulus leer jou dat jy die regte dinge moet najaag en die verkeerde vermy; om die Woord getrou te verkondig en jou pligte getrou uit te voer; om sterk te staan deur die genade en saam met Christus te regeer. Dan sal jy ook soos Paulus kan sê dat jy gelowig enduit volgehou het!

Gebed:

Dankie Here, dat U my moed gee wanneer dinge vir my duister raak!

21

# Laat U Wil Geskied

## 2 Timoteus 1:1,2

**VIDEO** | **OUDIO**

As iemand vandag vir my sou vra waarom ek die moeite doen om elke dag die dagstukkies te skryf, dan sit dit my aan die dink: Is dit omdat ek 'n pligsbesef het of omdat ek lief is om te skryf? Of is dit eerder omdat ek lief is vir die Here? Dalk is dit omdat ek ‘n passie het om die Woord die wêreld in te stuur? Of eerder omdat God se liefde my daartoe dring? Kom ons gooi die vraag om: waarom doen jy, liewe leser, die koninkrykswerk waarmee jy besig is? Dominee, Pastoor, Ouderling, Dienswerker, Lidmaat, wat is die dryfveer agter jou werk vir die Here?

Daar is seker baie antwoorde op hierdie vraag, antwoorde wat baie edel en mooi klink. Paulus sê in sy eerste brief aan Timoteus dat hy as apostel optree in opdrag van die Here. In hierdie tweede brief stel hy dit anders: hy doen dit “**deur die wil van**

**God**”. Hy is ‘n apostel, suiwer omdat die Here wil hê dat hy een moet wees. Dit behoort dan ook die hoof dryfveer te wees van elkeen se arbeid in God se wingerd, omdat Hy dit so wil hê. Dit bring ons by ‘n baie belangrike gedagte: dat sonde is om NIE die wil van God te doen nie. As jy dus nie die werk doen wat Sy wil vir jou bepaal nie, dan is jy mos besig om te sondig!

Ons het in die eerste brief gelees hoedat jy daardie opdrag tot Christenleierskap ontvang en hoe jy dit moet uitvoer. In hierdie brief verskuif die fokus egter so ‘n bietjie. Ons sien hoedat God se wil bepaal hoe jou bediening moet verloop. Dikwels is Sy wil baie anders as wat ek en jy wil en verloop dit soms verrassend anders as wat ons ooit kon droom. Vat nou maar vir Paulus: Terwyl hy daar in die dodesel besig was om hierdie brief te skryf, kon hy sekerlik baie maklik in die versoeking kom om te redeneer dat sy lewe ‘n totale mislukking was. Waarvoor het hy dan so hard gewerk? Net om in die tronk te sit en krepeer en skaars iemand te kon

bereik deur daardie klipmure? Was alles wat hy in sy vol lewe opgebou het nou besig om te verkrummel? Ja, inderdaad was Paulus dikwels seker teleurgesteld terwyl hy in die gevangenis gesit het, vasgeketting, vuil en verwaarloos.

Ten spyte van sy haglike situasie, sien ons egter ‘n uitgesproke, positiewe, borrellende Paulus wat sy brief begin deur sy geloof in die wil van God te bely. Wat ‘n wonderlike troos is hierdie belydenis van hom nie vir jou en my nie! Veral wanneer dinge dikwels so baie anders verloop as wat ons beplan het. Dis nie deur my eie wil of opdrag dat ek ‘n Christenleier geword het nie. Daarom gebeur dit dikwels dat dinge gladnie uitdraai soos wat ek dit graag sou wou hê nie. As ek jare gelede my eie sin kon kry, was ek waarskynlik vandag ‘n predikant met ‘n krimpende, klein gemeentetjie iewers op die platteland. Die wil van God was egter vir my baie anders en al was ek destyds baie teleurgesteld toe dit my nie beskore was om ‘n dominee te kon word nie, is ek vandag

jubelend dankbaar, want Hy het soveel groter dinge vir my in Sy “verrassingspakkie” gehad en ek het die voorreg om die wonderlike boodskap daagliks met duisende mense te kan deel.

Kortom kan ons sê dat God die mag het om selfs baie negatiewe resultate (uit óns oogpunt) te laat uitwerk in wonderlike positiewe gevolge. In 2 Tim. 2:9 stel Paulus dit só mooi as hy sê dat hy in boeie is soos ‘n misdadiger, maar dat die Woord van God nie geboei kan word nie!

Dalk sit jy vandag in “boeie” van ‘n baie negatiewe situasie. Moontlik is jy ‘n leraar en dinge lyk bitter vaal in jou gemeente. Miskien het jy die verlossingsboodskap met ‘n kollega gedeel en hy het dit verwerp. Dan moet jou gebed steeds wees soos wat Jesus ons geleer het: “Laat U wil geskied....” God sal op Sy regte tyd die regte ding laat gebeur.

Dit mag dalk baie ironies klink dat Paulus hierdie brief begin deur die belofte van lewe te verkondig, terwyl hy self besig was om die dood in die oë te staar. Paulus was egter só

oortuig van die oorwinning van die lewe in Christus Jesus dat hy nie toegelaat het dat die omstandighede in die tronk en selfs die dood hom beïnvloed nie. Op dieselfde wyse moet jou oortuiging van die saak waarvoor jy staan ook rotsvas wees. Dit help niks as jy vir ander die pad na Jesus wys terwyl jou eie geloofslewe wankel nie. Leef jou geloofslewe positief, doelgerig en oortuigend uit! Kyk na Paulus vir ‘n voorbeeld van hoe dit gedoen moet word!

2 Timoteus is ‘n testament, soos ons reeds in die vorige oordenking gemeld het. Dit is egter nie ‘n regsdokument nie, maar ‘n liefdesbrief waarin Paulus sy kosbare geestelike erfgoed aan Timoteus agterlaat. Hy deel met sy “geliefde seun” dinge van onskatbare waarde vanuit ‘n vaste geloofsfondament. Hy kyk terug oor sy lewe (1:3-2:18), maar terselfdertyd kyk hy ook in die toekoms in (3:1-4:18). Paulus het kosbare lewenslesse geleer en nou deel hy dit, nie alleen met Timoteus nie maar ook met jou en my onder inspirasie van die Heilige Gees. Sodoende

gee God vandag hierdie rykdom vir ons sodat ek en jy as Christenleiers getrou kan volhard tot eer van Hom, die Almagtige en al die pligte van ons bediening sal uitvoer **volgens die wil van God**.

Gebed:

Hemelvader, maak my asseblief getrou om te werk volgens U wil!

22

# Herinneringe

## 2 Timoteus 1:3-5

**VIDEO | OUDIO**

Ouma het my dikwels vertel van haar kinderdae en veral die  bitterheid wat sy beleef het tydens die Anglo Boere oorlog, al die swaarkry en die armoede wat sy gesien en beleef het. Sy was maar ‘n klein dogtertjie gewees, maar daardie verskriklike herinneringe was vasgebrand in haar geheue.

Oupa het óók vertel van presies dieselfde tyd. Hy was toe ‘n jong knapie en propvol kattekwaad. Hy was saam met sy gesin na ‘n konsentrasiekamp geneem in Jacobs, net buite Durban. Ja, natúúrlik was dit bitter swaar, maar hy en sy pêlle het die swaarkry as een reuse avontuur beleef. Rondom hulle het mense op strepe doodgegaan, maar die klomp kinders het dit skaars raakgesien want daar was soveel pret, dat hulle nie genoeg ure in die dag gehad het om alles te doen

nie!

Ek het sélf baie herinneringe wat ek in my gedagtes ronddra, herinneringe van baie mooi dinge maar ook herinneringe van swaarkry. My sorgvrye kinderdae is vasgebrand in my geheue, en dikwels speel hulle af soos ‘n kraakvars video, sodat ek elke detail daarvan kristalhelder voor my kan sien afspeel. Ook die swaarkry in my lewe is vasgevang op daardie ongelooflike geheueskyf wat net eenvoudig nie kan volraak nie. Maar oor die swaarkry is ek nie bitter nie! Vandag lag ek daaroor, soos die keer toe dit só broekskeur gegaan het dat ons gesin absoluut géén kos eers meer gehad het in die huis nie! Gelukkig was daar ‘n boord turksvye en ons het vir ‘n week lank net op turksvye oorleef. Die wonderwerk is dat nie een van ons ooit nagevolge gehad het nie! Ja, selfs oor my skades en skandes kan ek vandag lag!

Herinneringe is ‘n wonderlike gawe wat die Vader ons gegee het, maar ons moet hulle in perspektief sien en selfs na die mees

traumatiese herinnering biddend terugkyk, sodat jy nie jou eie verliese raaksien nie, maar **God se winste.**

Die meeste van my herinneringe is baie emosioneel en soms huil ek as ek terugdink. Paulus ervaar ook baie intense emosies as hy sy herinneringe opdiep waar hy in die donker kerker sit. Die afskeidstrane toe hy vir Timoteus moes totsiens sê, lê weer baie vlak as hy die brief skryf. Trane sê dikwels oneindig meer as selfs wonde.

Die afgelope paar jaar was ek by verskeie begrafnisse en by elke geleentheid het die emosies baie hoog geloop. Droewige trane van ‘n vrou wat vir vyftig jaar lank haar maat saam met haar gehad het en skielik is sy plekkie leeg. Ja, natúúrlik weet sy dat hy by Jesus is, maar die mooi herinneringe en die groot verlange na haar sielsgenoot is ‘n onbeskryflike verlies. Die afskeidstrane kom baie diep uit die siel, nie trane van ongeloof nie want die wete is daar dat hulle eendag weer bymekaar sal wees, maar trane van verlange.

Ja, ‘n mens mag maar huil ook! Timoteus het gehuil want in hom was daar ‘n diepe roepingsbesef. Sou hy ooit die Evangelie effektief genoeg kan oordra? Daar was kommer oor sy vriend en mentor, Paulus, want wrede vervolging het hom in die gesig gestaar. Daar was spanning en skeiding van die persoon vir wie hy baie lief geword het en na wie hy opgesien het vir raad.

Soos reeds gesê, is dit nie verkeerd om ook te huil nie en jou trane word in God se boek opgeskryf (Ps. 56:8), maar ook deur Hom afgedroog (Op. 21:4). As jy Christenleierskap aanvaar, moet jy ook daarop voorbereid wees dat dit jou hele lewe in beslag gaan neem, selfs ook jou emosies.

Paulus se herinneringe bring egter nie net trane nie, maar ook groot vreugde. Hy herinner vir Timoteus weer aan waar Timoteus sy pragtige geloof vandaan gekry het, van sy ma Eunice en sy ouma Loïs. Dit was mooi herinneringe wat Paulus van hierdie twee liewe mense gehad het. Deur hulle geloofsvoorbeeld en opregtheid kon dit

nie anders nie as dat daardie geloof ook moes deurslaan na Timoteus.

Familieverwantskap is nie ‘n waarborg vir geloof van die kinders nie, maar dit is opmerklik dat die persoon wat sy geloof waarlik met vreugde uitleef, se kinders positief beïnvloed word deur hulle ouers se lewe. Die huisgesin is seker die belangrikste bedieningsterrein en dáár moet jou geloofsvoorbeeld die héél duidelikste praat. Jou huisgesin moet uit jou woorde en gedrag agterkom watter vreugde dit waarlik is om Jesus Christus as Here te ken en hom te dien met blydskap!

Ja, herinneringe kan baie kosbaar wees, maar seker die mees kosbare van ál jou herinneringe is wanneer God jou geloofsvoorbeeld as instrument gebruik het om iemand anders tot geloof te bring. Daardie dag stroom die trane van blydskap oor jou wange en jy wil net vir almal wat jy sien vertel van die wonderlike nuus. En elke keer as jy weer terugdink aan die verrykende ondervinding, loop die trane van voor af

weer! Ag, ek moet bieg dat my blaas ook maar baie naby aan my oë sit. Ja, dit is dikwels half ‘n verleentheid, maar selfs al is jy ‘n man, mág jy óók maar lekker huil!

Gebed:

Dankie Here, vir hope mooi herinneringe waarmee U my geseën het!

23

# As die Las te Swaar Word

## 2 Timoteus 1:6-14

**VIDEO | OUDIO**

Dit is êrens in die vroeë oggendure, hoe laat presies weet ek nie en ek gee ook nie eers om nie. Die Rooibosvuurtjie maak klein blou vlammetjies en die kooltjies gloei vertroostend. Iewers steun ‘n leeu en dan sug hy half moedeloos: “Oemf, oemf, oemf.....” Ek wonder wat sy probleem is? ‘n Hiëna kerm en weeklaag mistroostig en daar hang ‘n swaar, depressiewe wolk oor die nag. Selfs die skopsuiltjie se roep klink weemoedig. Dis net ek en die dominee wat hier knus by die stadig-sterwende vuurtjie stywe-oog na die dansende vlammetjies sit en staar. “Ek gaan die bediening opgee,” weerklink sy woorde van vroeër die aand deur my verwarde gedagtes.

Die vroumense het ure gelede gaan slaap. Toe begin hy afpak! Alles het net eenvoudig vir hom te veel geraak. Oor die jare het hy

elke greintjie krag in sy liggaam aan die gemeente gewy. Hy was maar ‘n jong proponentjie toe hy in die gemeente geland het en sy ywer vir die saak van die Here het géén perke geken nie. Maar keer op keer is kritiek en teenstand ál wat hy gekry het vir sy beste pogings. Dit is ‘n erg ontnugterde jong dominee wat die hele nag sy hart voor my uitstort. “Ek gaan liewer ‘n sielkundige word,” besluit hy oplaas.

Ek is maar net ‘n oor wat luister, want deur die jare het ek hom sien seerkry en wat kan ek tog sê om sy seer te verlig? Hy vertel my van die tweespalt, die skeuring in die gemeente - dinge wat ek maar ál te goed ken. Hy vertel van hoe sy eie gemeentelede, die mense wat hy so onvoorwaardelik dien, hom beswadder en van hom kwaadpraat!

Daardie deurnag se gesprek in die Bos was vir hom uiteindelik die keerpunt in die lewe. Op my eenvoudige manier het ek probeer troos, raadgee, moed-inpraat, maar meestal sommer net luister terwyl hy sy hart en siel uitstort.

Dit was kort voor hanekraai toe ons twee eers kooi toe is. Hy het tot ander insigte gekom. Nee, sy probleme het nie minder geword nie, maar hy het besluit om hulle te aanvaar as deel van die pakket. Dit was jare gelede. Intussen het hy ‘n baie suksesvolle leraar geword in ‘n baie groot gemeente. Ja, daar is sékerlik steeds probleme, maar hy het geleer om daarmee saam te leef.

Uit wat Paulus skryf, skemer dit deur dat Timoteus se ywer vir die bediening begin afkoel het. Timoteus se trane was nie net oor Paulus nie, hy het ontnugter geraak. Daardie vurige entoesiasme waarmee hy sy bediening begin het, was nie meer daar nie en sy wonderlike gawes het hy nie meer met oorgawe gebruik nie. Wat het gebeur? Moontlik was dit sy jeugdige ouderdom wat teen hom getel het, of dalk swak gesondheid? Moontlik het die onophoudelike aanvalle van die dwaalleraars hom begin onderkry. Of was dit dalk die feit dat hy as Christen gebrandmerk was as ‘n vyand van die staat? Sy eie leermeester, Paulus, sit

immers al jare in die tronk en ‘n teregstelling is sy voorland. Min het Timoteus geweet dat die tronk ook later vir homsélf ‘n tuiste sou word!

Timoteus was nie die eerste geloofsleier wat ontnugter geraak het nie. Ons kan maar net dink aan Moses wat na jare se gekyf van sy volk so byna-byna die handdoek ingegooi het. Elia het onder ‘n boompie gaan lê en gehoop hy gaan liewer dood, want die hele wêreld was teen hom. Job het meer teenslae beleef as wat menslik draaglik is en hy was bitter moedeloos, veral toe sy vriende en selfs sy vrou hom versaak het. Selfs die groot koning Dawid was verpletter deur sy omstandighede.

Wat maak jy as as jy agterkom dat jou ywer vir die Evangelie, vir jou bediening begin verflou? Die groot geheim is om nie té behep te raak met jouself nie. Jou eie gebreke en jou omstandighede is nie die belangrikste dinge in jou lewe as Christenleier nie. Jou fokus moet eerder skuif na dit wat God jou gegee het. Dalk is dit goed as jy net ‘n bietjie

gaan stilsit en terugdink aan jou passievolle ywer van die verlede, van die tyd toe jy berge kon versit deur die geloof. Wat was die dryfveer daardie tyd? Waar het jou krag vandaan gekom? Nee, dit was beslis nie jou eie krag en ywer en goedheid nie! Alles het van die Here gekom.

Wat het dan skeefgeloop? Miskien is dit die hoë verwagtinge wat mense aan jou stel en bomenslike offers wat dikwels van jou gevra word. Dalk steur jy jou té veel aan mense se kritiek en hulle verwagtinge van jou. Dalk lyk die berg van swaarkry vir jou te hoog. Dalk sien jy jouself as nie meer opgewasse teen al hierdie dinge nie!

Die opdrag wat ek en jy uit hierdie gedeelte kry, is om te fokus op wat God ons gegee het. As jou ywer lyk na ‘n hopie uitgebrande as, blaas dit dan aan sodat die kole weer helder kan gloei. Onthou: die Gees woon in jou! Gesels met iemand wat jy vertrou en vertel hom van jou dilemma. Selfs predikante en pastore het geestelike versorging nodig. Fokus biddend op God en die voorskrifte wat

Hy jou gee en pak alles aan in vertroue op Hom. Dan sal die krag, liefde en selfbeheersing wat alleen die Gees jou kan gee, weer uitstraal uit jou lewe.

Gebed:

Here, ek wil my oë alleen op U gevestig hou. Gee my asseblief die krag daarvoor!

24

## Onbaatsugtige Liefde

## 2 Timoteus 1:15-18

**VIDEO | OUDIO**

“Almal het my in die steek gelaat,” sug Paulus, “almal in die provinsie Asië.” Skokkende woorde! In die Romeinebrief skryf Paulus dankbaar dat sy werk in Asië afgehandel is. Dit is ‘n reuse gebied van duisende vierkante kilometer, waar onder meer die stad Efese geleë is. Paulus se sweet en trane van jare se uitmergelende werk lê diep in hierdie wêreld. Hy het sy álles gegee om hierdie mense na Jesus te lei. Talle gemeentes het hy daar gestig. En nou het hulle hom in die steek gelaat! Paulus noem nie pertinent in watter opsig hy in die steek gelaat is nie, maar ons kan maar net raai dat niemand uit daardie omgewing bereid was om vir hom te kom getuig tydens sy eerste verhoor nie. Paulus het gedink dat daar ten minste ‘n klompie mense sou wees wat vir hom sou opstaan, maar toe sy

probleme kom, het almal die rug op hom gedraai. Hulle was nie bereid om betrokke te raak nie want dan sou hulle sélf dalk in die moeilikheid kon kom. Paulus was ontnugter!

As Christenleier moet jy besef dat in die gebroke wêreld waarin ons leef, mense se verbondenheid met God nie noodwendig beteken dat hulle ‘n goeie verhouding met jóú sal hê nie, veral as hulle sien dat dinge sleg lyk. Persoonlike belange, standpunte, omstandighede ens. bring mee dat medegelowiges jou nie altyd deur alles gaan ondersteun nie, maak nie saak hoe groot jou opoffering as Christenleier vir húlle was nie. Op die lang duur gaan dit selfs beteken dat mense van jou gaan vergeet! Dankie tóg dat nie almal só is nie! Dankie tóg vir medegelowiges wat bereid is om deur dik en dun by jou te staan. Húlle soort is maar yl gesaai!

Van juis só ‘n man skryf Paulus: Onesiforus.

Ons moet onthou dat Paulus twee keer in gevangenskap in Rome was. Tydens die eerste keer was hy in huisarres. In daardie

tyd kon hy ongestoord voortgaan met sy evangeliebediening. Die tweede keer was sake egter véél anders want toe is hy opgesluit in die tronk. Soos ons vroeër berig het, was hy vasgeketting in boeie en onder haglike omstandighede. Onesiforus het vanaf Efese gereis na Rome om Paulus te gaan opsoek en hom by te staan. Dit was ‘n baie lang en vermoeiende reis en dit kon nie maklik gewees het nie. Toe hy in Rome kom, lê daar vir hom ‘n nagmerrie voor, want waar spoor hy vir Paulus op? Daar was nie ‘n adres en kamer nommer nie. Die tronk was ‘n deurmekaarspul van donker gangetjies en gate en selle en die tronkbewaarders was beslis nie die hulpvaardigste nasie onder die son nie! Onesiforus het egter nie moed opgegee nie en tussen die vuil, verwaarloosde, stinkende tronkvoëls bly soek totdat hy uiteindelik vir Paulus opgespoor het. Ek kan my indink hoe die tronkbewaarders hom met minagting gespot het omdat hy, ‘n vry man, hier in die hool kom rondkrap het!

En toe kry hy hom - ‘n vuil ou man wat nie na homself kon omsien nie omdat hy vasgeketting was. Onesiforus het hom nie geskaam vir Paulus nie en hy het hom daarna gereeld besoek en bygestaan. Wie weet, dalk sou hierdie brief vandag nooit geskryf kon gewees het as dit nie vir Onesiforus was nie!

Hoeveel gee ek en jy werklik vir ons medegelowiges om? Christene mag eenvoudig nie maar net mooiweersvriende wees nie! Jou omgee word werklik eers getoets wanneer dinge begin sleg gaan. Wanneer iemand nie meer in ‘n situasie is waar hy enigiets vir jou kan terugdoen of beteken nie, dan vergeet jy gerieflikheidshalwe maar van hom. En as hy boonop vir jou ‘n groot verleentheid kan wees, maak jy liewer asof jy hom nog nooit geken het nie.

Jesus het eenmaal die gelykenis vertel van die barmhartige Samaritaan wat ‘n Jood wat in die moeilikheid was gehelp het. Jode het die Samaritane geminag en wou niks met

hulle te doene hê nie. Boonop was hierdie Jood beroof en hy kon dus nie ‘n sent aan die man terugbetaal nie. Die Samaritaan het absoluut niks uit hierdie “transaksie” gekry nie. Hy het ook niks terug verwag nie. Dit is wat ware naasteliefde beteken!

Die grootste gebod, só het Jesus ons geleer, is liefde. In die eerste plek is dit liefde vir God maar terselfdertyd ook liefde vir ons medemens. Die voorbeeld wat Hy gestel het is een van allesopofferende liefde. Natuurlik sal ek en jy nooit óóit dieselfde soort liefde as Jesus kan uitleef nie! Uit dankbaarheid vir Sy groot liefdesdaad aan ons, kan ons egter darem so ‘n ou ietsie teruggee aan ander mense. Dit beteken nou nie dat ons moet wag totdat die nood op sy hoogste is voordat daardie liefde moet inskop nie. Paulus vertel dat Onesiforus alreeds uit sy pad gegaan het om hom by te staan toe Paulus nog in Efese was. As jy in die alledaagse lewe bereid is om mee te leef, sal dit soveel makliker wees om steeds vir iemand ‘n steunpilaar te wees wanneer hy in ‘n ernstige beproewing staan.

‘n Lewe van omgee sal eendag in die hiernamaals ryklik beloon word!

Gebed:

Here, ek moet vanoggend bely dat my naasteliefde soveel te wense oorlaat. Leer my om waarlik lief te hê sonder om iets terug te verwag!

# 25

## Die Goeie Soldaat

## 2 Timoteus 2:1-7

**VIDEO** | **OUDIO**

Ek was maar skaars sewentien jaar oud, pas matriek geskryf en reg vir die wye wêreld. Daar was net een ou dingetjie wat in my pad gestaan het: my verpligte nege maande diensplig in die weermag. “Dit kan darem nie te erg wees nie,” het ek gedink en die verskriklike stories wat ek gehoor het afgemaak as bangmaakstories!

Toe die groot dag aanbreek, neem Pa my na Durban stasie. Daar klim ek saam met ‘n klompie ander jong mannetjies op die trein. Nee, "opklim" is eintlik nie die regte woord nie. Ons was ingeboender en verskree en ek het gedink: “Wat ‘n onbeskofte klomp!” Sulke behandeling was ek beslis nie gewoond nie! Maar dit was maar die begin van die smarte, want in die volgende klompie weke word ons uitgevloek en rondgejaag en swaar gestraf vir absoluut niks. Potchefstroom was bitter

warm, maar ons moes hardloop totdat ons tonge op die grond gehang het. As jy nog probeer dink het oor iets, was jy uitgejou: "'n Troepie dink nie! Ek sal namens jou dink!" Algaande het ons begin dissipline aanleer, totdat ons klomp rou tieners uiteindelik ware soldate was wat blitsvinnig kon reageer op elke bevel wat die offisiere gegee het. Binne enkele maande was ons opgelei om doelgerig, akkuraat en doeltreffend ons land te kon verdedig. Dit was beslis nie maklik nie en dikwels het dit uiterste ontberings, dors, honger, seer voete en gekneusde ego's beteken. Ons het egter nie meer omgegee nie, want ons het 'n doel gehad om ná te streef en álles was ingespan om die doel te bereik!

Paulus gebruik nie verniet die beeld van 'n goeie soldaat om te demonstreer hoe 'n Christenleier se fokus moet wees nie. 'n Soldaat durf hom nie steur aan allerhande beuselagtighede nie en sy aandag durf nie afgetrek word deur onbenullighede nie, want dan verloor hy sy fokus en die vyand kan

hom oorval. Net so mag jy as Christenleier nie jou aandag laat aftrek deur allerhande kleinlikhede wat jou fokus op die ware Evangelie kan aftrek nie. Dit is só maklik om byvoorbeeld in die strik te trap van allerhande Godsdienstige redenasies. Daar is baie dinge waaroor die Bybel nie vir ons ‘n honderd-persent uitsluitsel gee nie en dáároor word dikwels heftig gestry! Ek word dikwels gekonfronteer met sulke redenasies en dan word ek uitgelok om my standpunt te gee. Inderdaad het ek al per geleentheid in die strik getrap en baie hard geval! Ek is ook al by geleentheid bitterlik kwalik geneem omdat ek my nie wóú uitlaat oor sekere argumente nie. Dit is egter ‘n mors van energie wat elders baie beter gebruik kan word!

Om ‘n voorbeeld te noem: ’n sekere Godsdiensgroep is baie aktief hier by ons. Elke kort-kort is hier iemand wat my uitnooi na die een of ander Bybelstudie. Ek het eenmaal toegegee, en gedink dat ek die ware Evangelie baie duidelik aan hulle sou

kon oordra. Dit was egter ‘n gejaag na wind en mors van tyd en energie, want vir my beste, Skrifgefundeerde argumente het hulle tien ander gehad om my verkeerd te probeer bewys. Niemand het hierby gebaat nie! In daardie tyd kon ek nog ‘n dagstukkie of twee geskryf het!

Dissipline is die ander baie belangrike eienskap wat jy as soldaat aanleer. Nét so is dissipline ook baie belangrik vir ‘n Christenleier. Om net lukraak dinge aan te pak, bring jou nêrens. Jy moet gedissiplineerd met die Woord omgaan en dit op gereelde basis bestudeer om jou kennis te verbreed, maar tersefdertyd ook om te luister na wat die Here vir jou wil sê. Nét so is dit van uiterste belang om gedissiplineerd jou gebedslewe te onderhou, want sonder die gedurige gesprek met God raak jy uit voeling met Hom, die héél belangrikste Een in jou lewe! Sonder daardie noodsaaklike gesprekke gaan jy mettertyd die hand los van dié Een wat jou lei deur die gevaarlike, sondige wêreld.

Paulus noem ook die voorbeeld van ‘n atleet. Hy durf nie van die baan afdwaal nie want dan word hy gediskwalifiseer. Sy fokus moet, net soos dié van die soldaat, slegs op sy wedloop wees. As hy vir die meisies op die pawiljoen kyk en vir hulle waai terwyl hy hardloop, gaan hy lélik tweedebeste of dalk héél laaste kom!

As atleet op die geloofsbaan, is daar ook sekere reëls om na te kom. Hierdie is reëls wat vir jou neergelê is in die Woord van God. Daarvan durf jy nie afwyk nie en die oomblik as jy begin dwaal, dan kan dit net groot probleme beteken. Weereens moet jou fokus wees op die een enkele groot doel, naamlik die Koninkryk van God. Jy moet jou nie van stryk laat bring deur allerhande kantlynsakies nie, maar jou bepaal by die doel. En as dit eers oor gewildheid begin gaan, dan is die stryd verlore! ‘n Sekere predikant van een van die sendingstasies in die omgewing het 'n paar jaar gelede soms in ons gemeente kom preek. Hy is dikwels ongemaklik reguit in sy preke, en hy noem die sonde by die

naam. Sommige van ons lidmate het botweg geweier om kerk toe te kom as hulle hoor dat hy sou preek, want hy was heeltemal te reguit na hulle sin en dit het soms seer gemaak. Vir hom het dit egter nie om gewildheid gegaan nie, maar suiwer oor wat die Woord sê. Hy durf nie die sonde toesmeer net om mense gelukkig te hou nie. Vir wie wil jy gelukkig maak? Die mense? Of is God vir jou hoofsaak?

Gebed:

Here, leer my asseblief om ten volle te fokus op U en die doel wat U daar voor vir my gestel het!

26

# Balans in die Lewe

## 2 Timoteus 2:8,9

**VIDEO | OUDIO**

‘n Goeie balans is van uiterste belang vir alles in die lewe! Sodra die balans versteur word, is daar allerhande komplikasies. As jy byvoorbeeld begin peuter met die balans in die natuur kan dit katastrofiese gevolge hê!

Kom ek noem ‘n voorbeeld. Marloth Park is ‘n idilliese vakansiedorp waar die wilde diere soos koedoes, vlakvarke, sebras en rooibokke tussen die huise rondloop. Die dorp grens aan die Kruger wildtuin. Die hele dorp is omhein om die diere binne te hou, natuurlik vir die inwoners se plesier maar ook om die plaasboere se landerye te beskerm. Boonop is daar ‘n wildheining tussen die dorp en die wildtuin om die gevaarlike diere uit te hou.

Alles goed en wel, maar toe kom daar ‘n ernstige droogte in 2008 en al die weiding verdwyn. Die wild se natuurlike reaksie is om

in so ‘n geval elders weiding te gaan soek. Maar hulle was ingehok in ‘n redelik klein gebied. Die gevolg was dat bokke op hope gevrek het omdat daar nie kos was nie. Boonop was die natuurlike uitdunners wat hulle getalle in stand moes hou, die leeus uitgesluit deur ‘n heining. Dit was ‘n katastrofe! Alles omdat die balans versteur was omdat mense die wild wou geniet!

In jou geloofslewe moet daar op dieselfde wyse ook ‘n baie fyn balans gehandhaaf word. So byvoorbeeld moet my geestelike lewe nie alleen Godgerig wees nie maar terselfdertyd ook mensgerig. Jesus het die wet opgesom deur te sê dat die grootste gebod is om God lief te hê maar gelykstaande hieraan is om jou medemens lief te hê. Verwaarloos jy een, dan is daar ‘n wanbalans. Mense wat hulleself byvoorbeeld in ‘n klooster opsluit om slegs  hulle lewens aan God te wy en totaal van die sondige wêreld te ontsnap, beteken absoluut niks vir die Koninkryk nie. ’n Gelowige moet met ander woorde nie so hemels-gebonde wees

dat hy geen aardse nut het nie! Die ander uiterste is ewe waar: ‘n humanitêre lewensuitkyk waar alles vir mense gedoen word en waar God nie ‘n plek het nie, is nét so sinneloos!

In vers 8 beklemtoon Paulus ‘n ander balans: “Onthou altyd,” begin hy sy sin en dan verduidelik hy van Jesus se menslike natuur. Hy is ‘n nakomeling van Dawid, dus 'n Mens. Ons moet besef dat Jesus nie alleen die verhewe God is nie, maar dat Hy ook ‘n ware menslike natuur het. Dit is deel van die belydenis van die kerk van Christus van die vroegste eeue af. Dis is baie belangrik want om vir ons sondes te kon betaal moes Hy waarlik mens gewees het. Aan die ander kant moes Hy ook waarlik God wees om die toorn van God oor die sonde te kon dra.

Om ‘n balans daar te stel, beteken dikwels totale teenstrydighede. Om byvoorbeeld te sorg dat diere in die natuur oorleef, moet sommige doodgemaak word. Om ‘n sinvolle geestelike lewe te hê, beteken dat jy noodwendig die sondige wêreld moet

aandurf. Paulus praat so in vers 9 van verdere teenstrydighede. Hy vertel dat hy in boeie is soos ‘n misdadiger ter wille van die vryheid van die Evangelie. Dit maak nie sin nie! Maar Paulus verduidelik: “Die Woord van God kan nie geboei word nie.”

Ek dink nie dat Paulus eers náástenby die implikasies van sy eie woorde besef het nie! As ons maar gaan kyk watter gevolge Paulus se aanhouding alles gehad het, dan staan jy verstom! In Hand. 16:25-34 lees ons die verhaal van waar hy en Silas in Filippi geslaan en in die tronk opgesluit is. Die gevolg was dat die tronkbewaarder en sy gesin tot bekering gekom het. In Filippense 4:22 sien ons hoedat die mense in die keiser se paleis wat daar met Paulus in aanraking gekom het tot bekering gekom het terwyl hy in Rome in die tronk opgesluit was. In sy brief aan Filemon sien ons hoedat ‘n misdadiger, 'n gedrosde slaaf ontluik in ‘n nuttige gelowige nadat hy met Paulus in die tronk in aanraking was!

Die grootste wonderwerk sou egter nog kom,

want omdat Paulus skielik beperk was in sy bewegings en hy nie meer persoonlik by gemeentes kon uitkom nie, was hy gedwing om deur briewe met hulle te gesels. Baie van die briewe het bewaar gebly. Sedertdien het tweeduisend jaar reeds verloop. Gedurende hierdie tydperk is baie miljoene mense alreeds keer op keer aangeraak en tot bekering gelei deur daardie einste briewe wat Paulus geskryf het.

God werk dikwels deur skynbare teenstrydighede sodat die wonderkarakter van Sy groot, groot genade vir mense duidelik kan word. Die Evangelie is nie logies nie, want hoe kan ‘n God van liefde dan Sy eie Seun wreedaardig laat sterf? God se genade is júis nie logies nie! Is dit logies dat God iemand wat Sy vyand is, uit die modderpoel van sonde haal en hom Sy kind maak? Verdien ek Sy genade?

Op dieselfde wyse is daar dikwels ook teenstrydighede in die Christenleier se bediening. Wat vir ons logies lyk is dikwels nie God se wil nie. Dikwels vra ons:

“Waarom, Here?” Al wat Hy vra is dat ons in volle toewyding doen wat Hy van ons vra om te doen, al lyk dit totaal onlogies. Op watter wyse God ons getuienis wil gebruik, moet ons maar aan Hom oorlaat. Hy weet immers die beste!

Gebed:

Here, leer my asseblief om op U besluit te vertrou, al lyk dit soms vir my gladnie logies nie!

# 27

# Hy Bly Getrou

## 2 Timoteus 2:10-13

**VIDEO | OUDIO**

Elke Evangeliebedienaar het al op die een of ander stadium in sy lewe moedeloos die vraag ge-uiter: “Is dit óóit alles die moeite werd?" Ek het immers sélf al by geleentheid die vraag moes vra oor hierdie dagstukkies, veral in die beginjare toe dit vir my gevoel het asof niemand dit ooit waardeer het nie! Wanneer só ‘n vraag by jou opkom, dan het dit tyd geword dat jy eers ‘n slag gaan sit en baie mooi besin oor die ware motiewe van jou bediening. Wat wil ek graag met my bediening bereik? Is daar iets hierin vir my persoonlik?

Ons het al gesels oor mense wat hulleself finansieel verryk uit die Evangelie, maar dit is nie waaroor dit hier gaan nie. Dikwels is ons motiewe baie meer subtiel. Ek soek ‘n bietjie erkenning; ek wil graag ook so ‘n bietjie gewildheid verwerf; ek wil graag hê dat

mense my moet raaksien en sê: “Daardie man het darem iets in die lewe bereik.” Ek soek óók ‘n bietjie aansien. Dalk is dit die mag wat my bediening my gee wat my tot groot hoogtes aanspoor. As leier-ouderling kan ek die kerkraad en gemeente dirigeer om na my pype te dans. Moontlik is my motief so 'n bietjie roem?

As daar iets van hierdie motiewe in jou bediening is wat jou dryf, dan het dit tyd geword om ernstig te besin waaroor dit vir jou gaan. Die enigste ware motief behoort te wees, om tot eer van God die liefde van Christus in jou leierskap sigbaar te maak. Dit is om daardie rede wat Paulus kan sê: “Ek verdra alles....” Paulus dra die belange van al die mense wat deur God uitverkies is om gelowiges te wees op die hart. Dit is een eienskap wat by elke gelowige en veral Christenleiers voorop moet staan. Dit gaan nie oor my nie, maar in die eerste plek oor God en in die tweede plek oor die mense wat die Here aan my toevertrou het. Ek het by geleentheid reeds die verhaal vertel van ons

weermag bevelvoerder wat die nag toe ons troepies amper weggespoel het in ‘n donderstorm, van tent na tent geloop het in die gietende reën om te sien of almal veilig is. Hy het sy eie aansien, veiligheid en gemak prysgegee vir doodgewone troepies, sonder om enigiets terug te verwag.

Dit laat dan weereens die vraag ontstaan: is daar absoluut niks daarin vir my nie? Die beloning wat ons kry vir selfopoffering en ‘n lewe tot eer van God is baie groot. Kyk maar byvoorbeeld net na die beloftes vir ons opgesluit in vers 11-13. In kort kom dit daarop neer dat ons nie alleen saam met Jesus sal leef nie maar boonop saam met Hom sal regeer. Wat ‘n wonderlike vooruitsig! Maar dit word beter: ons deel nóú reeds al in hierdie dinge! Gaan lees gerus ook Kolossense 3:1-4 en Openbaring 3:21. Hierdie is maar enkele van baie ander beloftes oor dieselfde onderwerp om vir gelowiges te sê dat, al lyk dit vir ons asof die ganse wêreld teen ons is, God se genade soveel groter is as al die onreg op aarde. Byt

vas! Alles is uiteindelik oor en oor die moeite werd!

As jy egter so van hierdie heerlike beloftes van God lees, dan dink jy onwillekeurig aan jou eie swakhede en foute want geen mens, hoe heilig ookal, is volmaak nie. Dit is dan ook baie belangrik dat ons die waarskuwing wat Paulus in hierdie gedeelte gee ter harte neem, naamlik om versigtig te wees dat ons nie vir Jesus verloën nie! Die verloëning waarvan hier gepraat word, is ‘n aanhoudende en onbekeerde ontkenning van die verhouding met Jesus Christus. Paulus verwys hier na ‘n uitspraak van Jesus in Matt. 10:32-33, ‘n uitspraak wat gedurig totaal uit verband geruk word in die sosiale media. Daar word op jou gevoel gespeel, dat sou jy nie ‘n sekere boodskap aanstuur na minstens tien mense nie, jy vir Jesus sou verloën. Ek dink persoonlik dis Godslasterlik om Jesus se woorde só verkeerd aan te haal!

Saam met hierdie waarskuwing gaan daar egter ook ‘n troos. God weet maar ál te goed

dat ons maar net mense is, mense vol foute. Nou tref Paulus ‘n verskil tussen verloëning en ontrouheid. Ontrouheid is oomblikke van swakheid, foute, luiheid en gebreke in jou bediening waaroor jy berou het. Dit is anders as verloëning wat ‘n doelbewuste aanhoudende en beroulose ongehoorsaamheid aan God is. Die goeie nuus is ook dat Jesus getrou bly ondanks al ons ontrouheid. Dit beteken dan ook dat ons met nuwe oortuiging en sekerheid ons werk as Christenleiers kan aanpak. As ons net ons hand na Hom uitsteek, sal Hy sorg dat ons nie in ons ontrouheid volhard nie. Ek en jy is immers Christus se liggaam en Hy voed en versorg Sy liggaam en doen alles wat nodig is om Sy kerk in volle heerlikheid by Hom te neem (Ef. 5:26-27).

Ja, Jesus is inderdaad getrou! Ons sien dit ook in die laaste belofte wat Hy aan sy dissipels, en by implikasie ook aan jou en my gemaak het pas voor Sy hemelvaart: “En onthou: Ek is by julle al die dae tot by die voleinding van die wêreld.” (Matt. 28:20).

Daarom kan ons vandag sê: “Alles is beslis die moeite werd! Wees getrou en werp alles in die stryd!”

Gebed:

Here, hou my asseblief getrou aan U en gee my inspirasie om met die regte motiewe te werk in U Koninkryk!

28

## Dodelike Ranke

## 2 Timoteus 2:14-18

**VIDEO | OUDIO**

Voor die huis waar ek ’n paar jaar gelede gebly het, staan daar ‘n noem-noemboompie, ‘n ou grote wat al baie somers beleef het. Vir diegene wat nie hierdie pragtige struik-boom ken nie, wil ek net verduidelik: dit is ‘n immergroen boompie wat sowat 2m hoog groei. Dit neem baie jare vir hom om so groot te word. Dis egter ‘n merkwaardige boom met donkergroen, skitterblink blare en hy is oortrek met stewige gevurkte dorings waardeur g’n niks en niemand kan kom nie! Sy dieprooi vruggies, so groot soos ‘n man se duim is heerlik om te eet. Sy kort, krom takkies vleg deurmekaar om ‘n ondeurdringbare massa te vorm.

Ek het my noem-noem jare gelede met groot liefde geplant en versorg en elke jaar het ek met trots gesien hoedat hy talle vrugte dra. Toe ek egter een mooi dag gaan soek vir ‘n

sappige noem-noem om te eet, moet ek tot my skok sien dat hy feitlik onherkenbaar toegerank was. Hy was feitlik totaal weggesteek agter ‘n rankplant wat besig was om hom te versmoor. O ja, ek het die ranker vroëer daar gesien en nie juis daarop ag geslaan nie, want wat kan dan nou die formidabele noem-noem skade berokken? En boonop het die rankplant mooi blommetjies gehad ook! Maar skielik het hy alles oorgeneem! Ek móés net eenvoudig ingryp!

Een Saterdag het ek ingespring om die indringer uit te roei. Met groot moeite het ek begin om die ranke uit te pluk, maar hoe verder ek gevorder het, hoe meer kon ek sien ek dat die rankplant die ganse noem-noem ingeneem en verstrengel het. Met méning het ek die indringer stuk-vir-stuk uitgepluk. In die proses het van die noem-noem se bros takkies afgebreek. Die melksap wat uitgedrup het, het wit traandruppels gemaak. Ek moes my hande diep insteek om die indringer by te kom en in

die proses het die noem-noem se skrikwekkende dorings my genadeloos gesteek en gekrap!

Tot my skok moes ek ontdek dat daar ‘n tweede indringer was wat deur die rankplant weggesteek was. Uiteindelik het ek tot die slotsom gekom dat dit byna ‘n onbegonne taak was. Daar was slegs één genade: die noem-noem moes ernstig gesnoei word om hom te red. Dit was ‘n pynlike proses vir myself sowel as die boompie. Maar my noem-noem het ‘n splinternuwe lewe gekry en weereens ’n oorvloed vrugte gedra!

‘n Mens se lewe is ook maar dikwels so. Jy laat toe dat daar hier en daar ongemerk ‘n sonde-struik deur die takke van jou lewe rank. Aanvanklik lyk dit niksseggend, selfs baie mooi! Maar ongemerk begin die sonde al hoe meer te rank en rank, totdat jou geloofslewe naderhand onherkenbaar is. Die gevaar is dat dit ook ander sondes wat jou lewe bedreig kan verdoesel, sodat hulle ongestoord kan voortbroei, goed gekamoefleer deur die “geringer”

sonderankies wat jou oordek!

Om van daardie dinge ontslae te raak, kos dikwels dat jy gaan seerkry en dat jou lewe ernstig “gesnoei” moet word sodat jy weer bruikbaar kan word. Dit is nie lekker nie en ek is séker dat die Here ook in die snoeiproses “seerkry”…...

In Efese het Paulus gevaarligte sien brand. Daar was óók só ‘n “sondestruik” wat besig was om die gemeente te verstrengel en as hierdie indringer nie verwyder sou word nie, kon die gemeente totaal daardeur gewurg word. Daar was mense wat gestry het oor onbenullighede. Op die oog af klink dit na iets niksseggend, maar as so ‘n gestry jou hele geestelike lewe begin oorheers, brand die gevaarligte. Daar was sommige gemeentelede wat in die proses só meegevoer geraak het, dat hulle al totaal van die waarheid afgedwaal het. Die tragiese was dat sommige mense wat nog nie sterk in die geloof gestaan het nie, se geloof ook daardeur vernietig is!

Mense probeer dikwels om my te betrek by

allerhande argumente. Ek het net eenvoudig nie die tyd of energie om by sulke dinge betrokke te raak nie en buitendien loop dit gewoonlik op niks uit. Dus ignoreer ek dit. Die toets of jy in ‘n argument oor geloof moet betrokke raak, lê opgesluit in die vraag of die betrokkenes se geloof opgebou of afgebreek sal word deur die debat. Slim praatjies en raaiwerk oor dinge waaroor die Bybel nie pertinent uitsluitsel gee nie, kan veroorsaak dat mense begin twyfel of selfs ophou om te glo.

Moenie soos ‘n indringer-rankplant wees wat allerhande mooi praatjies probeer maak nie. Aan die ander kant moet jy ook nie soos my noem-noem jou deur sulke dinge laat toerank nie. ‘n Christenleier se lewe moet soos ‘n boom wees wat goeie vrugte dra. Paulus sê in vers 15: “Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel.” Jy moet dus ‘n “arbeider” wees. Om te “doen,” is die goue sleutel. ‘n Mens kan preek en die Evangelie verkondig, maar as jou lewe nie die ware kleure van Jesus wys nie, beteken dit niks.

Dade spreek baie harder as woorde. Dit help ook nie om dit net halfhartig te doen nie. Doen dit só dat dit die goedkeuring van God wegdra (v. 15).

Om dus in diens van God te staan, is beslis nie maklik nie. Dit verg harde werk en toewyding aan die Here. Boonop moet jy die hele tyd waak teen daardie ewige "rankplante" wat so subtiel jou lewe kan verstrengel!

Gebed:

Here, hou my asseblief op my hoede vir die rankplante van die lewe en as dit moet - snoei asseblief waar dit nodig is!

## 29

## Kleipotte en Sosiale Media

## 2 Timoteus 2:19-21

**VIDEO | OUDIO**

Ons het 'n paar dae gelede gepraat van daardie boodskappies op sosiale media wat so op jou emosies wil speel en jou skuldig wil laat voel as jy dit nie aanstuur nie. Soms is daar egter tóg Skrifgefundeerde en opbouende gedeeltes uit die boodskappies wat jy met ander kan deel. Stuur dan slegs daardie deel aan want sodoende verneuk jy die duiwel! Los egter maar liewer die soetsappige rympies wat jou net goed laat voel weg!

In 'n sekere sin is hierdie sosiale media boodskappies soos kleipotte. My Mosbolletjie was nog altyd baie lief om kleipotte te koop by die stalletjies langs die pad en dan beland hulle êrens in ons tuin. Daar is kleipotte wat nou al jare se wind en weer deurstaan het en steeds mooi lyk. Maar ander het net 'n maand of wat gehou en toe begin

verkrummel totdat hulle uiteindelik stuk-stuk deur die miere weggedra was. Toets daardie beriggie, of hy werklik soos ‘n goedgebakte kleipot is wat jare lank die boodskap sal uitdra. Ek kry soms WhatsApp boodskappies of e-pos wat ek herken as iets wat ek self al jare gelede uitgestuur het. Dan wonder ek hoeveel duisende mense dit dalk al gelees en versterk geraak het daardeur!

Dis presies ook waaroor Paulus skryf in vanoggend se Skrifgedeelte. Nee, dit was beslis nie ‘n WhatsApp nie want Paulus het nie ‘n selfoon in die tronk gehad nie! Hierdie gedeelte handel oor die kwaliteit van jou lewenswandel. Hy beskryf die dinge wat jy in jou huis kry. Party is sommer alledaagse kleipotte en ander weer pragtige silwer eetgerei. Daar is dinge van goedkoop hout maar ook mooi goeters van suiwer goud. Daar is plastiekborde wat jy koop teen tiensent-’n-dosyn en héél bo op die rak is die borde van fyn porselein uitgestal vir "highdays & holidays!"

“Die Here ken dié wat aan Hom behoort,”

skryf Paulus in vers 19. Natúúrlik weet Hy ook dat ons nie almal dieselfde is nie en Hy wil ons gebruik volgens ons eie vaardigheid. Hý is immers die Een wat ons verskillende talente gegee het. Die fyn porseleinborde word slegs afgestof vir ‘n maaltyd saam met belangrike gaste. Die plastiekborde daarenteen, word weer uitgehaal wanneer ons vir ‘n heerlike piekniek iewers in die veld gaan. Hulle is dus ewe belangrik, elkeen op sy eie terrein. Jy gaan mos tog nie porseleinborde op ‘n piekniek gebruik nie en vir grênd gaste gaan jy nie plêstiekborde voorsit nie!

Moenie jouself as minderwaardig ag, net omdat jy dalk nié sulke gesofistikeerde talente gekry het as iemand anders nie. Die ou wat die vloere vee se taak is nét so belangrik as dié van die prediker. Stel jou voor dat jy Sondagoggend in die pragtige kerkgebou instap, jou hart ingestel op aanbidding en lofsang en ‘n boodskap van die Here. Maar sommer met die intrapslag staan die stofdampe op die vloer omdat dit

weke laas gevee is. Die kerkbank is stowwerig en jou deftige klere smeer vuil. Teen die plafon hang stokou spinnerakke en alles is sommer vuil. Daardie erediens gaan vir jou ‘n totale mislukking wees, want jy gaan die hele tyd sit en tob oor die vloereveëer wat nooit sy werk gedoen het nie!

Dit laat my dink aan die storietjie van Ferdinand Deist oor die pomporrel konsert, waar die orrelis neergesien het op die koster wat die orrel moes pomp. En toe hou die koster op om te pomp, en die orreluitvoering sis tot ‘n stille einde. Eers toe die orrelis die nodige erkenning gegee het aan die koster en erken dat dit gesamentlik húlle konsert was, kon die uitvoering voortgaan.

Ja elkeen van ons is belangrik, maak nie saak hoe gering jou bydraetjie lyk nie. Daar is egter ook ‘n ander element wat bykom. As ons weer kyk na die kleipotte, sien ons dat sekere kansvatters wat ‘n vinnige pennie wil maak, sommer daar langs die pad uit ‘n moddergat klei gaan haal om potte mee te maak. Dáárdie is die potte wat kort voor lank

mierekos word! Hulle is deurtrek van alle onsuiwerhede en selfs al is hulle goed gebak, bly hulle bros en breekbaar. Ander pottebakkers doen egter groot moeite om klei te gaan soek wat suiwer en van goeie gehalte is. Hulle potte hou vir jare en jare.

In vers 19 skryf Paulus: “Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort, moet wegbreek van ongeregtigheid.” Inderdaad is die Here die Pottebakker van jou lewe. Jy moet egter sorg dat jou klei van die beste gehalte is. Hoe meer onsuiwerhede van sonde in jou lewensklei is, hoe swakker gaan die gehalte van jou lewenspot wees. Dit gaan natúúrlik mos jou bruikbaarheid in die Koninkryk beïnvloed!

Moenie vir één oomblik twyfel dat God jou voorberei as ‘n bruikbare voorwerp om in Sy diens te staan nie. Juis dáárom is dit so belangrik dat jy veg teen enige kwaad, sodat die kwaliteit van jou “klei” die héél beste is en jy vir jare lank steeds bruikbaar vir Hom kan wees.

Gebed:

Here, help my asseblief om my lewensklei suiwer te hou!

## 30

## Reik na die Goeie

## 2 Timoteus 2:22

**VIDEO | OUDIO**

Wanneer jy jonk en vol lewenslus is, is daar allerhande dinge waarna jy uitreik: avontuur, rykdom, roem. Menige jong man se jagtersinstink dryf hom na alle uiterstes, veral as daar 'n jong, mooi bokkie in sy visier verskyn. Ek praat nou van die soort wat 'n rok dra! Dan begin sy begeertes opvlam. En dikwels raak 'n jong vrou se hormone óók totaal deurmekaar as die held in haar lewe mooi en sterk en begeerlik is! So sien ons mos 'n paar jaar gelede in die opspraakwekkende hofsaak van daai poppie-mooi blonde advokaatjie en haar slinkse kêrel hoedat daardie jong vrou totaal vir die skelm geval het en as't ware sy slaaf geword het, boonop nogal heeltemal vrywillig. Haar begeertes het net eenvoudig oorgeneem en haar hele lewe oorheers.

Hierdie is 'n ekstreme geval en natuurlik die

absolute uitsondering op die reël. Of is dit werklik? Elke einde van die jaar hou ons hier in Ballito (en elders langs die kus) asem op vir die groot intog, oftewel inval! Eers is dit die matrieks wat totaal uithaak en hulleself oorgee aan drank, dwelms en ‘n walglike, losbandige lewe. Hulle begeerte na “vryheid” is só groot, dat niks en niemand ontsien word nie en so ver as wat hulle gaan, saai hulle verwoesting. Met hulle vertrek sug ons van verligting, maar dit is kortstondig, want dan kom die studente en neem die dorp op horings. Wilde partytjies, uitspattige musiek, drankmisbruik - noem maar op. Die kersie op die koek is natuurlik die nuwejaarspartytjie, waar derduisende jongmense regdeur die nag suip, skree en hulle oorgee aan hulle begeertes. Ek en my seun het een jaar vyfuur op die nuwejaarsoggend gaan kyk en foto’s geneem van die stertkant van hierdie gebeurtenis. Dit was om van naar te word!

Die groot hartseer is dat die ouers van baie van hierdie jongmense, waarvan sommige nog blote kinders is, net eenvoudig nie

omgee oor wat aangaan nie. Dikwels word hulle nog gehelp en gesterk in hulle kwaad! 'n Tyd gelede het ‘n pa vir sy seun, wat toe nog op skool was, ‘n ontkleedanser gereël vir sy verjaardagpartytjie! Hoe siek kan ‘n mens wees!

Inderdaad moet ek egter bysê dat daar tóg ‘n groot aantal jongmense is wat te midde val alles staande bly en hulle nie vereenselwig met sulke laakbare gedrag nie!

Timoteus was ‘n jong man in sy laat dertigs toe Paulus hierdie brief aan hom skryf. Paulus vermaan hom: “Vermy die begeertes wat vir ‘n jongmens gevaar bring.” Eintlik staan daar letterlik: “Vlug weg van begeertes”. Dit is veral as iemand aansien in die lewe het, wat hierdie begeertes waarlik gevaarlik kan word. As jy ‘n sport- of musiekster is en die meisies kom gooi hulle voor jou voete neer, dan moet jy begin hardloop, oftewel wegvlug! Dit is só maklik om toe te gee en net jou begeertes te laat oorneem. Dieselfde geld vir die flikkerende liggies van ‘n casino. Net ‘n vyfrandstuk in

die gleufie, en nog een en nóg een. En dan val daar ‘n hoop geld voor jou uit die buik van die eenarm nar. As dit so maklik is, durf jy mos nie ophou nie en die begeerte na nóg geld dryf jou om aan te hou en áán te hou. Ek het al gesien hoedat mense ‘n florerende besigheid laat opgaan in rook as gevolg van dobbel. Bly liewer hééltemal weg, of nóg beter, vlúg weg van sulke plekke af! Die betowering van die liggies hipnotiseer jou totaal en al!

Paulus se waarskuwing aan Timoteus is egter nie net negatief nie. Daar is ‘n positiewe deel ook: “Streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit ‘n rein hart die Here aanroep.” Die woordjie “streef” kan eintlik beter vertaal word met “jaag”. Vlug dus van jou begeertes en jaag die goeie na! Tydens my militêre diensplig, het ek in die verkeerde dinge verval. Skaars was ek egter tuis, of die jongmense van die kerk in Durban Noord gryp my. Hulle het my betrek by hulle heerlike, avontuurlike lewe van bergklim,

kampe, speel op die strand en waatlemoenfeeste. Dit was vet pret! Tussendeur is daar Bybelstudie gehou en elke Sondagaand Hallelujaliedere gesing dat die byle huil!

Algaande leer ek dat om ‘n Christen te wees, nie noodwendig beteken dat jy met ‘n stroewe gesig gaan sit en Bybel lees nie, maar dat jy die lewe voluit kan geniet! Ons lewe was propvol opwinding, soos byvoorbeeld die slag toe ons ‘n bus gehuur het en gaan kuier het op ‘n sendingstasie by Bambizana in die Transkei. Buiten vir die feit dat die bus ‘n volle dag lank vasgeval het in die modder, was dit steeds ‘n naweek wat ek vir altyd sal onthou! Die besoeke saam met die sendelinge aan hulle gemeentelede, saambid, saamkuier, saamsing - wat 'n belewenis! En dan was daar die keer ....... Nee kyk, as jy my loslaat, hou ek jou ure besig met vertel!

As jy wil sien wat ons daardie jare alles aangevang het - gaan kyk dan op die webwerf: **dagstukkie.co.za/kjv** En as jy dalk

iewers in die laat sestigerjare in Durban woonagtig was, mag jy jouself dalk net op een van die foto's herken!

Vandag kyk ek na die jongmense in ons gemeente en ek sien óók die opwinding en entoesiasme en dan wéét ek dat alles nie verlore is nie: daar is steeds jongmense wat bereid is om te vlug van begeertes en opregtheid na te jaag met 'n passie. Dit gee my nuwe moed!

Gebed:

Here, dankie vir jongmense wat steeds bereid is om U met oorgawe en vreugde te dien.

31

## Sinnelose Argumente

## 2 Timoteus 2:23-26

**VIDEO | OUDIO**

“**Moet jou nie met dwase en sinnelose strydvrae inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies veroorsaak.**” (2 Tim 2:23).

Ai toggie! Hoe laat mens jou nie soms in totaal sinnelose strydvrae insleep nie! Ek onthou ‘n debat ‘n klompie jare terug waaraan onder meer daardie wêreldberoemde Prof. Stephen Hawking en die omstrede minister Pik Botha deelgeneem het. Die super-slim professor het vir Oom Pik gesê dat daar nie lewe na die dood is nie. Jy is soos ‘n rekenaar wat afgeskakel word as jy sterf. Daar is net niks! Die debat het gegaan oor Hawking se vraag: is daar lewe na die dood? Die debat was op die TV program 50/50 uitgesaai.

Die antwoord vir enige gelowige is eintlik baie eenvoudig maar die wetenskaplikes wat hierdie tameletjie probeer uitredeneer het,

het hulleself net al dieper en dieper in die gemors geredeneer. Die enigste persoon wat sin gemaak het was ’n ateïs, die voorsitter van die sogenaamde Skeptiese Vereniging. Sy redenasie, dat Christene die wetenskap totaal ignoreer, is gedeeltelik waar, want dikwels loop ons met oogklappe en glo net wat tradisie ons geleer het, sonder om behóórlik die Woord te lees. Die Paleontoloog in daardie gesprek het geglo dat ‘n mens net ‘n hoop bene is! Dis immers al wat hy ooit opgegrawe het! Uiteindelik het die debat gedraai by evolusie en die ouderdom van die aarde.

Maar tóé kom die Christene met die vreemdste redenasies! Hulle het só in sirkels gepraat dat g’n mens uiteindelik énigiets kon uitmaak van wat hulle werklik glo nie. Met al hulle slim redenasies het hulle die TV kykers wat vrae oor die onderwerp gehad het, totaal in verwarring gebring! Die enigste persoon wat sy sin gekry het in hierdie debat was die ateïs, want na die gesprek was daar baie meer mense wat skepties was!

Vra jy my wat ek glo oor hierdie vraag? Ek glo met my hele hart dat daar lewe na die dood is. Die Bybel leer my immers so! Klaar! Evolusie, hoe oud die aarde dan nou eintlik is en wanneer die mens geskep is het hiermee absoluut niks te doene nie!

Paulus lê klem daarop: Moenie betrokke raak by kantlynsake waaroor die Bybel nie duidelik uitspraak gee nie, want jy kan dalk net baie meer kwaad veroorsaak as goed! Ek kan óók met baie mooi redenasies kom oor die skepping en evolusie. Ek het my eie teorieë hieroor. Let wel: dis slegs teorieë want nie die Bybel óf die wetenskap gee oor hierdie dinge 'n honderd persent uitsluitsel nie! As ek egter vanoggend hier skryf wat ek daaroor glo, gaan die helfte van die lesers met my saamstem en die ander helfte gaan sê dat ek nonsens praat. Wat het ek gewen? Absoluut niks! Maar ek het die helfte van die lesers verloor! Dit sal tragies wees……!

Paulus vermaan dat as iemand kwetsende aantygings maak teenoor jou, dan moet jy nie kwaad word of dit met allerhande

redenasies probeer wegredeneer nie. Antwoord eerder met vriendelikheid! Ek moet bieg dat ek al dikwels warm onder die boordjie geraak het as iemand my knaend aanval. Ek was al dikwels wysgemaak hoe verkeerd my geloof dan nou werklik is en dat sulke geloof my nooit, óóit in die hemel gaan bring nie! Ja, ek was al uitgekryt dat ek almal wat hierdie dagstukkies lees om die bos lei en saam met my laat dwaal!

'n Gelowige mag nie toelaat dat sulke aanmerkings maak dat jy jou humeur verloor nie. Bly steeds vriendelik en hou liewer jou mond! As die Bybel egter ‘n duidelike uitspraak gee oor die saak, durf jy ook nie daaroor stilbly nie! Jy moet sorg dat jy toegerus is om ‘n toepaslike antwoord te kan gee. Dit móét egter steeds met vriendelikheid gebeur sodat jy nie dalk daardie persoon totaal verloor nie.

Ek moet terselfdertyd ook te alle tye onthou dat dit nie mý goeie kennis van die Skrif of mý goeie redenasievermoë is of selfs mý vriendelikheid is wat mense se harte

verander nie. Dit is slegs God wat mense kan bekeer en tot kennis van die waarheid bring! Dit staan duidelik so uitgespel in 2 Tim 2:25. Talle mense het my al gevra hoe jy ‘n Christen word en ek het al aan baie mense ‘n mooi uitleg in my beste taal en skryfstyl gestuur, wat verduidelik presies hoe dit werk. As die Heilige Gees egter nie daardie persoon tot bekering lei nie, is al my mooi woorde totaal verniet! Terloops, by **bit.ly/bbVertel** kan jy 'n boekie aflaai wat jou kan help om die Evangelie eenvoudig aan iemand te verduidelik. Die titel: Hoe vertel ek iemand van Jesus? Dit is geskryf in Afrikaans, Engels en Zoeloe.

Jou vriendelikheid beteken natuurlik nooit dat jy maar gelate aanvaar as iemand dwaalleer verkondig nie. Dwaalleer is iets wat teenstrydig is met alles wat die heilige Woord van God verkondig en daaroor het Paulus hom verskeie kere al baie heftig uitgespreek. Sulke dinge durf jy nie duld nie! Ongelukkig is ‘n dwaallering soos dronkenskap, dat jy nie nugter daaroor kan dink solank jy daarin

vasgevang is nie. Weereens sal heftige redenasies iemand wat daarmee deurmekaar is net verder aanvuur. Ek het dit sélf al pynlik agtergekom in my redenasies met sekere geloofsgroepe. Al my argumente het absoluut niks opgelewer nie. Dit is slegs God wat hulle siening sal kan verander!

Gebed:

Here, gee my asseblief ‘n oorvloed van vriendelikheid en kalmte en nugterheid wanneer ek gebombardeer word met sinnelose argumente!

32

## Gevaar in die Graspolle

## 2 Timoteus 3:1-5

**VIDEO | OUDIO**

Raak my Mosbolletjie mos toe eendag vir my warm onder die boordjie! Beskuldig sy my (valslik!) dat ek kwansuis besig was om ‘n gevaarlike situasie te skep! Daai jare het ons ‘n boshuisie in Marloth Park gehad.

Die hele petalje het eintlik een môre vroeg begin toe ek op die stoep sit met ‘n ou kôfetjie en tuur oor die vlakte. Wel, dis presies nét die gevoel wat ek van my grasperk gekry het, ‘n groot oopte met niks op nie! Ons het baie gesukkel om ‘n ou piepklein lappie gras aan die groei te kry met die vlakvarke wat alles bly uitgrawe het. Maar uiteindelik het hy begin groei en toe ek weer sien, sit ons met ‘n groot, kaal grasperk nés ‘n dorpstuin en ek hou niks van wat ek daar sien nie! En nét daar pak so ‘n wilde gier my, dat ek later amper spyt gekry het dat ek toegelaat het dat so ‘n gedagte óóit oor my

kom. Maar toe was dit klaar te laat en ek moes deurdruk!

Dit was net na ‘95 se groot reëns en die veld was ‘n lushof, ruig en groen en waar ‘n veldblommetjie bokant die lang stingels kon uitbeur, daar het hy geblom. Nét daar neem ek ‘n besluit en ek begin sommer die grasperk omdolwe van ‘n kant af en plant orals wilde graspolle. Hier en daar word sommer ‘n bossie of twee ook ingesmokkel en van pure lekkerkry plant ek veldblommetjies net waar ek 'n gaatjie kry. Man, en is daar naderhand só ‘n wilde boskasie dat ek amper op my eie werf verdwaal! ‘n Oerwoud, púre oerwoud!

Maar dis net dáár waar die huismoles mos toe amper begin en dít oor ‘n paar simpele ou graspolletjies! Ek probeer nog my óú gesellige self wees hier langs die vuurtjie daardie aand, maar Mosbolletjie bly brom. En so kort-kort dan bly sy so oor haar skouer loer na een of ander tier of leeu wat dan kwansuis uit daardie ruigtes kan uitspring. En sy is ongedurig! Dis nou mos álles mý skuld

en dis ékke wat so ‘n gevaarlike oerwoud geskep het hier rég langs die braaiplek. Maar sy het self ook maar lekker raad gegee: “Daai klip sal mooi lyk dáár” en “daai kol is nog te kaal. Plant nog ‘n graspol of ‘n bossie dáár.”

Man, en toe begin dit skemer raak. Sit ons nog so lekker en gesels, toe is dit net asof iets vir my kyk. Partymaal kry mens mos só ‘n gevoel, so half ‘n kriewelrigheid hier by jou nekhare langs. Tussen die einste splinternuwe graspolle gluur twee swart ogies en ‘n blinkswart neusie ons aan. Een vir een peul hulle uit - muishondjies. Skielik kry hulle lewe en dan skarrel hulle orals oor die grasperk rond en grawe vir krieke en goggas, ál hier rondom ons.

Dit was nie lank nie, toe gooi die nag sy pikswart kombers oor ons en die boskonsert begin. Die ou wolf-met-die-mankbeen sing sy klaaglied: “Hoeeeep-hoeeeep” en Leeu brom-brom saam terwyl die boompaddatjies die hoë note tjierie-tjierie-tjierie. Van puur lekkerkry lag seekoei daar naby die groot

jakkalsbessieboom jolig uit sy maag uit: “Oeemf snork-snork jugge-jugge snork” vir ‘n ver-onner-die-belt grap dat die hele bos dreun! Bokant ons skaterlag die sterretjies klokhelder!

Skielik pomp Mosbolletjie my in die ribbes met die elmboog. ‘n Ou laai van haar daardie! Nes ek lekker slaap, dan pomp sy my gewoonlik so en dan wil sy beweer ek snork. Snork! Ek? Verbeel jou! Ewenwel, Mosbolletjie pomp my in die ribbes (nie oor ek snork nie) en ek wéét hier is moeilikheid! Sy hoor iets in die lang gras, dié gras wat ek die vorige dag geplant het. My nekhare staan eintlik orent van skrik en Mosbolletjie se oë soos pierings soos sy probeer kyk.

Dan tree drie koedoes versigtig na vore uit die ruigtes. Dis omtrent net hulle reuse ore wat bokant die gras uitsteek terwyl hulle ons rustig, grootoog  staan en aankyk. Skielik is die nag in die bos mooi en vriendelik en so sag soos die koedoes se fluweel-oë.

En ek fluister vir Mosbolletjie: “Hier, uit hierdie ‘gevaarlike’, wille boskasie, het nog

net mooi dinge gekom! Of hoe Liefie?”

En toe doen sy dit wéér: sy pomp my in die ribbes!

“In die laaste dae sal daar swaar tye kom”, waarsku Paulus vir Timoteus. Hy skryf van die mense waarmee Timoteus elke dag mee te doene gaan kry - hulle sal selfsugtig, geldgierig, grootpraterig, verwaand, liefdeloos, bandeloos en selfs wreed wees. Sy lysie gaan aan en aan en dan lyk dit selfs erger as daardie “gevaarlike” boskasie wat ek veroorsaak het!

Lyk die lysie nie baie bekend nie? Is dit nie maar die wêreld waarin ons vandag lewe nie? “Bly weg van sulke mense af!” waarsku Paulus vir Timoteus.

Beteken dit dan nou dat ons almal wat sondig is moet vermy? Maar ons werk dan saam met hulle! Nee, ek dink nie dat dit Paulus se bedoeling was nie. Maar ons moet wél baie versigtig wees dat ons nie onsself vereenselwig met die dinge wat hulle doen nie. As ek dus uitgenooi word na ‘n

geleentheid waar ek vooraf weet dat onheilighede gaan gebeur, bly ek liewer weg en ek woon nie 'n vertoning by as ek wéét dat die kunstenaar walglike dinge gaan kwytraak nie.

Maar in ons volgende dagstukkie gaan ons in meer diepte kyk na hierdie Skrifgedeelte.

Gebed:

Here, gee asseblief vir my altyddeur ‘n bly gemoed, selfs al lyk dinge soms duister en gevaarlik!

# 33

## Swaar Tye Voor

## 2 Timoteus 3:1-9

**VIDEO | OUDIO**

Jy onthou seker nog dat Paulus eintlik hier besig is om 'n testament te skryf. In 'n tipiese testament van daardie tyd, was dit die gewoonte om 'n vooruitskouing te maak. Daar word bespiegel oor wat die toekoms vir jou, die leser van die testament sou inhou. Sommige testamentopstellers sou dalk voorspel dat die toekoms vir sy leser rykdom, voorspoed en geluk sou inhou. Hy sou groot partytjies voorspel met vroue wat oor hulle voete val voor jou sjarme!

Paulus skilder egter 'n héél ander prentjie. Hy was immers al deur die lewe en hy het gesien wat vir die gelowige wag. Dit gaan beslis nie maklik wees nie, want die duiwel is soos 'n brullende leeu wat wil verslind wat voorkom. Daarom waarsku Paulus vir Timoteus en uiteraard elkeen wat hierdie testament lees: "**Dit moet jy weet: in die**

**laaste dae sal daar swaar tye kom.**” Die laaste dae waarvan Paulus praat, het begin met die opstanding van Jesus en dit duur voort tot met Sy wederkoms. Die “swaar tye” waarvan Paulus praat, het te doene met die mense wat in daardie tye leef. Die wêreld word gekenmerk deur goddelose mense wat al meer en meer afvallig raak. Mense wat gedryf word deur hulle sondige natuur. Hulle was alreeds daar in Timoteus se tyd en hoe nader ons beweeg aan die Wederkoms, hoe erger word hulle dade. Ons lees dit elke dag in die koerante. Dit raak nou al so erg, dat jy te bang is om ‘n koerant oop te maak of nuus te kyk, want al wat jy sien is geweld, roof, verkragting, bloedskande en oorloë. Dag-vir-dag word ons geskud deur walglike goed soos moord op babas en menseroof!

Maar dalk moet ons ‘n slaggie noukeurig deur hierdie verstikkende lysie wat Paulus hier aframmel gaan lees. Selfsug, geldgierigheid, grootpraterigheid, verwaandheid, beledigings! En dan is dit maar die begin! Ek het al klaar net in hierdie

eerste paar gruwelike sondes iets van myself opgetel. Liefdeloosheid, onversoenlikheid - nou begin dit baie persoonlik raak! Is daar dan waarlik iets van hierdie walglike wêreldse sondigheid ook in my? Ek dink ‘n mens moet eers weer ‘n slag gaan selfondersoek doen met Paulus se lysie voor jou, voordat jy die wêreld wil veroordeel. Vir séker moet ons natuurlik dan ook weet dat God genadig is en dat Hy ons hierdie sondes vergewe het, maar terselfdertyd moet my lewe as gelowige sodanig wees dat ek al meer en meer wegbreek van die ou sondige natuur en nader aan God se wil begin leef.

Ons moet dan ook onthou dat daar in “die laaste dae” wel ook al hoe meer ‘n skyngodsdiens sal wees (v.5). Dit is mense wat elke Sondag in die kerk sit en saam met ons aanbid met ‘n vroom gesig, maar wat innerlik korrup is en nie waarlik glo nie. Paulus waarsku ons teen sulke mense en hy sê dat ons van hulle af moet wegbly want deur hulle skyngeloof en mooi praatjies kan hulle gelowiges wat nie sterk staan in die

geloof nie, baie maklik verlei en verwar!

Dit is interessant dat die voorbeelde wat Paulus hier noem van die metodes wat hierdie dwaalleraars met hulle skyngeloof gebruik, vandag steeds gebruik word. Hy noem hier van mense wat liggelowige vroue in hulle mag kry. Dink hier maar aan die talle kultiese geloofsgroepe wat oor die afgelope klompie jare ontstaan het en veral vroue verlei het om in afsondering en selfs onsedelikheid saam met hulle te leef en hulle lering na te volg. En dit alles in die naam van "suiwer geloof!" In Paulus se tyd was vrouens natuurlik grootliks ongeletterd en hulle was dus baie maklike slagoffers van hierdie mense wat gesinne binnegedring het. Vandag moet ons steeds sorg dat elke lid van ons gesin toegerus is met die kernwaarhede van die Christelike geloof om hulle van jongs af weerbaar te maak teen die talle dwaalleringe wat soos golwe spoel oor ons kinders. In die skole word hulle blootgestel aan allerhande kultiese verwarrings. Toe ek en jy op skool was, was

almal Christene, ons maats en die onderwysers. Vandag is dit baie anders en ons kinders kry daagliks te doene met Hindoeïsme, Islam, Boeddhisme en tradisionele Afrika-godsdiens. Al hierdie dinge het ‘n invloed op die kinders, veral as die onderwyser dalk óók nog ‘n Hindoe of iets soortgelyk is.

Nou gaan ek dalk ‘n ding sê wat jou sal skok: Dankie tóg dat Godsdiensonderrig in skole afgeskaf is! Maar wag, ek wil hierdie stelling eers kwalifiseer: dink net wat sou gebeur as ‘n Hindoe of ‘n Moslem onderwyser ‘n Godsdiensklas moes waarneem. Die gevolge sou skrikwekkend wees! Godsdiensonderrig moet by die huis gebeur! Dit is dáár waar ons kinders van Jesus moet leer en van God se genade asook van wat ware geloof beteken. En dit is elke ouer se dure plig om toe te sien dat sy kinders formele onderrig by die kerk kry. Die meeste gemeentes het ‘n span toegewyde kategete wat gedurig opleiding kry en wat die kinders ‘n gebalanseerde, suiwer geloofskennis gee. Maar die kerk se

plig is nie genoeg nie! ‘n Ware geloofslewe van liefde kan alleen in die ouerhuis geleer word deur die voorbeeld wat ek en jy as ouers vir ons kinders stel.

Gebed:

Here, as ek deur Paulus se sondelys lees, dan sien ek nog so baie dinge wat verkeerd is in my lewe. Vul asseblief my ganse lewe met U Heilige Gees en help my om van al my sondes ontslae te raak!

# Volhard Deur Ontbering

## 2 Timoteus 3:10-13

**VIDEO | OUDIO**

In die Skrifgedeelte wat ons gister gelees het, noem Paulus vir Jannes en Jambres. Ongelukkig kon ek nie daarby stilstaan nie. Ou Joodse tradisie was dat dit twee towenaars was wat saam met Moses voor Farao gestaan het en ook Moses se wonderwerke nagedoen het. Hulle het ‘n skynbekering ondergaan en saam met die Israeliete getrek. Hulle was egter ook die aanstigters van die opstand by die Sinai berg waar die goue kalf gemaak is. Of dit ’n ware storie is, sal ons nie weet nie. Paulus gebruik hierdie storie om te wys dat skyn-Christendom ook op die lappe sal kom. In teenstelling hiermee wil Paulus dan nou vir Timoteus wys wat die verskil moet wees tussen so ‘n skyngelowige en die ware volgeling van Jesus.

Ek was geskok om te verneem van die

sogenaamde “Ontluikende Kerk” (Emerging Church). Hierdie beweging beweer onder meer dat ander godsdienste soos Boeddisme ook maar reg is en dat ons daarvoor plek kan maak in ons eie geloof. Hulle laat alle grense val en selfs geloof in Jesus is nie noodsaaklik nie! En dit is nie iets wat net daar ver in Amerika en Australië gebeur nie. Baie prominente predikante en teoloë in Suid-Afrika is ook voorstanders van hierdie nuwe “geloof”. In Joh. 14:6 het Jesus gesê: “**Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.**” Maak nie saak hoe mooi en edel en tegemoetkomend hierdie nuwe siening is nie, Jesus se woorde sal vasstaan! Hy is en bly die Enigste Verlosser! Google dit gerus maar.

Geloof kom nie goedkoop nie! Paulus skryf vir Timoteus dat hy wéét dat Timoteus anders is as die skyngelowiges want hy kan dit sien in sy leer, lewenswandel en lewensdoel. Sy geloof, geduld, liefde en volharding is sigbaar, selfs wanneer daar vervolging is!

Timoteus het hierdie dinge by Paulus geleer. Ja, Timoteus was maar ‘n baie jong gelowige toe Paulus tydens sy eerste sendingreis in Antiogië, Ikonium en Listra sendingwerk gedoen het. Daar het hy vir die eerste keer vir Timoteus raakgeloop. In Timoteus se tuisdorp Listra, het ‘n woedende skare vir Paulus gegryp en gestenig. So erg is hy met klippe bestook dat almal gedink het dat hy dood is. Paulus het egter nog vir baie jare daarna gepreek! Hierdie gebeurtenis moes seker ‘n onuitwisbare indruk op Timoteus gemaak het.

Om die waarheid te sê, moes hierdie insident ‘n groot indruk op baie meer mense gemaak het. Nie lank voor hierdie insident nie, het Paulus in die Sinagoges van Antiogië en Ikonium vir die Jode gepreek en vertel van Jesus se opstanding uit die dood. Daarvoor het hulle hom uit die stad gejaag en agtervolg en uiteindelik selfs in Listra gestenig sodat hy daar “morsdood” voor hulle gelê het. Ek dink hulle verbasing was baie groot toe die einste “dooie” Paulus die

volgende dag springlewendig in die strate van Listra geloop het. Hy het Jesus se opstanding gedemonstreer!

Wanneer Paulus vir Timoteus herinner aan die verskriklike swaarkry van daardie tyd, is dit nie om simpatie te wek nie maar dit is om op die almag en grootheid van God te wys. Hy is immers die Een wat hom daardie dag uit die kloue van die dood gered het asook by baie ander geleenthede daarna.

Swaarkry is nie noodwendig ‘n slegte ding vir ‘n gemeente nie. Eintlik is dit iets wat júis dikwels die kerk suiwer. Daar is ‘n ou spreekwoord wat lui: “**Is die kerke van hout, is die lidmate van goud. Is die kerke van goud, is die lidmate van hout!**” Jubel dus in die Here as dit swaar gaan in jou gemeente, want dit is in sulke tye wat mense waarlik vir God leer ken en op hulle knieë kom!

Swaarkry, vervolging en verleiding van die kerk sal voortgaan. In werklikheid word dit al hoe erger namate ons nader aan die einde van die tyd kom. Skyngelowiges dring oral in - in die politiek en selfs in die kerk.

Goddelose mense sal ook van krag tot krag gaan en dit lyk vir ons so onregverdig! Paulus waarsku vir Timoteus oor hierdie dinge en maak hom bedag daarop dat vervolging en ontbering nie sal ophou vir die ware gelowige nie. Ja, later sou Timoteus sélf die pynlike waarheid van hierdie uitspraak besef toe hy ook in die tronk beland. Hiervan kan jy lees in Hebreërs 13:23 .

Ek en jy moet realistiese Bybelse verwagtinge hê, of ek nou ‘n “gewone” lidmaat of ‘n leier is in my gemeente. Dit is veral die geestelike leiers wat die implikasies van ons geloofslewe baie duidelik moet besef en gereed staan om lidmate te begelei wanneer die swaar tye en die vervolging kom. Dit is só maklik om moed te verloor wanneer dinge nie gaan soos wat jy verwag nie. In sulke tye gryp mense na énige strooihalm, veral die verkeerde soort strooi! Die eienskappe wat Paulus hier bo genoem het, naamlik liefde, volharding, geduld ensomeer is dan júis in sulke omstandighede

van uiterste belang, want daarvan het jy hope nodig om ander mense mee by te staan, dikwels terwyl jy sélf swaar gebuk gaan onder dieselfde verdrukking. Paulus was hierin vir ons die model-voorbeeld, want terwyl hy die ergste vervolging denkbaar moes deurstaan, het hy nooit vir ‘n enkele oomblik opgehou om ander te bemoedig, te vertroos en te versterk nie!

Gebed:

Here, gee my asseblief altyd ‘n blye gemoed en ‘n glimlag om ander te inspireer - selfs deur my eie swaarkry-tye!

35

## Die Woord

## 2 Timoteus 3:14-17

**VIDEO | OUDIO**

In ons vorige dagstukkie het ons gehoor hoe Paulus vermaan: **BLY WEG VAN** skyn-Christene af wat van kwaad na erger gaan, diegene wat net verdeeldheid saai en vir die gelowige moeilikheid maak (3:5). Nou beveel hy: "**BLY BY** wat jy geleer het en wat jy vas glo" (3:14). Hiermee sê Paulus nie dat ons met oogklappe deur die lewe moet gaan en nie links of regs mag kyk nie. Hy impliseer hiermee eerder dat jy gedurigdeur die Bybel moet ontgin. Dit is propvol geloofswaarhede wat die verkondiging van die Evangelie van verlossing in alle omstandighede prakties maak. Die eerste vraag wat dadelik by my opkom is: "Wat van die Ou Testament? Dit is dan argaïes en slegs van toepassing op die Jode van ouds!" Gedeeltelik is dit dalk waar. Baie van die wette en tradisies van die Ou Testament was gemik op die vooruitwys na

die Messias wat sou kom. Nogtans is die ganse Skrif, van Genesis tot Openbaring deur God geïnspireer en jy kan uit elke deel iets leer. Ons het oor die afgelope paar jaar etlike boeke uit die Ou Testament behandel in ons dagstukkies. En ek dink dat elkeen van ons wonderlike inspirasie kon put uit daardie Ou Testamentiese boeke!

Alleen deur ‘n deeglike kennis van die totale Bybel kan jy in staat wees om die gedagtes van húlle wat jou probeer mislei met allerhande dwalinge, te verwerk en tot die wortel van die waarheid te kom! Deur voortdurend die Bybel te bestudeer, sal jy in staat wees om dít wat jy geleer het en wat jy vas glo aktueel in jou lewe te maak en dit met ander te kan deel.

Wanneer ons die Bybel lees, moet ons een ding baie deeglik besef: God is Sélf aan die woord in die Bybel! Wanneer jy dus Bybelstudie doen, dan is dit die Heilige Gees wat besig is om jou toe te rus. Om dus vinnig jou Bybel oop te maak en ‘n versie te lees om jou gewete te sus, grens aan minagting

van die Heilige God. Eintlik moet ons met groot ontsag besef dat ons hier persoonlik te doen het met die allerheilige Outeur van die Bybel sélf, elke keer as ons die Bybel oopmaak.

Soos reeds gesê, het God die Bybel geïnspireer. Dit beteken dat, alhoewel Hy gebruik gemaak het van doodgewone mense om die skryfwerk te doen, Hy tóg gesorg het vir alles wat daar staan. Hy het verkies om Sy wil op hierdie manier te openbaar. Ons moet dus besef dat hierdie nie net ‘n versameling van verhale, geskiedenis, gedigte en getuienisse is nie, maar dat agter elke menslike verhaal die inspirasie van die almagtige, alwetende God sit.

As ons mooi gaan sit en dink oor die inhoud van die Bybel, dan kan jy maar net jou hande in verwondering saamslaan. Dit is geskryf oor ‘n tydperk van duisende jare en deur ‘n verskeidenheid skrywers. Sommige van hulle was hoogs geleerde manne soos Paulus. Ander was weer konings en digters soos Dawid en Salomo. Dan was daar die

eenvoudige plaasboere soos Amos en vissermanne soos Petrus en Johannes. Hierdie Skrif is gelees en verstaan deur eenvoudige mense uit die antieke tye, waar moderne tegnologie nog nie eers ‘n droom was nie. Vandag, in ons wêreld van wetenskap en kennis is dit steeds nog nét so relevant en ons leer steeds nét soveel daaruit. Absoluut niks van die wonderlike inspirasie het deur die millenia verlore gegaan nie!

Die vraag is nou: Hoe moet ek met die Bybel omgaan? Hoe moet ek dit lees? Ek dink dat die heel belangrikste beginsel is dat jy dit biddend moet doen. Ons moet te alle tye met die Goddelike karakter van die Bybel rekening hou en daarom is dit noodsaaklik om tot die Heilige Gees te bid om jou die werklike betekenis van ‘n bepaalde Skrifgedeelte te laat verstaan. ‘n Belangrike beginsel is dat jy nie jou eie mening oor ‘n bepaalde versie of gedeelte sien nie maar dat jy dit altyd in sy konteks lees. Gebruik dus gerus ‘n goeie konkordansie en

Bybelkommentaar soos byvoorbeeld die Bybellennium.

Daar is drie situasies wat ons altyd in gedagte moet hou wanneer ons die Bybel lees: Eerstens moet ons verstaan wat gebeur het toe die gebeurtenis oorspronklik afgespeel het. Die skrywer het dit dikwels eers ‘n duisend jaar later op skrif gestel, so ons moet dus verder verstaan wat die omstandighede was toe dit op skrif gestel was en wat sy boodskap vir sy lesers in daardie tyd was. Derdens moet ons dan verstaan wat die Heilige Gees vandag vir my daarmee wil sê. Hierdie kan dalk drie totaal verskillende dinge wees. Gebruik dus ‘n goeie kommentaar om jou hierdie nodige agtergrond te verskaf.

Dit is ook van uiterste belang om die reëls te ken van die verstaan van verskillende soorte geskrifte. Gedigte, geskiedenis, profesieë, gelykenisse, wysheidsgeskrifte, briewe ens. moet elkeen op sy eie unieke manier gelees en verstaan word.

En dan mag ons nooit die Goddelike en

terselfdertyd menslike karakter van die Bybel as teenstrydig beskou nie. Sien dit eerder as ‘n wonder van God waardeur Hy op verstaanbare wyse in jou leefwêreld intree om ‘n verhouding met jou te kan hê. Respekteer altyd die wonderkarakter van die Bybel deur nooit jou eie interpretasie as die enigste boodskap voor te hou nie. En laastens: **Lééf die Bybel!**

Gebed:

Here, dankie vir hierdie wonderlike Woord wat U vir ons gegee het. Leer ons om dit reg te verstaan en te gebruik!

36

# Die Here se Bevel

## 2 Timoteus 4:1-5

**VIDEO | OUDIO**

Om die Woord te verkondig is nie maar net ‘n opsie vir ‘n Christenleier nie. **Dit is ‘n bevel van God!**

Dit was winter 1966 en bitter koud in die Vrystaat. Ek was gelukkig om ‘n sagte werkie te hê om in die militêre kamp in Betlehem se sentrale te werk, terwyl my maters almal geswoeg het in ‘n skyn-oorlog by Harrismith. Op ‘n dag kom die opdrag: “Pak jou goedjies, jy ry oor ‘n uur Harrismith toe!” Ek wou nog protesteer: “Nee, dis nou rêrag nie nodig nie....,” toe blaf die offisier: “**Dis ‘n bevel!**” Jy stribbel nie teë as jy 'n militêre bevel kry nie en ‘n uur later was ek agter op die Bedford se bak op ‘n hoop voorrade op pad na Harrismith.

Agtuur die aand word ek in ‘n wagbeurt ingeboender. Dis pikdonker en ysig koud en ek sien nie die gat raak waar die kokke vrot

pampoen weggegooi het nie en ek val pens en potjies daarin! Deurnat kruip ek daar uit. En ek stink! ‘n Uur later kruip ek, steeds sopnat en stinkend in my slaapsak onder die sterre met ‘n snerpende windjie wat my byt. ‘n Lagie ys vorm oor my slaapsak. My bene pyn van die bittere koue. My geweer se ysige loop raak per ongeluk teen my gesig en ek ruk van die pyn!

Skielik gil iemand ‘n bevel: “**Die terroriste het Harrismith ingesypel! Ons moet hulle gaan uithaal!**” Vyf minute later sit ek op ‘n oop vragmotor. Die ysige wind sny soos lemmetjies deur my vel, maar ek durf niks sê nie. Vieruur die oggend val ons Harrismith binne. ’n Kort geveg volg. Een van die “terroriste” gooi ’n donderbuis na my. Dit ontplof by my voete met ‘n oorverdowende slag en beskadig my gehoor onherstelbaar sodat ek vandag steeds doof is. Die “terroriste” gee hulleself byna sonder verset oor, nie omdat ons so goed was nie maar verslaan deur die bittere koue!

Hierdie operasie was nie pret nie, dit was ‘n

pyniging in meer as een opsig! Ek het dit gedoen omdat ek die bevel gekry het. Ek het die bevel nie durf ignoreer nie anders was die detensiekamp (DB) my voorland!

Elke gelowige kry van God ook ‘n bevel, een om die Woord uit te dra. Daar is groot ooreenkomste tussen daardie bevel en die militêre een, maar ook baie groot verskille. Net soos ek die Majoor se bevel om op die mees onmoontlike tyd die dorp te gaan binneval nie durf ignoreer nie, so durf ek ook nie God se bevel om Sy Woord uit te dra op die mees onmoontlike tyd, ignoreer nie. En net soos wat daar bitter moeilike tye, pyn en selfs ongevalle betrokke is by die militêre bevel, so is dit ook soms met die uitvoering van God se bevel. Dit is beslis nie altyd maklik nie en jy kan bitter seerkry in die proses. Dit vra van jou volharding, vasbyt en deurdruk en as die “koue” voel of dit te erg word, moet jy steeds voortgaan. Dikwels vra dit van jou om op ‘n uiters ongeleë tyd die Woord te bedien, selfs soms in die middel van die nag terwyl ander mense snoesig

slaap. Dalk vra dit om jou geselligheid wreed te onderbreek. Ons mag egter in die proses nooit onbeskof en liefdeloos optree nie.

Daar is egter ook ‘n paar baie groot verskille: In die eerste plek sal jy nooit uitgevloek of gestraf word as jy weier nie. God se bevel is nie verdoemend nie maar ‘n vriendelike “asseblief” bevel. Jy gehoorsaam nie God se bevel uit vrees nie maar uit liefde. Jy doen dit nie om geestelik te kan oorleef nie maar omdat jy alrééds die geestelike lewe as geskenk gekry het. Jy is dankbaar vir wat die Here alreeds vir jou gedoen het en nou sal jy mos alles in jou vermoë doen om God te behaag, nie só nie? Inderdaad is daar soms swaarkry en seerkry, maar jy knyp oë toe en gaan voort want die doel waarvoor jy werk is ‘n heerlike een!

Jou groot doelstelling is nie maar ‘n gejaag na wind en skyngevegte nie en beslis ook nie oorlogsgeweld waar mense kan sneuwel nie! Dit is júís om lewe te bring en om vir iemand wat besig is om verlore te gaan ‘n reddingstou te gooi. Met elke mylpaal wat

bereik word in jou arbeid is daar ‘n skare van engele in die hemel wat jubel en juig! Die vyand is boonop nie maar ‘n denkbeeldige een, soos in my “oorlog” in Harrismith nie. Die vyand hier ter sprake is 'n werklikheid, die draak waarvan Johannes in Openbaring skryf, die duiwel sélf! Sy soldate is diegene wat allerhande soorte dwaalleer verkondig en mense probeer verlei na die ewige verdoemenis!

Toe ons daardie dag in Harrismith die “terroriste” finaal verslaan het, het almal gejuig. Toe moes ons gaan kamp oppak en terugry na Betlehem, waar die gewone ou vervelige militêre werk op ons gewag het. Ons het die dae pynlik afgetel na ons uiteindelike ontslag…..

O ja, die gelowige jubel en juig óók met elke oorwinning. Maar daarna word die stryd van vooraf aangepak. Die reuse verskil is egter die wonderlike vooruitsig dat wanneer die stryd die dag verby is, is dit nie maar net weer terug na die ou meulsteen toe nie. Anderkant “Betlehem” begin die glans van

die nuwe Jerusalem alreeds deurslaan. O, ek kan nie wag vir daardie wonderlike, opwindende dag nie wanneer ek vir Jesus, my Verlosser van aangesig tot aangesig sal sien en by Sy voete sal kan gaan sit. Sal Hy dan vir my kan sê: “Mooi so, my goeie en getroue dienskneg! Jy het getrou gedoen wat Ek van jou gevra het!”

Gebed:

Here, gee asseblief vandag vir my ‘n brandende passie in my hart om U bevel getrou en met volle ywer uit te voer!

# 37

## Wedloop van die Lewe

## 2 Timoteus 4:6-8

**VIDEO | OUDIO**

Paulus is in die dodesel en wat presies op hom wag, weet hy sélf nie! Gaan hy onthoof word? Moontlik vir die leeus gevoer word soos wat só baie van sy mede-gelowiges te beurt geval het? Of sou hy dalk ook met teer besmeer word en aan die brand gesteek word om te dien as ‘n lewende straatlig? Enige oomblik kan sy tronkhek oopswaai en die soldate hom uitsleep. Paulus ontken nie die feit dat sy dood op hande is nie en hy ignoreer dit ook nie. Hy praat daaroor, gesels daaroor en maak dit effektief deel van sy verkondigingstrategie. Hy staan immers in diens van God in lewe en in sterwe!

‘n Mens se hele lewe behoort ‘n offer te wees tot eer van God. Dit is dáárom dat Paulus dan ook simbolies sy laaste dae sien as deel van die Ou Testamentiese voorskrifte van die offerproses, waar ’n drankoffer vir die Here

uitgegiet word. So wil hy ook vir oulaas ‘n lieflike offer wees en só tot die laaste minuut nog bruikbaar wees vir die Here.

Vir baie mense beteken ouderdom om op die stoep te gaan sit, hande gevou en te sê: “Nou het ek genoeg gedoen, nou rus ek!” So ‘n stoepsittery kan dikwels baie jare aanhou, jare wat baie vrugbaar deurgebring kon word. ‘n Mooi voorbeeld van iemand wat besluit het dat sy lewe nie op ‘n stoepsittery kan uitloop nie, is Ds. Samuel Blom. Na sy aftrede het hy in Durban gaan bly. Tot sy skok moes hy sien hoedat die eens-borrellende Middestadgemeente in Smithstraat doodgegaan het, bloot omdat daar nie geld was nie. Hy het dadelik ingespring en begin werk om herder te wees van ‘n brandarm gemeente wat nie eers die ou kerkgebou kon onderhou nie. Van enige vorm van vergoeding vir hom as leraar was daar géén sprake nie, maar hy het sy werk vir etlike jare met liefde en vreugde gedoen sonder vergoeding.

Paulus sê in vers 6 dat die tyd van sy dood

voor die deur is. Die woord wat hy hier gebruik is een wat letterlik beteken dat ‘n skip wat op die punt staan om uit die hawe te vertrek, losgemaak word van die kaai. As jy al op ‘n kaai gestaan het, sal jy weet dat dit dalk nou nie een van die mooiste plekke is nie. Dis stowwerig, vuil, rof en verinneweer deur duisende skepe wat daar al deur die jare vasgemeer was. Wanneer daardie skip losgemaak word, kies sy koers na die wye oop oseaan waar die vars, skoon water teen haar boeg opspat en die seebries vars ruik, baie anders as die stinkende ou hawe!

In jou lewe is jy ook vasgebind aan baie dinge. Daar is jou besittings, skuld, sonde, mense, familie, geliefdes, selfs jou eie liggaam! Jy moet voorbereid lewe sodat jy nie te styf “vasgemaak” is aan jou geld en aardse besittings nie anders kan só ‘n losmaakproses baie moeilik wees! Onthou ook altyd dat wanneer ‘n boot wegvaar, dit nie vir ewig vaarwel is nie en dat haar passasiers weer op ‘n ander bestemming mekaar sal sien. Die heilige Woord van God

belowe immers dat ons mekaar weer sal sien, só lees ons onder meer in 1 Tess 4:16-17.

Net soos wat ‘n pragtige passasiersboot haar plek aan die kaai volstaan en dit voel asof haar vertrek ‘n reuse leemte daar gaan laat, so voel dit dikwels ook vir jou. Jy voel dat jou vertrek ‘n groot verlies vir almal gaan wees. Wie sal óóit by jou kan oorneem? Gaan die kaai leeg en verlate wees sonder jou? Niemand is onvervangbaar nie en weldra is die spasie weer gevul, dalk selfs nog deur ‘n mooier en luukser boot!

Ja, maar die lewe is ook soos ‘n wedloop, so sê Paulus. Hy hardloop alreeds daardie laaste entjie van die pylvak. Voor hom wink die eindstreep nader en nader en dit is met groot opgewondenheid wat hy sy laaste kragte inspan. Dit was vir Paulus ‘n uitmergelende wedloop, maar hy het vasgebyt tot die bittere einde!

Ek en jy is ook nog in daardie wedloop. Dikwels is die opdraendes sieldodend. Soms voel dit asof jou geloofspiere net eenvoudig

nie ‘n tree verder kan gaan nie, maar dan doem ‘n waterstalletjie uit die bloute op en jy kry weer krag om met moed aan te gaan. Ons geloofswedloop is in baie opsigte soos die Comrades. Sommige mense gaan totaal onvoorbereid in daardie wedloop in en val sommer vroeg-vroeg al uit. Ander oefen hard daarvoor en hulle pluk die vrugte by die wenstreep.

Net soos wat atlete, dikwels totaal onbekendes mekaar bystaan, ondersteun en aanmoedig in die Comrades, so is daar medegelowiges op jou geloofswedloop wat jou gedurig aanmoedig en ondersteun. Dit is van uiterste belang dat jy nooit probeer om hierdie wedloop alleen te hardloop nie. Gelowiges versterk mekaar. Daar is egter een baie groot verskil: in die Comrades is dit jou eie krag wat jou by die wenstreep kry. In die geloofswedloop is dit egter God se krag wat jou daar kry! Jy moet net gewillig wees om te hardloop.

Laastens is daar die prys: vir sommige is dit ‘n goue medalje, vir ander ‘n sertifikaat. Vir

elkeen wat die Comrades voltooi wag daar egter ‘n prys. Vir elkeen wat die geloofswedloop voltooi wag daar óók ‘n wonderlike prys, die Ewige Lewe saam met Christus. En vir diegene wat die wedloop met onderskeiding voltooi het, wag daar nog baie meer!

Gebed:

Here, maak my gewillig om al my krag te gee in die wonderlike wedloop van die geloof!

# 38

# Entoesiasme

## 2 Timoteus 4:9-13

**VIDEO | OUDIO**

Wat maak dat ‘n evangeliebedienaar “die wêreld liefkry”? In Kol. 4:14 asook in Filemon 24 lees ons van Demas, waar Paulus terloops meld dat hy by hom is. Ons weet eintlik baie min van hom, buiten dat hy waarskynlik vir Paulus bygestaan het. Nêrens hoor ons dat hy ‘n “probleem” was nie, dus was hy seker maar ‘n “goeie” mens. Maar nêrens sien ons ook dat hy uitgestaan het in Koninkrykswerk nie. Hy was maar net daar. Klaar! Hy het bloot sy werk gedoen. En toe dinge begin warm word vir Paulus, besluit Demas dat die wêreld daar buite tóg maar ‘n beter, of eerder dalk veiliger plek is. Hy los vir Paulus soos ’n warm patat toe hy hom die nodigste gehad het en vertrek na Tessalonika!

Dis baie gevaarlik om lou te wees in jou geesteslewe! Sodra die druk te groot begin

raak, hetsy sosiale druk, finansies of bloot begeertes, dan kom die gevaar dat jy die pad begin byster raak en terugdwaal na jou ou sondige lewe. En as jy eers dáár is, dan is dit tien keer so moeilik om terug te keer na die Here, want jy is skaam omdat jy afgedwaal het. Wat gaan die mense sê? Ek het dit al talle kere gesien en dis selde dat só ‘n persoon óóit weer ‘n vrugbare geestelike lewe lei.

Wat is dan die antwoord? Moenie “lou” lewe nie! Leef voluit en entoesiasties vir die Here! Jy kan ‘n vol geestelike lewe leef sonder om werklik in te boet op jou alledaagse lewe. Ek ken talle mense wat voluit vir die Here leef maar terselfdertyd die lewe geniet in sy volheid. As ek van my eie lewe kan getuig: dit verg van my elke oggend ‘n uur of twee om die dagstukkies te skryf en dikwels moet ek my aande opgee vir die een of ander kerkvergadering. Sondae moet ek die hele erediens deurworstel agter videokameras en my rekenaar en wanneer almal agterna ontspan, sit ek en video’s redigeer, dikwels

tot laat Sondagmiddag. Ek spandeer soms baie ure om ‘n ringsvergadering vir die Durban streek te organiseer, verslae op te stel, notules te skryf en oor en weer briewe te stuur.

Maar ek het steeds oorgenoeg tyd om die lewe voluit te geniet. En die beste van alles is dat ek my gate uit geniet wanneer ek die dagstukkies skryf! Dis die heerlikste werk wat die Here óóit vir my kon gee! Ek geniet boonop ook die twee nuusbriewe wat ek elke week moet opstel, die videowerk en selfs die kerkvergaderings, want ek kan op al die terreine my kreatiwiteit ten volle uitleef!

Paulus skryf nie net van Demas nie, hy noem ook van Kressens en Titus wat vertrek het. Hulle vertrek was egter baie anders as dié van Demas want hulle het vir Paulus kom besoek om laaste opdragte van hom te kom kry en nou het hulle dit gaan uitvoer, elkeen in sy eie gemeente. Vir Tigikus het hy na Efese gestuur om vir Timoteus af te los sodat hý weer vir Paulus kon kom kuier. Tigikus was sekerlik baie opgewonde hieroor want

dit was ‘n heerlike uitdaging! Paulus het ook vir Timoteus gevra om vir Markus saam te bring, waarskynlik Johannes Markus wat Paulus op sy eerste sendingreis vergesel het.

En dan was daar Lukas, die dokter wat tot op die laaste nog vir Paulus bygestaan en dikwels sy briewe vir hom geskryf het omdat Paulus se oë te swak was. Om te skryf wat iemand vir jou dikteer, is maar ‘n saai werk, nie juis iets waarmee jy ‘n mediese dokter assosieer nie! Maar ek dink dat dit dalk iets in Dokter Lukas wakker gemaak het, iets wat sy vingers laak jeuk het om sélf ‘n stukkie skryfwerk aan te pak. Later het hy dan ook verder navorsing gedoen oor die lewe van Jesus, sy Verlosser. Hy het met Maria en baie ander gaan gesels om so eerstehandse inligting te kry van wat presies alles gebeur het. Uiteindelik het hy die wonderlike Lukas-Evangelie geskryf. Dit was só ‘n reuse sukses dat hy daarna die boek Handelinge geskryf het. Baie van die gebeure in Handelinge, het hy eerstehands saam met

Paulus beleef omdat hy dikwels by Paulus op sy reise aangesluit het. Uiteindelik beslaan Lukas se skryfwerk in volume selfs meer as dié van Paulus! Lukas het ‘n vol, ryk en opwindende lewe gehad, bloot omdat hy bereid was om sy deel te doen vir die Evangelie!

Wanneer Paulus vir Timoteus skryf van hierdie mense, weet ons dat hy die dood afwag. Enige oomblik nou...... Nogtans sit hy nie stil en kerm oor dít wat vir hom voorlê nie. Hy leef steeds asof daar nog baie tyd oor is. Hy vra vir Timoteus om sy reismantel saam te bring asook sy boeke en perkamente. Daar is werk om te doen! Daar is nog sovéél wat hy wil bereik. Die Here se werk moet voortgaan!

Paulus se ongelooflike toewyding is ‘n voorbeeld en inspirasie vir elke Christenleier. Absoluut niks op aarde kon sy aandag van sy werk vir die Here aftrek nie, nie die tronk nie en óók nie uitmergelende straf nie. Nie eers die naderende marteldood kon sy entoesiasme blus nie!

Die vraag wat ek en jy onsself vanoggend moet afvra, is hoe entoesiasties óns oor die Evangelie is? Is dit maar net ‘n lou “doen-oorlat-ek-dit-móét-doen” soos in Demas se geval? Of brand daar ook die vuur van entoesiasme in ons soos in Kressens, Titus, Timoteus, Tigikus, Markus en Lukas? Hulle entoesiasme het miljoene mense se lewens verander. Het jou entoesiasme al ‘n verandering in iemand se lewe teweeg gebring?

Gebed:

Here, ek wil nie maar net ‘n geestelike bestaans-lewe voer nie. Gee asseblief vir my ‘n vuur in my hart om met brandende entoesiasme U werk te doen!

39

# Vergifnis

## 2 Timoteus 4:14-22

**VIDEO | OUDIO**

Dikwels voel ek en jy baie bitter oor dinge wat mense ons aangedoen het of dalk omdat hulle die saak van die Here skade berokken het. Partymaal is dit mede-gelowiges wat die pad byster geraak het en in die proses mense seergemaak het. Hoe tree jy op teenoor sulke mense? Ek het al soveel hartseer gesien van persone wat seergemaak is, verwerp is deur ouers, mishandel is deur ‘n eggenoot ens. Hoe hanteer jy sulke liefdeloosheid?

Paulus sluit sy testament af met ‘n paar sulke hartseer sake. Dit was gebruiklik dat ‘n testament in antieke tye afgesluit word met reëlings oor optrede teenoor teenstanders. So byvoorbeeld lees ons in 1 Kon. 2:1-8 van Dawid toe hy op sy sterfbed gelê het en sy testament aan sy seun Salomo verduidelik het. Joab, een van sy vertrouelinge het uit

magsug wreedaardig moord gepleeg en Salomo kry opdrag om hom en Semeï tereg te stel. Die seuns van Barsillai moet egter beloon word ten spyte van hulle laakbare optrede.

In Paulus se testament is daar óók twee verskillende soorte optredes teenoor mense wat hom kwaad aangedoen het en sodoende die bediening benadeel het. Oor sommige bid hy dat die Here hulle sal vergeld vir hulle dade terwyl hy oor ander bid dat die Here hulle dade nie sal toereken nie.

Wanneer bid jy dat die Here iemand sal straf en wanneer bid jy vir vergifnis? Is dit reg van my om te mag bid dat die Here iemand sal vergeld vir sy dade? Ongelukkig gee Paulus nie veel detail wanneer hy oor Aleksander die kopersmit praat nie, maar ons kan aflei dat hy nie noodwendig vir Paulus persoonlik leed aangedoen het nie. Hy het egter die prediking baie skade berokken! In vers 15 skryf Paulus baie beswaard: “Hy het ons prediking heftig teengewerk!” Sulke dinge durf nie geduld word nie en as die saak van

God skade lei, veral wanneer iemand dit willens en wetens aktief doen, dan mag ons nie stilbly nie! Sulke dinge verg dat ons moet optree. Hy waarsku dan ook vir Timoteus om baie versigtig te wees vir hierdie gevaarlike man en sy gebed is dat die Here hom sal vergeld vir dit wat hy gedoen het.

Aan die ander kant het ons mense wat vir Paulus persoonlik baie seergemaak het. Hierdie is mense op wie hy sy vertroue geplaas het om hom by te staan tydens sy uitmergelende hofsaak. Hy het gedink hulle is sy vriende, maar hulle het net eenvoudig verdwyn toe sy nood die grootste was! Dis ‘n gróót seer, maar hoe tree Paulus op teenoor hulle? Hy bid dat die Here hulle sal vergewe!

Dikwels word ons baie seergemaak deur mense. “Ek sal nie weer met hom praat nie!” het ek al dikwels ‘n gelowige hoor sê. As dit is hoe jy voel, dan vra ek dat jy dalk net vir ‘n rukkie gaan sit en bepeins oor al die kere wat jy die Here nog soveel méér seergemaak het deur jou eie sonde! Hoeveel keer het jy Hom nie al verloën nie? Hoeveel keer in jou lewe

het jy nie al geluister hoedat iemand ‘n bespotting maak van die heilige Naam van God en dan maak jy asof jy dit nie hoor nie? Soveel kere in my eie lewe het ek die Here al bitterlik teleurgestel. Uit Sy groot, groot genade het Hy nog elke keer gekom en my vergewe. In Jesaja 1:18 belowe die Here: “Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu”. Hy vergewe volkome en Hy dink nie weer aan die sondes nie. Ons bid: “Vergewe ons ons sondes, **soos ons ook diegene vergewe wat teen ons sondig.**” Jesus het ons immers só leer bid. Maar doen ons dit? Is ek en jy bereid om iemand te vergewe wat my te na gekom het? As ons ernstig is oor ons geloof, sal ons nooit, óóit met ‘n wrok in die hart rondstap nie en sal ons bereid wees om sélf volkome te vergewe!

In die slot van sy treffende testament vergeet Paulus totaal van die dinge wat sy teenstanders hom aangedoen het en hy maak geloofsuitsprake oor sy vertroue op God. Wat hulle betref, laat hy dit in die Here

se hande. Wraak en vergelding kom hom immers nie toe nie! Sy vertroue stel hy op die Here, want van Hom alléén kry hy sy krag. Selfs wanneer sy prediking deur mense benadeel word, kom dit steeds tot volle reg omdat God hom hierin bystaan.

Paulus het volle berusting oor sy naderende dood, want die Here het hom uit die “bek van die leeu” gered. Moontlik nie fisies uit die "bek" van die wrede Nero nie maar wél uit die kake van 'n véél wreder "leeu", Satan! Paulus vestig sy hoop op ewige waardes, want die Here sal hom uit die mag van die grootste vyand ruk en hom na Sy hemelse Koninkryk neem!

Vir oulaas stuur Paulus groete aan die liewe mense wat vir hom deur die jare so dierbaar was: Priscilla, Akwila en al die ander wat hulle álles gegee het vir die Koninkryk van God. En nou gee hy die aflosstokkie vir Timoteus aan. Dit rus op hierdie entoesiastiese jongman se skouers om die wedloop voort te sit en te voltooi. Timoteus het dit inderdaad gedoen! En nou? Nou is die

stokkie in jóú hande. Wat gaan jý daarmee maak?

Gebed:

Here, gee my asseblief krag en wysheid om die wedloop wat Paulus en Timoteus gehardloop het te voltooi. Ek wéét dat die oorwinnaarskroon vir my wag!

40

## Wie was Timoteus?

**Kyk na die VIDEO**

**Luister na die OUDIO**

Hier onder volg 'n gedetailleerde opsomming van die lewe van Timoteus:

### 1. Agtergrond en Familie

Timoteus is gebore uit 'n gemengde Joodse en heidense familie. Sy ma, Eunice, was Joods, en sy ouma, Lois, word ook genoem in die Nuwe Testament. Hulle word geprys vir hulle opregte geloof wat hulle aan Timoteus oorgedra het (2 Timoteus 1:5). Sy pa was 'n Griek (Handelinge 16:1), wat Timoteus 'n produk van 'n kultureel diverse agtergrond gemaak het.

### 2. Ontmoeting met Paulus

Timoteus se ontmoeting met Paulus word opgeteken in Handelinge 16:1-3. Paulus ontmoet Timoteus tydens sy tweede sendingreis wanneer hy in Listra, 'n stad in die huidige Turkye, aankom. Timoteus word

reeds deur die gelowiges in Listra en Ikónium aanbeveel. Paulus neem Timoteus saam op sy sendingreis, en hy word besny as gevolg van sy Joodse erfenis om onnodige kontroversie onder die Jode te vermy.

## 3. Medewerker van Paulus

Timoteus word 'n vertroude medewerker en metgesel van Paulus. Hy gaan saam met Paulus op verskeie van sy sendingreise en help hom om die evangelie te verkondig en gemeentes te stig. Paulus verwys na Timoteus as sy "seun in die geloof" (1 Timoteus 1:2; 2 Timoteus 1:2) en vertrou aan hom belangrike take toe.

## 4. Leierskapsrolle

Timoteus word aangestel as die toesighouer (moontlik biskop?) van die gemeente in Efese, 'n belangrike en invloedryke stad in die vroeë Christelike wêreld. Paulus skryf twee briewe aan Timoteus, bekend as 1 Timoteus en 2 Timoteus, waarin hy pastorale leiding, aanmoediging en instruksies vir die effektiewe bestuur van die kerk gee.

## 5. Karakter en Kwaliteite

Timoteus word beskryf as 'n toegewyde en gelowige dissipel van Christus, wat diep betrokke is by die diens van die Here en sy mense. Paulus prys sy ware geloof, nederigheid en ywer in die bediening. Ten spyte van sy jong ouderdom verdien Timoteus die respek van sowel Paulus as die gemeentes waarvoor hy werk.

## 6. Uitdagings en Beproewinge

Timoteus staar verskeie uitdagings en beproewinge in sy bediening in die gesig, insluitende teenkanting van valse leraars, interne konflikte binne die kerk en die druk om gesonde leer en morele standaarde te handhaaf. Paulus moedig hom aan om volhardend in geloof en deursettingsvermoë te wees, en herinner hom aan sy roeping en die belangrikheid om vas te staan in die waarheid.

## 7. Erflating

Timoteus se erflating strek verder as sy eie leeftyd. Sy getroue diens en leierskap laat 'n

blywende indruk op die vroeë Christelike gemeenskap. Sy voorbeeld inspireer volgende generasies van gelowiges om Christus volkome te volg en getrou sy kerk te dien.

## 8. Opsomming

In opsomming, Timoteus tree na vore as 'n sleutelfiguur in die vroeë Christendom, bekend vir sy toewyding aan die evangelie, sy samewerking met die Apostel Paulus en sy leierskap in die kerk. Sy lewe illustreer die eienskappe van getrouheid, nederigheid en deursettingsvermoë in die aangesig van uitdagings, en laat 'n ryk erflating van Christelike dissipelskap en bediening agter.

**Bron:** ChatGPT, ‘n kunsmatige intelligensie taalmodel van OpenAI. Al ons vertaalwerk word ook deur ChatGPT gedoen en dan deur Bettie Nel geredigeer.

Hiermee dan ook 'n gróót dankie aan Bettie wat elke dag ure tyd spandeer om al my dagstukkies en ander skryfwerk noukeurig te redigeer!

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.

Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

zapper™